# DIE ONTWIKKELING VAN 'N PLATTELANDSE TAK VAN DIE ACVV 1900 - 1996

deur

ALETTE MARJORIE DU PLESSIS

VOORGELê TER VERVULLING

van die

VEREISTES VAN DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM

MAATSKAPLIKE WERK

in die

FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT RHODES

Studieleier: Prof. W.A. Mitchell

Grahamstad

Desember 1996

## DANKBETUIGING:

Dank en groot waardering is aan die volgende persone verskuldig:

- Prof. W.A. Mitchell vir baie geduld, ondersteuning en positiewe leiding met die skryf van die verhandeling.
- Die ACVV Cradock wat reeds 96 jaar diens lewer aan die gemeenskap en by wie ek geleer het hoe kosbaar die onbaatsugtige diens van vrywilligers is.
- Mev. A. van Heerden vir ondersteuning en rigtinggewende leiding.
- My ouers wat my deurgaans bygestaan het in die beoefening van my beroep.
- Marjorie en Herman, die kinders van 'n werkende moeder.

## INHOUDSOPGAWE


Dankbetuiging 2
Inhoudsopgawe 3
Opsomming 5

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIëNTERING
Algemene inligting 7
Keuse van navorsingsonderwerp 7
Doel van studie 8
Metode van ondersoek 9
Begripsomskrywing 10
Begrensing van die studie 11
Indeling van die studie 13

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1900 TOT 1940: STIGTINGSJARE
Geskiedenis en ontstaan 14
Inleiding 14
Behoeftes wat gelei het tot die stigting van vrouekomitees en protesvergaderings 15
Die omstandighede waarin die gemeenskap van Cradock gewoon het tydens en rondom die stigting van die ACVV 17
Die stigting van die ACVV Cradock 20
Die stigting van die ACVV in Kaapstad 22
Gesinsorgwerk 25
Gemeenskapswerk 28
Inleiding 28
Opvoedingsdienste 30
Algemeen 30
Betrokkenheid van die ACVV by die voorsiening van onderwysgeriewe in 'n landelike omgewing 32
Aanmoediging van leeslus 34
Residensiële sorg 35
Samevatting 37

HOOFSTUK 3

DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1940 TOT 1990: PROFESSIONALISERING
Inleiding 41
Aanstelling van maatskaplike werkers 42
Gesinsorgwerk 46
Werkklasse 47
Kinderklubs 52
Kinderkampe 54
Bejaardegroepe 55
Christelike Alkoholiste Diensaksie/Vereniging 57
Residensiële sorg gedurende die tydperk 1940 tot 1990 59
Samevatting 61

## HOOFSTUK 4

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1990 TOT DIE HUIDIGE: HERPRIORISERING EN REKONSTRUKSIE

Inleiding 65
Werksgebied 67
Spanbenadering en rolspelers binne die Cradock ACVV-opset 68
Bestuur 69
ACVV-hoofbestuur 71
Direktoraat / Hoofkantoor 72
Takbestuur 72
Die vrywilliger as rolspeler binne die ACVV-struktuur 74
Werwing van vrywilligers 75
Opleiding 78
Plasing 79
Struikelblokke wat voorkom by die benutting van vrywilligers in die landelike gebiede van die Oos-Kaap 80
Dienste waarby die vrywilligers op Cradock en in die landelike gebiede van die Middelland by betrokke is 82
Die Streekverteenwoordiger as rolspeler binne die ACVV 84
Personeel as rolspelers binne die ACVV-struktuur 85
Diensvelde 88
Gesinsorg 89
Groepwerk 91
Gemeenskapswerk 93
Samevatting 95

## HOOFSTUK 5

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Inleiding 101
Gevolgtrekkings 101
Die invloed wat die geskiedkundige ontwikkeling van die ACVV as basis vir primêre maatskaplike dienste uitgeoefen het 101
Die mate waarin die huidige struktuur die ACVV in staat stel om die primêre maatskaplike dienste te lewer 104
Aanbevelings 106
Basis vir voortbestaan 106
Die lewering van maatskaplikewerkdienste 107
Werkgebied 107
Rolspelers 108
Personeel 109

BRONNELYS 111

BYLAE 1 116

Betrokkenheid by die aanstelling van maatskaplike werkers deur die ACVV Cradock vanaf 1943-02-01 tot einde Maart 1996.

## OPSOMMING

Die ACVV is een van die oudste gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika en die oudste vrouewelsynsvereniging. Die organisasie is in 1904 gestig, maar dit word bewys dat dit in werklikheid ouer is. Die ontstaan is die gevolg van noodlenigingswerk wat in sovele Kaaplandse dorpe en stede aangepak is deur die Afrikaanse vroue om sover moontlik die smarte van die Anglo-Boere-oorlog te verlig. Dit was veral in die jare 1900 en 1902 toe plaaslike komitees in verskeie dorpe gestig is om eetware, klere en leesstof aan die krygsgevangenes in die kamp te stuur en later aan die vroue in konsentrasiekampe.
Hieruit kan afgelei word dat die organisasie ontstaan het met oorlewing as oogmerk. Toe die oorlog verby is, het die begeerte posgevat om van hierdie komitees iets blywends te maak.
Lambrechts en Theron (1959:31) bepaal dat daar drie tydperke onderskei word by die nagaan van die werksaamhede van die ACVV. In die bestudering van die plaaslike omstandighede word die stelling as waar bewys, maar word die tydperke aangepas om die situasie in 'n wyer spektrum waar te neem.
Die eerste tydperk word hoofsaaklik gekenmerk deur die groei van die vereniging en die reëlings wat getref is vir die doeltreffende organisasie van die werk wat verrig is deur vrywillige werkers. Die tweede tydperk val saam met 'n algehele nuwe benadering teenoor welsynswerk wat gevloei het uit die vermeerderde kennis en studie van Sosiale Wetenskappe en die vraagstuk van verarming in Suid-Afrika na die jare van droogte en depressie.
'n Derde tydperk is geïdentifiseer waarin die land tred gehou het met die wêreldtendens waarin die staat 'n groter aandeel in welsynsdienste begin neem het. 'n Toenemende toepassing van die beleid van staatshulp aan partikuliere organisasies is 'n erkenning van staatsweë dat daar bepaalde take is wat beter deur hierdie organisasies vervul kan word. Dit het ACVV-takke in staat gestel om maatskaplike werkers aan te stel in gesubsidieerde poste. Die ACVV se dienste het gedurig ontwikkeling getoon en het noodleniging, gesinsorgdienste, groepdienste en residensiële sorg ingesluit. Dienste het sekondêr ontwikkel en baie klem is op bejaardesorg geplaas wat onder andere die oprigting en bestuur van tehuise en dienssentrums tot gevolg gehad het. Gesinsorgwerk vorm die eintlike kern van die werksaamhede van die ACVV, want al sy ondernemings het ten doel die bevordering van 'n gesonde gesinslewe. Dienste van die vereniging aan die individuele gesinslid het steeds ten doel om beter by sy gesin, en gevolglik ook beter by die samelewing aan te pas.
'n Duidelike ontwikkeling word beskryf wat vanaf 1990 tot 'n punt van verdere veranderinge gedryf word deur omstandighede buite die ACVV. Die belangrikste hiervan is 'n dramatiese verandering in regeringsbeleid waarby die ACVV moes aansluit. Dit het wesentlike aanpassings meegebring op die gebied van werksarea en die kliëntesisteem, aangesien die ACVV in die verlede hoofsaaklik in die behoeftes van die blanke kultuurgroep voorsien

het. Later het subsidievereistes die vereniging verhoed om buite hierdie beperkings te werk. Die aanpassings het egter nie tot gevolg gehad dat die vereniging doelstellings, waardes en norme moes laat vaar nie.

Verskeie rolspelers is betrokke by praktiese en basiese dienslewering tot besluitneming op die hoogste vlak. Die ACVV se struktuur het grootliks dieselfde gebly met die Kongres as hoogste gesag. Die dienste van die Hoofbestuur het sodanig uitgebrei dat dit leiding kon bied aan takke op grondvlak.

Dit is deurgaans duidelik dat die vrywillige werker binne die organisasie die kern en basis vorm waarop die vereniging voortbestaan. Die ACVV sal in die toekoms steeds 'n rol het om te vervul in 'n veranderde omgewing wat uitdagings bied vir dienslewering en waar uitgebreide behoeftes ten opsigte van maatskaplike ontwikkeling bestaan.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE ORIëNTERING

### Algemene Inleiding:

Die ACVV is een van die enkele welsynsorganisasies wat maatskaplike werkdienste lewer in die plattelandse gebiede van die Kaap Middellande. Tot enkele jare gelede was die organisasie, buiten die staat, die enigste organisasie wat dienste op Cradock aan die blanke kultuurgroepe gelewer het. In die plattelandse gebied waar die ACVV gevestig is op meeste plattelandse dorpe, het die Christelike Maatskaplike Raad van die NG Kerk slegs in een dorp ook dienste aan die blanke gemeenskap gelewer. Die Kinder- en Gesinsorgverenigings wat in die area funksioneer het, het grootliks dienste aan die bruin gemeenskappe gelewer terwyl die staat verantwoordelik was vir die mees agtergeblewe gemeenskappe.

Die ACVV as organisasie wat welsynsdienste lewer, het vanaf 1979, ten spyte van heersende politieke voorskrifte, besluit om sy dienste oop te stel aan mense van alle rasse en aan alle agtergeblewe gemeenskappe. In die Kaap Middellandse plattelandse gebiede het dit eers veel later gerealiseer en het die ACVV ook in hierdie areas begin om verandering te implementeer ten einde in uitgebreide maatskaplike behoeftes te voorsien. Hoewel die ACVV by uitstek Christelike beginsels nastreef, is die vereniging nie verbonde aan 'n spesifieke kerkgenootskap nie en lewer diens aan persone van alle denominasies en geloofsoortuiginge.

Die ACVV handhaaf beginsels waarop sy naam gevorm is, maar is 'n dinamiese vereniging wat homself beskikbaar stel vir verandering binne die konteks van die beginsels vervat in die grondwet.

### Keuse van Navorsingsonderwerp:

Ten spyte daarvan dat die ACVV op Cradock reeds sy beslag gekry het in 1990, is geen historiese navorsing gedoen ten opsigte van hierdie tak as sulks nie. Lambrechts en Theron (1959) het 'n ondersoek geboekstaaf wat die ontwikkeling van die ACVV tot 1959 saamgevat het. Cradock, as belangrike skakel in die stigting van die organisasie as geheel, is genoem in die studie. Omdat Cradock so 'n pertinente rol binne die vorming van die vereniging gespeel het, is dit as noodsaaklik geag om die geskiedenis van die tak te beskryf sodat dit beskikbaar is vir naslaandoeleindes, intern aan lede en personeel maar ook aan studente wat praktiese werk in die area doen. 'n Vergelykende historiese ontleding word gedoen nadat wesenlike veranderings in die breë gemeenskap voorgekom het, veral op politieke en ekonomiese gebied wat die ACVV, ook op die platteland, direk

geraak het. Aanpassings, wat ook struktuurveranderings genoodsaak het, moes oorweeg en aangebring word.

Om te bepaal of die vereniging bereid of in staat sal wees om 'n paradigma skuiwe te maak, is dit nodig om te besin oor die mate waarin hulle in staat was om in die verlede veranderings aan te bring. Die werksarea en rolspelers wat betrokke is, sou bepalend wees of die ACVV in staat sal wees om dienste uit te brei na dié gebiede wat in agtergeblewe omstandighede leef.

Baie onsekerhede bestaan binne ACVV-geledere en gemeenskappe waarbinne die ACVV-takke funksioneer as gevolg van veranderde omstandighede wat voorkom in die breë gemeenskap van Suid-Afrika. Dit is nodig dat wetenskaplike bewyse voorgelê word ten einde hierdie onsekerhede uit te skakel en takke met versekering toe te rus dat hulle oor die vermoë, die werkkrag, finansies en kundigheid beskik om voort te gaan met dienste in die totale gemeenskap waarvoor hulle soveel erkenning ontvang het in die verlede.

Die organisasie is binne neerdrukkende oorlogsomstandighede gestig waarna 'n depressie en langdurige droogtes grootskaalse armoede tot gevolg gehad het. Die studie kan as aanmoediging dien dat die ACVV, soos in die verlede, deel sal neem aan die grootskaalse ontwikkelingsaksie ter opheffing van die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die ACVV skram nie weg van verandering ten einde doelwitte te bereik nie, maar kan aanwysings en aanbevelings benut ten einde te beplan vir die toekoms en daardeur kundigheid en vaardighede verbreed.

## Doel van Studie

Die onderliggende doel van die studie is om vas te stel hoe die ACVV se struktuur, wat uit primêre maatskaplike nood ontwikkel het, benut kan word om in die toekomstige welsynbehoeftes van die totale gemeenskappe in die plattelandse gebiede van die Kaap Middellande te voorsien. Om dit te kan doen, word daar gekyk na wat die huidige verwagting is ten opsigte van voorsiening in primêre maatskaplike behoeftes. ACVV Cradock wat 'n leidende rol vervul het in die totstandkoming van die vereniging, word as uitgangspunt gebruik.

Die volgende doelwitte word as basis gestel vir die ondersoek:

- Om die geskiedkundige ontwikkeling van die ACVV as basis vir primêre maatskaplike dienste te ondersoek.
- Om 'n geskiedkundige studie te doen oor die lewering van maatskaplikewerkdienste met die ACVV Cradock as voorbeeld.
- Om die rol van die ACVV te bepaal met betrekking tot die opbou van die gesinstruktuur na 'n tydperk van ekonomiese insinking en grootskaalse armoede.
- Om 'n verband te trek tussen die probleme wat in die verlede voorgekom het in vergelyking met die huidige primêre behoeftes van die totale gemeenskap.

- Om te bepaal tot welke mate die huidige struktuur van die ACVV die organisasie in staat stel om primêre dienste te lewer.
- Om te bepaal of die ACVV ten spyte van veranderings en besnoeiings in staatsbeleid, die program van innovasie en verbreeding van dienste sal voortsit.

**Metode van Ondersoek:**

Om die navorsingstudie moontlik te maak, is 'n prosedure gevolg wat hoofsaaklik ontwikkel is na aanleiding van riglyne soos voorsien deur Leedy (1993: 223 - 239) ten einde 'n histories-vergelykende studie te doen. Daar is grootliks gebruik gemaak van historiese inligting om die doel van die studie te bereik. Gebruikmaking van notuleboeke vanaf 1903 tot 1996 het die basis gevorm van inligting waarop die studie gevorm is. Dit het notules ingesluit van takvergaderings, bestuursvergaderings en sub-komitees wat oor verskillende aspekte van die werksaamhede verslag gedoen het. Diensvertakkinge is hierby ingesluit.

Kwartaalblaaie van die ACVV is beskikbaar vanaf so vroeg as 1938 en was aan die begin ingestel op die weergawe van ACVV-takke se ontwikkeling op verskeie gebiede. Dikwels is projekte en dienste wat gelewer is, volledig beskryf. Omdat die aantal takke in verhouding toe minder was en Cradock as een van die leidinggewende takke bekend gestaan het, is baie melding van dié dorp se welsynsbedrywighede opgeneem in hierdie geskrifte. Die tydskrif se naam is later verander na Vroue Volksdiens en heet tans FVR-Forum.

Navorser was 12 jaar maatskaplike werker van die ACVV Cradock en het dus ontwikkeling persoonlik deurgemaak. Gedurende haar werkstermyn is navorsing gedoen vir die aanstelling van 'n maatskaplike werker in 'n tweede gesubsidieerde pos. 'n Klemverskuiwing het gedurende die tydperk plaasgevind van suiwer gevalle- en groepwerk na gemeenskapswerk wat veral 'n behoeftebepaling vir 'n nuwe tehuis vir bejaardes ingesluit het. Navorser is vanaf 1994 aangestel as streekverteenwoordiger nadat mev. Van Heerden die amp neergelê het. Dit het die toegang tot beskikbare inligting soos onder andere omsendbriewe, maand- en jaarverslae, statistieke, borsjures en tydskrifte met die toestemming van ACVV-takke vergemaklik, veral omdat die streekkantoor deel van die ACVV-kompleks op Cradock vorm.

Persoonlike onderhoude met mev. A. van Heerden, huidige voorsitter van die ACVV Cradock, was rigtinggewend omdat sy as maatskaplike werker vroeër in diens van die bestuur was en volgens beskikbare notules 'n leidende en senior posisie ingeneem het op professionele vlak maar ook ten opsigte van bestuursaangeleenthede. Vanaf 1974 was sy streekverteenwoordiger terwyl sy gedurende daardie ampstermyn ook as voorsitter opgetree het. Haar mondelingse insette was rigtinggewend en kan tot 'n groot mate opgevolg word deur notules van vergaderings te vergelyk.

**Begripsomskrywing:**

Vir die doel van die studie word die volgende begrippe omskryf ten einde duidelikheid te verleen naamlik ACVV, gesin, gesinsorg, gesinsorgorganisasie, totale gemeenskap en vrywilliger binne die ACVV.

**ACVV**

ACVV is die afkorting wat gebruik word vir die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (HAT, 1992:1), 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat in die Kaapprovinsie funksioneer as 'n gesinsorgvereniging met takke op verskillende dorpe waarvan Cradock een is.

**GESIN**

Gesin word deur Odendal (1992:275) omskryf as 'n groep nou verwante persone bestaande uit ouers (ook wel net een ouer) en kinders. Soms ook net uit die kinders ter onderskeiding van die ouers.

Omdat die huwelik en gesinslewe so 'n belangrike rol speel in die opvoeding en geborgenheid van die lede van die gesin, is dit belangrik dat alle vorme van stabiele gesinslewe aangemoedig word, hetsy dit 'n Christelike, Moslem, Hindu of tradisionele inheemse huwelik of selfs stabiele saamblyverhouding is. Maatskaplike veranderinge in die land het tot gevolg gehad dat huweliks- en gesinslewe baie verander het in die samestelling van familie-eenhede. Daarom word dit as nodig beskou dat die verskeidenheid gesinsvorms erken en aanvaar word en so ook hulle maatskaplike en kulturele verskeidenheid ten einde in staat te wees om dienste te lewer wat in al die behoeftes voorsien.

**GESINSORG**

Gesinsorg word deur die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:21) beskryf as maatskaplike sorg gerig op die bevordering van die lewenskwaliteit en maatskaplike funksionering van die gesin as eenheid.

**GESINSORGANISASIE**

Gesinsorgorganisasie word deur die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:21) beskryf as 'n welsyn(s)organisasie wat maatskaplike dienste aan gesinne en individue in gesinsverband lewer.

Die ACVV is een van die oudste gesinsorgorganisasies in Suid-Afrika. Die uitgangspunt van die maatskaplike dienste wat deur die organisasie gelewer was en nog gelewer word, word beskou as die behoud van die gesin (Theron en Stulting 1961:61). Gesinsorgwerk vorm die eintlike kern van die werksaamhede van die ACVV omdat alle dienste wat gelewer is, gemik is op die bevordering van die gesonde gesinslewe (Lambrechts, 1959:35). Gedurende 1994 is die ACVV weereens beskryf as 'n gesinsorgvereniging wat die welsyn van die gesin as van deurslaggewende belang vir die welsyn van die gemeenskap beskou (ACVV 90 Jaar, 1994:1).

**PLATTELAND**

Platteland word deur Odendal (1992:841) beskryf as 'n streek buite die stede, die digbewoonde gebiede. Cradock en omgewing kan dus as gemeenskappe binne 'n plattelandse omgewing beskou word.

**TOTALE GEMEENSKAP**

Die ACVV gebruik die term totale gemeenskap vir 'n gemeenskap wat alle bevolkingsgroepe insluit. Totaal deur Odendal (1992:1183) beskryf as volledig. Die term uitgebreide gemeenskap sluit hierby aan aangesien die uitbreiding na die totale gemeenskap, ook beskou kan word as die vergroting van dienste wat voorheen binne die ACVV beperk is tot die blanke kultuurgroep (Odendal, 1992:1183).

**VRYWILLIGER**

Die vrywilliger word beskryf as 'n persoon wat hulp aanbied of wat gewerf word om diens by 'n welsynsorganisasie te lewer persoonlik sonder vergoeding (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:70). Die ACVV maak 'n verdere skeiding deur die vrywilliger te beskou as 'n persoon wat hierdie diens verrig as lid van die vereniging. 'n Medewerker word beskou as 'n persoon wat dieselfde diens lewer terwyl hy nie 'n ingeskrewe lid van die vereniging is nie.

**Begrensing van die Studie:**

- Literatuurgeskiedenis van die omstandighede wat plaaslik geheers het gedurende die stigtingsjare van die ACVV op Cradock is beperk wat die dorp en omgewing en lewenswyse van die mense spesifiek betref. Persoonlike inligting oor gemeenskapsomstandighede is beperk tot die meer gegoede en bekende persoonlikhede terwyl min inligting beskikbaar is oor die armblanke se lewenswyse in Cradock en distrik. Inligting is wel beskikbaar ten opsigte van oorlogsomstandighede en die armblankevraagstuk in die algemeen waarvan die belangrikste vervat is in die verslae van die Carnegie-kommissie wat 'n volledige ondersoek ingestel het na die armblankevraagstuk.
- Notuleboeke van die ACVV Cradock is beskikbaar wat die basis gevorm het van die studie. Dit gee egter 'n beperkte weergawe van die stigtingsjare. Die letterkundige vermoëns van die sekretarisse van die tyd was beperk en het 'n invloed uitgeoefen op die weergawe van volledige en beskrywende inligting. Die eerste notuleboek, wat moontlik die stigting van die vereniging op Cradock beskryf het gedurende die tydperk 1900 tot Maart 1903, is onopspoorbaar, wat as 'n tragedie vir die tak en ACVV in geheel beskou kan word omdat die idee van die stigting van sodanige vereniging vermoedelik op Cradock ontstaan het. Lambrechts en Theron(1959) het grootliks gebruik gemaak van dieselfde notuleboeke in hul weergawe van die ontwikkeling van die ACVV.
- Jaarverslae van die ACVV-takke word op gedrukte vorms weergegee. Hierdie vorms word reeds baie jare gebruik en is deurspek met verouderde terme en uitdrukkings. Die vorm wat voltooi moet word, beperk eie inisiatief en die betroubaarheid van statistieke word bevraagteken omdat van die persone van wie dit verwag word om dit te voltooi, dit nie altyd met erns beskou nie en nie oor die vaardighede of hulpmiddels beskik om dit korrek weer te gee nie. Dit het egter aan die navorser die geleentheid gebied om inligting oor 'n tydperk te vergelyk voordat nuwe vorms in gebruik geneem word soos deur die ACVV-hoofbestuur beplan word.
- Die ACVV gebruik verskillende statistiekvorms wat verskillend geïnterpreteer word soos byvoorbeeld die jaarverslagvorm en statistieke vir die Federale Vroue Raad asook statistiekvorms soos voorgeskryf deur die verskillende wetgewers en departementele kantore. Voorgeskrewe statistiekvorms van staatsdepartemente word gedurig aangepas en was aanvanklik nie beskikbaar of verpligtend toe die eerste maatskaplike werkers aangestel is nie. Afskrifte van voltooide vorms word nie alles deur plaaslike kantore en takke bewaar nie as gevolg van beperkte ruimte. Dit het dus tot gevolg dat statistieke oor lang tydperke nie geredelik beskikbaar is nie.

- Om dieselfde rede is maand- en jaarverslae van maatskaplike werkers nie by die plaaslike kantore beskikbaar nie. Verslae wat gelewer is tydens vergaderings is nie volledig genotuleer nie en deurgaans word slegs melding daarvan gemaak dat dit wel gelewer is. Belangrike inligting wat die kern van die werksaamhede van die tak behels het, het dus hierdeur tot niet gegaan.
- Slegs enkele lede van die ACVV-tak op Cradock is lank genoeg lid van die vereniging om beperkte ontwikkeling binne die ACVV te kon waarneem en van wie inligting verkry kon word wat 'n bydrae tot die studie kon maak.

**Indeling van die Studie:**

Die studie is as volg in 5 hoofstukke verdeel:

- Hoofstuk 1 bevat inleidende inligting en voorbereiding tot die studie.
- In Hoofstuk 2 word die ontstaan en ontwikkeling van die ACVV weergegee wat tot stand gekom het in 'n konteks van armoede en oorlogsomstandighede. Die vereniging is gestig deur die gemeenskap vir die gemeenskap. Die eertydse doelstellings soos bepaal na aanleiding van spesifieke behoeftes en 'n oorsig van die eerste werksaamhede word ingesluit.
- Die derde hoofstuk handel oor die ontwikkelingstydperk vanaf 1940 - 1990 en sluit in die behoefte aan professionele dienste en die aanstelling en indiensopleiding van opgeleide maatskaplike werkers wat gebruik gemaak het van verskillende metodes in die Maatskaplike Werk. Klemverskuiwings het plaasgevind na aanleiding van veranderde behoeftes wat ook tot 'n groot mate bepaal is deur die instansies deur wie die tak gesubsidieer is of die gemeenskap van wie fondse verkry is.
- Hoofstuk 4 is beskrywend van die werksaamhede van die ACVV vanaf 1990 tot die huidige wat gekenmerk is deur etlike uitstaande gebeurtenisse wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die ACVV se funksionering in die algemeen en die feit dat verskillende aanpassings gemaak moes word ten einde te voldoen aan behoeftes, verwagtings en voorskrifte van verbruikers en donateurs. Groter afbakening van die werksgebied het plaasgevind en klem is gelê op die spanbenadering waarby verskillende rolspelers betrek is ten einde in die behoefte van die totale gemeenskap te voorsien.
- In Hoofstuk 5 word die navorsingstudie afgesluit met gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 2

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1900 TOT 1940: STIGTINGSJARE

### GESKIEDENIS EN ONTSTAAN:

#### Inleiding

Om te bepaal tot watter mate die huidige struktuur van die ACVV die organisasie in staat stel om primêre maatskaplike dienste te lewer, is dit nodig dat die geskiedenis van die ontstaan van die organisasie nagegaan word.

Lambrechts en Theron (1959:31) meld dat daar by die nagaan van die ontwikkeling van die ACVV drie tydperke tot 1959 onderskei kan word. Die eerste tydperk wat meer of min met 1928 eindig, word hoofsaaklik gekenmerk deur die stigting en groei van die organisasie en die reëlings wat getref is vir die doeltreffende organisering van die werk.

Die werksaamhede gedurende hierdie tydperk kan onderskei word as die dienste ten opsigte van volk en kerk en die wat spesifiek gemik is op die dienste deur die vrou aan die vrou en die wat eie aan haar is. Hierdie konsep is duidelik merkbaar in die grondwet van die vereniging asook die ACVV-lied.

Volgens Lambrechts en Theron (ibid.:32) het die tweede tydperk in die vroeë dertiger jare begin toe 'n nuwe benadering ten opsigte van welsynswerk ingetree het as gevolg van vermeerderde wetenskaplike kennis. In Suid-Afrika is 'n deeglike studie gemaak van die Armblankevraagstuk met die instelling van die Carnegie-kommissie en daaropvolgende verslag wat in 1932 verskyn het. Die ACVV was direk by die ondersoek betrokke deur die destydse rondreisende sekretaris wat die ondersoek oor die moeder en dogter van die armblanke huisgesin behartig het. Die ondersoek is opgevolg deur die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk in 1934. Vroue het dit verwelkom en was betrokke by die reëlings, sowel as lewering van referate. Van die 28 lede wat gekies is op die Voortsettingskomitee, was 7 lede verbonde aan die vroueverenigings. Twee van hierdie lede het in die Uitvoerende Bestuur gedien. (ibid.:32).

'n Toenemende besef het ontwikkel ten opsigte van 'n wetenskaplike benadering van die maatskaplike werk wat prominensie geniet het by die kongres van 1933 en 1934. Dit het

gelei tot die instelling van kursusse vir die opleiding van maatskaplike werkers en die eerste beroepsvereniging vir maatskaplike werkers in 1937 (Lombard et al., 1991:43).
Die derde tydperk word gekenmerk deur staatsbetrokkenheid by welsynswerk. 'n Voorstel wat gemaak is op die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk en die stryd wat daarna gevoer is, het uiteindelik gelei tot die totstandkoming van die selfstandige Departement van Volkswelsyn in 1937 (Lombard et al., 1991:42).
Staatshulp aan partikuliere organisasies was 'n erkenning van staatsweë vir die werk wat genoemde organisasies vervul het onder ander gesins-, groepdienste en inrigtingsorg.
'n Vennootskap het ontstaan tussen die staat en organisasies en het 'n belangrike struktuur ontwikkeling van welsynswerk in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Die organisasies was hierna nie meer die alleen-beleidvormers op die welsynsgebied nie. Staatsondersteuning vir die werksaamhede van die partikuliere organisasies kan dus gesien word as 'n gesonde en normale ontwikkeling van die land se welsyndienste (Lambrechts en Theron, 1959:34).

**BEHOEFTES WAT GELEI HET TOT DIE STIGTING VAN VROUEKOMITEES EN PROTESVERGADERINGS:**

Volgens Bouwer (1979:1) lê dit in die aard van die vrou om te beskerm wat haar eie is. Vroue is aangegryp deur die lyding wat mense en veral die vroue en kinders moes deurmaak as gevolg van die Anglo-Boere-oorlog. Die moraal van die Afrikanervolk was afgebreek. Die vroue het nie heenkome gehad nie en die mans was, benewens die neerlaag van die oorlog, uitgelewer aan siektes en ellende waar hulle op verskeping na oorsese kampe gewag het. Dit was 'n donker tydperk waardeur die Afrikaner-volk gegaan het. 'n Positiewe gevolg van die treurige oorlogsomstandighede wat geheers het, was die stigting van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging wat in die toekoms soos heel aan die begin, primêre maatskaplike dienste sou lewer wat volgens die behoeftes van die tyd aangepas sou word.
Die vroue wat destyds op hul dorpe die komitees gestig het om kos en klere in te samel om af te stuur na hul geteisterde volksgenote, het daardie tyd nie besef dat hulle die stigters was van die groot vroueverenigings wat saamgesnoer in die Federale Vroueraad, in 1960 reeds 'n ledetal sou hê van 16 500.
Op plekke soos in Paarl is protesvergaderings deur vroue gehou wat ten doel gehad het om protes aan te teken teen die voortsetting van die oorlog, die bedreiging van die Boere Republieke en die Krygswet in die destydse Kaapkolonie. Die eerste van hierdie protesvergaderings het op 27 Junie 1900 in die Paarl plaasgevind waar mev. A.B. de Villiers, opgetree het as voorsitter. By hiedie vergadering was meer as 550 vroue byeen. Telegramme is ontvang van onder ander Olive Schreiner en Marie Koopmans-de Wet en ander. Vanaf Junie tot Augustus 1900 is vermoedelik sestien protesvergaderings in die destydse Kaap-kolonie gehou (Lambrechts en Theron, 59:7). Op 10 November 1900 is 'n

tweede vroueprotesvergadering in die Paarl gehou in opvolging van die eerste. Dit is deur ongeveer 1,500 vroue vanuit 'n wye gebied bygewoon en nie net dié wat plaaslik gewoon het nie. By hierdie geleentheid het die vroue weer hul misnoë te kenne gegee teen die voortsetting van die oorlog teen die Boere Republieke omdat hulle die oorlog as onregverdig bestempel het. De Middellandshe Afrikaander, 'n nuussbrief wat destyds op Cradock gedruk is, het die tweede protesvergadering beskryf as die eerste vrouekongres wat ooit in Suid-Afrika gehou is ten spyte daarvan dat dit in die buitelug onder die eikebome gehou is (Lambrechts en Theron, 1959:9). Sy is verder van mening dat hierdie vergadering beskou kan word as 'n fase in die ontwikkeling wat gelei het tot die vorming van Afrikaanse vroueverenigings.

In 1900 het maagkoors uitgebreek in die tydelike kamp wat op die Groenpuntse meent opgerig is vir krygsgevangenes wat op verskeping na oorsese kampe gewag het. Dit het in die destydse pers bekend geword hoe uiters swak die toestande daar was. Die predikantsvroue van die NG Kerk in Kaapstad het gereël om verpleegsters te kry wat die fisiese versorging van die krygsgevangenes kon waarneem omdat hulle besef het dat hulle self nie by magte was om dit te doen nie. Die dameskomitee wat gestig is, het 'n sinkgeboutjie as depot op die Groenpuntse meent opgerig waar bydraes ontvang is. Primêre maatskaplike nood en praktiese noodleniging was die rede vir die stigting van een van die invloedrykste verenigings in die land. Die vroue wat tot dusver op die agtergrond was, het bewus geword van wat hulle as georganiseerde groep kon bereik, maar veral het hulle ook bewus geword van hul vermoë om leiding te neem.

Wat hierdie vroue nie bewus van was nie, was dat hulle deur maatskaplike aksie besig was om verandering teweeg te bring soos byna 68 jaar later deur Rothman (in Cox, Ehrlich, Rothman, Tropman, 1987:6) beskryf is as 'n model in die gemeenskapswerk. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat daar 'n benadeelde deel van die bevolking is wat georganiseer moet word, in samewerking met ander. Dit het ten doel om voldoende vereistes te stel aan die groter gemeenskap vir die beskikbaarstelling van meer hulpbronne en beter behandeling in verhouding met maatskaplike regverdigheid of demokrasie.

**<u>DIE OMSTANDIGHEDE WAARIN DIE GEMEENSKAP VAN CRADOCK GEWOON HET TYDENS EN RONDOM DIE STIGTING VAN DIE ACVV:</u>**

Die invloed wat die uitbreek van die oorlog van 1899 tot 1902 op die omstandighede van die Afrikaner volk gehad het is onmiskenbaar verbind aan die behoeftes wat tot die stigting van die ACVV gelei het. Die ACVV is deur Afrikaner-vroue wat meegevoel gehad het met die Afrikanervolk, tot stand gebring. Dit word weerspieël in die leuse van die ACVV: Vir Volk, Taal en Kerk. 'n Geweldige verdeeldheid het bestaan tussen die twee taalgroepe, Afrikaans en Engels, waarvan ook melding gemaak word in die uitgawe van die nuusblad, die <u>Midland News</u> gedateer 6 Maart 1900 waarin beskryf is dat die Afrikaner Bond sinoniem genoem moet word in verband met die rebelle. Aanvanklik is die inwoners min geraak deur die oorlog, maar daar was van hulle wat hul meegevoel met hul volksgenote in die Republieke nie kon verberg nie en afgesien van dié wat hul openlik met die Boere-magte ingewerp het, was daar die sogenaamde "Ongewensdes" ("Undesirables") wat òf na Port Alfred gestuur is, óf hulle op Cradock gereeld by die militêre owerheid moes aanmeld. Uit die leuse en doelstellings van die vereniging is dit duidelik dat kerkgebondenheid en by name die NG Kerk 'n behoudende faktor en lewensbeskouing was vir die Afrikanervolk. Dit was dus verstaanbaar dat hulle die mate waartoe die NG Kerk, 'n gebou wat as trotse besitting beskou was en deur die Engelse magte beset is, verontwaardigend en afkeurend sou beleef. Cradock was 'n sterk middelpunt van bedrywighede veral nadat die Boere-magte opgebreek het in kleiner groepe wat saamgesnoer is in verskillende kommandos. Baie Afrikaners het aangesluit by hierdie kommandos en is dan as rebelle beskou. Etlike van hierdie persone is dan ook in die openbaar in Cradock tereggestel wat 'n groot demoraliserende uitwerking op die inwoners van Cradock gehad het. Die vernietiging van oeste wat voorgekom het (Van Rensburg, 1983:17) moes 'n nadelige uitwerking op die ekonomie gehad het behalwe die emosionele implikasies daarvan. In ander gevalle moes die boervrouens sonder die mans die boerdery voortsit wanneer die eggenotes na konsentrasiekampte gestuur is of by die militêre magte aangesluit het (Ibid.:18), Krygswet is uitgevaardig waarteen die Afrikaner-volk en veral vroue hul sterk uitgespreek het.

In terme van militêre beperkings moes alle perde afgestaan word en dit was vir boere slegs moontlik om eenkeer per maand die dorp te besoek om noodsaaklike voorrade te koop (Conradie, 1988:D7). Waar waens behoue gebly het, is osse ingespan. Vervoer was dus uiters beperk en dit bly 'n vraag hoe die ACVV-lede op so 'n groot skaal vergaderings kon bywoon. Dit dui dus daarop dat die lede die nuutgestigte tak belangrik ge-ag het.

Die handelaars op die dorp het die verlies van die kontrei se handel wat 'n terugslag beleef het, maar in baie gevalle het militêre eenhede wat op die dorp gestasioneer was, daarvoor vergoed. Die handelaar se onvermoë om goedere van die kus te verkry, het pryse opgejaag en lewenskoste het oor die algemeen gestyg. Die verbittering teenoor die Britse

winkeliers was so groot dat 'n groep Afrikaners 'n eie algemene handelaarsbesigheid begin het ten einde die ander se besigheid te strem.

Teen 1899 was Cradock reeds 'n gevestigde besigheidssentrum en een van die grootste in die Karoo omdat hier die markte was waar die boere van 'n groot distrik hul vee verkoop het en omdat dit die sentrum was waarvandaan wol en volstruisvere na Port Elizabeth versend is. Die feit dat die boere verplig was om hul produkte na die mark te bring was tot voordeel van die plaaslike handelaars. Bokhaar was ook hoog gereken as produk van de distrik, maar na die oorlog het die pryse gedaal en 'n onbestendige mark getoon (Daily Obsërver, 21 April 1903:2).

As gevolg van die uitbreiding van besproeiingskemas in die distrik het ontwikkeling plaasgevind en Cradock het in baie opsigte toonaangewend geword en veral 1925. Merinoboerdery en die wetenskaplike benadering daarvan het veld gewen. Talle voermetodes en waterskemas is in hierdie distrik op proef gestel wat tot gevolg gehad het dat veeboerdery baie geslaagd was (Smith, 1964:101). Vermoënde boere kon dus in staat wees om huisvesting te bied aan bywoners wanneer hulle nuwe huise gebou het (Van Rensburg, 1983:2,22).

Kort na die oorlog is plaasskole in die distrik begin waarheen boer en bywoner se kinders saam skoolgegaan het tot ongeveer St. 6 voordat hulle skole in die dorp moes bywoon. Die voertaal in dié skole was Afrikaans en al tyd wat hierdie kinders Engels gehoor het, was wanneer hulle af en toe dorp toe gegaan het of wanneer Britse soldate op die plase aangekom het om voorrade aan te vul.

Twee skole, eers die een vir seuns en later vir dogters, het reeds bestaan. Daar was ook 'n Roomskatolieke skool in die dorp sowel as die Wilson Skool waar armblanke kinders gehuisves is. Die voertaal in eersgenoemde skole was Engels en Hollands is slegs as gewone vak aangebied totdat Afrikaans in die jare 1920 as voertaal gebruik is. Die skole in die dorp het voorsiening gemaak vir koshuisgeriewe waarin plaaskinders gehuisves is. Op die plase self het kinders op sentrale punte op klein skaal by boere loseer ten einde nader aan die bestaande skole te wees.

Die oorlog het 'n besliste uitwerking op skoolbywoning gehad veral gedurende die eerste kwartaal van 1900. Daar is berig dat die Hoër Meisieskool Rocklands minder geraak is deur die omstandighede as die ander skole. In die Wilson Skool het 70 van 92 ingeskrewe skoliere skool bygewoon en die Stasie Skool 68 uit 84 (Midland News, 21 Junie 1900:8).

Nog 'n bate van Cradock veral gedurende die oorlog, was die hospitaal wat in 1897 opgerig is en finansieel onderhou is deur bydraes en donasies van die publiek wat weer daarop dui dat, ten spyte van 'n vernietigende oorlog, die gemeenskap wel vermoënd genoeg was om sodanige instelling finansieel te onderhou.

Die President van die ACVV-hoofbestuur spreek tydens die tweede kongres van die ACVV wat op Cradock op 4 April 1906 geopen is, haar diepe bekommernis uit oor die sonde en misdaad wat onder die Afrikanervolk, onder ander vooraanstaande blanke persone,

toegneem het. Diefstal, bedrog, ontug, egskeiding, moord, selfmoord en dronkenskap word by uitstek deur haar geprioritiseer. Op dieselfde kongres vestig ene mev. De Beer die aandag op die brandende kwessie van die armblanke persoon.

Dit blyk dat boere in die Cradock-distrik, ten spyte van wisselvallige reëntoestande, voordeel getrek het uit die goeie pryse wat gedurende die middel van die 1990-gerjare vir produkte en vee geheers het. Die boere se voorspoedige situasie het, soos uit beskikbare inligting blyk, 'n positiewe uitwerking gehad op die algemene omstandighede op die dorp.

Die dorp het oor kerke en selfs 'n hospitaal beskik. Schoeman (1992:119) kwoteer die British Field Intelligence Department wat in 1901 statistieke beskikbaar gestel het waardeur aangedui word dat Cradock, benewens Graaff-Reinet, die tweede grootste dorp in die Middellandse plattelandse gebiede was met 'n blanke inwonertal van 3380. Die distrik was groot en het ongeveer 3000 vierkante myl gedek.

Met dié dat die boere plase tussen hul seuns verdeel het, het die distrik digbewoon begin word (Conradie, 1988:D7). Dit het ook tot gevolg gehad dat boerderyeenhede in onekonomiese eenhede verdeel is omdat die drakrag van die grond te klein geword het. Erfreg het dikwels bepaal dat die grond nie verkoop mag word nie en geen verband kon daarop geneem word nie. Veral ten opsigte van die grond het die aanpassing aan veranderde ekonomiese voorwaardes in gevalle baie stadig plaasgevind onder die Afrikaanssprekende plattelandse bevolking (Grosskopf, 1932:1-39).

Dit blyk dus dat die grootste rede vir die stigting van die ACVV op Cradock grotendeels die gevolg was van vaderlandsliefde en 'n teenreaksie teen die oorlog wat baie lyding tot gevolg gehad het al was dit nie altyd plaaslik die geval nie. Die uitvaardiging van die Krygswet in die Kaapkolonie het baie bitterheid en ontwrigting tot gevolg gehad.

Die oorlogsomstandighede moes noodgedwonge 'n spannende uitwerking op die lewens van mense gehad het hoewel dit blyk asok die bedrywighede van 'n normale leefwyse tot 'n groot mate op Cradock voortgegaan het.

Die Afrikanervolk was kerkvas en op Cradock was die NG Kerk lidmate trots op die nuwe kerkgebou wat 'n middelpunt naas die markplein gevorm het. Sosiale bedrywighede is gekoppel aan geleenthede wanneer die gemeenskap kerkdienste bygewoon het byvoorbeeld Nagmaalsgeleenthede.

Ten spyte van oorlogsomstandighede en kommandos wat militêr bedrywig was in die dorp en distrik, was die landbou en veral veeboerdery vooruitstrewend en was die dorp die middelpunt van bemarking en vervoer van bokke, skape en veral volstruise. Dit het tot gevolg gehad dat handel uitgebrei het hoewel artikels daarmee saam weer gestyg het.

Die dorp en distrik was goed voorsien van skole hoewel 'n klasseverskil gemaak is tussen skoliere en 'n taalkwessie moes voorgekom het veral ten opsigte van die plaaskinders wat min Engels gehoor het voordat hulle hoërskool toe moes gaan.

Die feit dat daar 'n nuwe hospitaal op Cradock gebou is, was 'n verdere bewys van die vooruitstrewendheid van die dorp en gemeenskap.

Armoede het wel voorgekom onder blanke bywoners van plase en as gevolg van die verdeling van ekonomiese eenhede. Die omstandighede van die skoliere van die Wilson Skool dui onder andere ook op armoede wat in die distrik geheers het. Uit notules is dit duidelik dat armoede en siekte deur die eerste besture van die ACVV aangespreek is al was dit deur tuisbesoeke en die verlening van noodhulp wat deurgaans gering van aard was. Ongeveer ses jaar na die stigting van die plaaslike tak, was dit reeds duidelik dat ander maatskaplike probleme reeds onder die blanke bevolking voorgekom het. Dit wil dus voorkom na aanleiding van geskiedkundige gegewens dat Cradock 'n vooruitstrewende dorp en distrik was en dit kan dus aanvaar word dat daar vermoënde vroue was wat dit as hul Christelike plig beskou het om te voorsien in die primêre lewensbehoeftes van persone wat in armoede verkeer het. Die ACVV het dus 'n taak gehad om uit te voer wat hul voortbestaan geregverdig het.

## DIE STIGTING VAN DIE ACVV CRADOCK:

Vrouekomitees is oral in die destydse Kaapkolonie gestig met die doel om fondse en goedere in te samel vir noodleniging in die Boere-republieke aan krygsgevangenes. Hierdie stelling dui daarop dat die vroue bereid was om oor die grense van hul eie areas hulp te verleen aan noodlydendes.

Lambrechts en Theron(1959:9) noem dat daar een dorpskomitee is wat uitstaan tussen die ander as gevolg van die geskiedkundige betekenis van die optrede van sy lede by latere vorming van 'n georganiseerde vrouevereniging. Hierdie dorp lê in die plattelandse gedeelte van die Middellande in Oos-Kaap, naamlik Cradock.

Mev. J. Potgieter, voormalige presidente van die ACVV-hoofbestuur het in die Feesbrosjure 75 van die ACVV-tak op Cradock geskryf (76:5):

"Cradock kan die geboortedorp van die ACVV genoem word. Toe mev. Elizabeth Jordaan die "Afrikaner Vroue Vereniging" gestig het, was dit die eerste saadjie wat ontkiem het vir die begin van georganiseerde vroue-aksie".

Op 13 Maart 1900 publiseer "De Middellandsche Afrikaander" 'n brief van mev. Elizabeth Jordaan waarin sy die vroue van Cradock aanspreek om 'n komitee te vorm. In die skrywe sê sy:

"Komt zusters laten wy de gevangenen gedenken alsof wy medegevangenen zyn".

Op 3 April 1900 het 'n kennisgewing in dieselfde koerant verskyn van 'n basaar wat deur die gemeente van Cradock gehou sou word ter stywing van die krygsgevangenefonds. Op 6 Julie 1900 is 'n advertensie geplaas waarin lede van "Het Dames Comité" van 'n vergadering in kennis gestel is. Volgens Lambrechts moes laasgenoemde komitee dus tussen 3 April en Julie 1900 gevorm gewees het met genoemde advertensie in ag genome (Ibid:9). Die eerste leidsters was mev. I. Reyneke, die predikantsvrou van die NG Kerk as

voorsitter en mej. Lenie Bosman die sekretaris. Ander lede was mev. E. Jordaan, Gert Michau, Albert Michau, J.S. van Heerden, E. Venter, mej. Haarhoff en ander. Dit wil voorkom asof die vroue gestreef het na 'n meer permanente organisasie anders as die bestaande los komitee. Op 20 November verskyn weer 'n kennisgewing van 'n algemene vrouevergadering wat op 1 Desember 1900 gehou sou word. Dit was onderteken deur mej. L. Haarhoff as sekretaris. Op 4 Januarie 1901 verskyn nog 'n advertensie van 'n vergadering van die "Afrikaner Vrouwen Vereeniging" wat op 19 Januarie 1901 gehou sou word. Lambrechts (1959:10) meld dat daar dus met veiligheid aangeneem kan word dat die ACVV op Cradock op 1 Desember 1900 gestig is. Dit word onderskryf deur Bouwer (79:1). Rothman (Eendrag, Deel 13, No 54:47) is van mening dat die vereniging in 1903 gestig is. Die verwarring kon voorgekom het omdat geen notules beskikbaar is voor 7 Maart 1903 nie (Feesbrosjure 75). Dat die vergaderings wel gehou is, blyk uit die sin van die notule van die vergadering wat op daardie dag gehou is dat "De notulen der laaste Ver. Werden gelezen en aan genomen".

Volgens Lambrechts het die verwarring ontstaan as gevolg van 'n brief wat mev. Elizabeth Jordaan van Cradock November 1902 aan mev. Koopmans - de Wet van Kaapstad gerig het met die wens dat 'n Afrikaanse Vrouevereniging op landswye grondslag gestig sou word. In 'n brief gedateer 16 November 1902 skryf mev. Koopmans-de Wet dat sy die saak baie goedgesind is en met ander leidsters daaroor sal praat (Feesbrosjure 75, 1976 : 12) Omdat daar reeds 'n Afrikaanse vrouevereniging op Cradock bestaan het (Notule van 'n vergadering gehou op 10 April 1903), kan mev. Jordaan se skrywe nie verband gehou het met die stigting van 'n plaaslike vereniging nie, hoewel laasgenoemde vereniging na die vredessluiting van 1902 byna doodgeloop het. Volgens die Feesbrosjure 75 (1976 : 11) blyk dit asof die vroue 'n behoefte gevoel het aan 'n meer permanente organisasie omdat die komitee begin verbrokkel het nadat sommige van die lede na die konsentrasiekamp op Port Alfred gestuur was.

'n Notule van die vergadering gehou op 19 Mei 1905 maak melding van drie briewe waarin die vereniging dringend versoek word om afgevaardigdes na die kongres te stuur "daar de onze oudste tak was en de Vereeniging hare ontstaan hier te Cradock had". In 'n notule van 'n vergadering op 5 Mei 1906 teken mev. A. Michau ten sterkste beswaar aan teen die skrywer van 'n brief in De Middellandsche Afrikaander en Ons Land wat haar woorde op die kongres in twyfel trek dat die ACVV op Cradock ontstaan het. In November 1916 by die eerste Kerk-kongres oor die Armblanke vraagstuk wat op Cradock gehou is, het mev. Elizabeth Roos, eerste voorsitter van die ACVV-hoofbestuur te kenne gegee dat "Cradock eigentlik de geboorteplaats van onze ACVV is" (Hopkins, 1968:81).

Lambrechts is van mening dat die uitbreiding van die "Afrikaander Vrouwen Vereeniging" in Kaapstad stadig verloop het. Haar mening is gegrond op die feit dat tien maande verloop het voordat die tweede tak van die vereniging op 5 September 1903 op Somerset-Oos gevorm is. Hierdie is ook 'n plattelandse dorp geleë in die Kaapse Middellande, 106 km, vanaf Cradock in 'n Suid-Oostelike rigting.

Die notule van die stigtingsvergadering bevat volgens Lambrechts die enigste beskikbare doelstellings van die "Afrikaner Vrouwen Vereeniging" wat as volg geformuleer is:

"Die bevordering van alles wat tot hulp en opbouing van ons Afrikaansch volk strekking kan. Een waken oog te houden op alle hulpbehoevenden in het tijdelike of het geestelijke en door vereenigde werkzaamheid en het opwekken van algemene belangstelling te trachten alle behoeften tegemoet te komen".

As eerste volwaardige tak van die vrouevereniging in die Middellande en ook in die Kaapprovinsie, is dit 'n natuurlike uitvloeisel van gemeenskapswerk (Lombard, 1991:51) dat die vroue wat hier as sterk leiers opgetree het, as stigterslede sou uitbeweeg na omliggende dorpe ten einde vroue te bemagtig om probleme in hul eie dorpe en land aan te spreek. Gemeenskapswerk vereis die betrokkenheid van die gemeenskap. Dit is vroue wat die aanvanklike maatskaplike vraagstukke in hul gemeenskappe raakgesien het en tot aksie oorgegaan het om verligting te bring.

Dit is dus duidelik dat die ACVV op Cradock vanuit 'n liefdadigheidsraamwerk gemeenskapswerk gedoen het wat bygedra het tot die stigting van formele welsynsorganisasies wat behoeftes op provinsiale en nasionale vlak aangespreek het.

## DIE STIGTING VAN DIE ACVV IN KAAPSTAD

Uit die geskiedenis is dit baie duidelik dat die vroue van die plattelandse dorp, Cradock, direkte insette gelewer het tot die stigting van die ACVV op 1 September 1904 in Kaapstad en daarmee dus ook 'n aandeel gehad het ten opsigte van die stigting van 'n organisasie wat uitgebrei het na al die uithoeke van die land.

Lambrechts en Theron (1959:11) dui aan dat mev. Koopmans-de Wet in 'n brief gedateer 26 November 1902 aan mev. Elizabeth Jordaan van Cradock haar volmondig ten gunste van 'n Afrikaanse Vrouevereniging verklaar het.

Mev. Koopmans-de Wet het verder in haar brief gemeld dat sy die moontlikheid van die stigting van 'n vrouevereniging met mev. Elizabeth Roos van Kaapstad bespreek het en dat laasgenoemde haar goedkeuring aan sodanige vereniging geheg het en ook onderneem het om die saak met belangstellendes op Stellenbosch te bespreek.

Vergaderings is aan huis van mev. Koopmans-de Wet in Kaapstad gehou op 14 April 1903 en 22 Oktober 1903 om die wenslikheid van 'n Afrikaanse Vrouevereniging te oorweeg. Volgens Lambrechts en Theron(1959:11) is die reëls van die Cradockse vereniging voorgelees en wysigings wat deur mev. Roos en Koopmans-de Wet voorgestel is, saam met die naam aangeneem. Dit wil voorkom asof byna een jaar verloop het voor daar weer op Donderdag 1 September 1904 met die doel "het stichten eener Zuid Afrikaansch Christelijke Vrouwen Vereeniging" vergader is. Lambrechts en Theron (1959:12) is van mening dat dit die eerste keer was dat die woord "christelik" soos dit vandag in die naam staan, verskyn het en om daardie rede beskou sy 1 September 1904 as die stigtingsdatum van die ACVV.

Volgens Bouwer (1979 : 2) is hierdie naam en reëls aanvanklik nie sonder enige voorval aanvaar nie. Sommige vroue het byvoorbeeld nie daarmee saamgestem dat die vereniging net vir Protestantse vroue oop sou wees nie. Volgens Lambrechts en Theron (1959:12) kon mev. Koopmans- de Wet haar nie hiermee vereenselwig nie omdat sy van mening was dat:-

"Het Christendom sluit niet uit, maar sluit in. Hoe ver wij ook daar formulieren of menslike uitlegging uit elkaar gaan, in die Bijbel worden wij weer verenigd".

Mev. Koopmans-de Wet, wat geweier het om haar beginsel prys te gee, kon die vergadering as gevolg van swak gesondheid nie bywoon om haar standpunt persoonlik te verduidelik nie, en het eerder haar bedanking ingedien.

Dieselfde skrywer is ook van mening dat, hoewel die vroue van Cradock onder leiding van mevv. (ds.) I. Reyneke en Elizabeth Jordaan die idee van 'n Afrikaanse vrouevereniging tot werklikheid gebring het, mev. Elizabeth Roos as die stigter van die ACVV bestempel moet word en Kaapstad as die moedertak.

Die verloop van omstandighede dui egter daarop dat die vroue van die platteland met Cradock op die voorgrond, ten spyte van, wat daardie tyd 'n geweldige afstand moes wees, geestelik sterk moes staan om leiding te neem en daadwerklik op te tree om seker te maak dat daar in die welsynsbehoeftes van hul landsgenote in nood voorsien word.

Volgens Lambrechts en Theron is die eerste tak van die ZAVV op 1 Oktober 1904 op Stellenbosch gestig. Die tak het hom beywer vir die uitbreiding van die vereniging met die hulp van die NG Kerkgemeentes. Kort daarna is takke in die Paarl en op Wellington gestig. Dieselfde skrywer (1959:13) meld dat die volgende takke verteenwoordig was op die eerste

kongres wat gehou is op 29, 30 en 31 Mei 1905 naamlik Cradock, Somerset-Oos, Stellenbosch, Victoria-Wes, Paarl, Wellington, Tulbach, Kruisvallei en Modderrivier. Die takke van Graaff-Reinet en Frazerburg het volgens die skrywer reeds bestaan, maar het geen afgevaardigdes gestuur nie.

Dit is op dieselfde kongres besluit dat die naam van die Afrikaansche Christelijke Vrouwen Vereeniging sou wees en dit was dan ook vanaf hierdie datum dat Lambrechts die afkorting ACVV gebruik. Op 'n vergadering van 'n werkkomitee in Kaapstad gehou gedurende Oktober 1903 is die reëls van die Cradockse vereniging voorgelees en met 'n paar wysigings aangeneem (ACVV, Ons Saamreis, 1954:11).

By die eerste kongres is 'n grondwet wat deur mnr. C.W.H. van der Post opgestel is, aanvaar. Van tyd tot tyd is die doelstellings van die vereniging soos dit in die grondwet uiteengesit is, aangepas maar het in wese gebly soos dit oorspronklik geformuleer is:

(a) Die bevordering van alles wat zuiwer Afrikaansch is en tot hulp en opbouwing van taal en volk kan strekken.
(b) Het houden van een wakend oog op alle behoeftigen en noodlijdenden.
(c) Het krachtig optreden tegen alles waardoor de Sabbath ontheilig en meer een dag van plezier wordt.
(d) Wij verbinden ons in die zaak van die opvoeding onze voormannen te steunen op elke mogelijke wijze.

De leden verbinden zich:

(a) Hunne Kerk, die hen dierbaar is, in alles te ondersteunen en hunne kinderen van jongs af een voorliefde voor de Kerk hunne vaderen in te boezemen.
(b) Hunne taal te waarderen en zoveel mogelijk in het spreken en schrijven te gebruiken.
(c) Goede Hollandsche boeken te helpen verspreiden en vooral de jeugd aan te moedigen in het lezen der Zuid-Afrikaansche Geschiedenis.
(d) Eenvoudige levenswijze in hunne huisgezinnen te bevorderen.
(e) Behoeftigen en noodlijdenen te bezoeken en hulp te verleenen in tijden van ziekte als anderzins.
(f) Toe te zien dat onze arme blanken niet lager zinken.
(g) Zich verantwoordelijk te achten voor amre blanken in hun buurt en te trachten dezulken door persoonlijken omgang, raad op te heffen (Lambrechts, 1959:19).

Bogenoemde grondbeginsels getuig daarvan dat die vroue van die destydse Kaapkolonie en die Middellande waarvan Cradock deel is, hul vrywillig begewe het in 'n stryd vir kerk, volk en taal. Alles wat hulle gedoen het, was in die gees van hul oortuiging van die waardes en norme gemeet aan christelike beginsels. Die behoefte wat aangespreek is, was primêr rondom die opheffing van die armblanke Afrikaner. Die ACVV het hom dus van die begin van sy bestaan beywer om deur middel van primêre dienste wat slegs kwaliteitsverskille getoon het en aangepas is by die behoeftes en beskikbare hulpmiddels

van die tyd, klem te lê op die ontwikkeling van die mens in nood en het van die begin elke lid van die gesin ingesluit by die versorgingsdienste wat gewissel het van kleuterversorging tot die uitgebreide dienste aan bejaardes.

## GESINSORGWERK:

Volgens Lambrechts en Theron (1959:35) vorm gesinsorgwerk die eintlike kern van die werksaamhede van die ACVV omdat al sy ondernemings, selfs dié wat gesondheid en opvoeding behels, ten doel het om 'n gesonde gesinslewe te bevorder. Die volle lewenssiklus van die mens is aangespreek en daar is gepoog om in die behoeftes van die kind tot die verouderde persoon te voorsien. Vir die tydperk 1900 - 1943 is dienste suiwer deur vrywilligers gelewer omdat die eerste maatskaplike werker eers gedurende 1943 op Cradock aangestel is.

Hierdie vrywilligers was grotendeels vroue uit die blanke gemeenskap wat deur godsdienstige oortuiging en vaderlandsliefde gedryf is om persoonlike diens te lewer aan mindergegoedes sonder om enigesins vir hul dienste vergoed te word. Hierdie vrywillige werkers was nie opgelei vir 'n sekere beroep of vir die taak op hande nie. Aanvanklik was daar geen riglyn om te volg nie behalwe 'n bestuurstruktuur soos gegrond op die grondwet van die vereniging waarvandaan hulle gefunksioneer het.

Tesame met die klem wat die eerste jare van die ACVV se bestaan geplaas is op die beskerming van die "Hollandse" taal, was noodleniging aanvanklik die ACVV se eerste oogmerk, veral aan die groot getal vroue en kinders wat deur die Vryheidsoorlog sonder heenkome gelaat is. Uit notules van die ACVV-tak op Cradock is dit duidelik dat verlening van noodleniging aan armes as primêre noodsaaklike diens beskou is. Op 'n vergadering gehou op 6 Mei 1904 is 'n komitee deur die ACVV op Cradock gekies om verantwoordelikheid te aanvaar vir die insameling van tweedehandse klere wat aan die behoeftige gesinne uitgedeel moes word wat 'n bewys daarvan is dat die gemeenskap ook betrek is deur middel van donasies.

Aansoeke deur individue of lede is voorgelê in 'n vergadering wat dan besluit het of 'n persoon of gesin kwalifiseer vir hulp en ook tot watter mate hulle gehelp sal word. Dit is gedoen deur aankope deur die bestuur wat opdrag gegee het aan 'n spesifieke lid of om uit eie geledere voedselware te voorsien. Daar is te alle tye gewaak dat die hulp wat verleen word, nie afhanklikheid en armlastigheid sal bevorder nie, maar volgens die eerste grondwet toe te sien dat die armblanke nie laer sink nie. Lede se taak ten opsigte van hulpverlening is ook bepaal in genoemde grondwet naamlik om 'n redelike lewenswyse te help ontwikkel in gesinne en om behoeftiges en noodlydendes te besoek en hulp te verleen in tye van siekte en wanneer dit andersins nodig sou wees. Lede het opdrag ontvang om persone wat in hul buurt gewoon het, persoonlik te besoek en raad en hulp te verleen wat die opheffing van sodanige persone of gesinne tot gevolg moes hê.

Gedurende die tydperk 1900 - 1940 is klem volgens Lambrechts (1959:39) en aangevul deur inligting uit notules, gelê op die volgende take:

- Direkte noodleninging
- Hulp aan bejaardes
- Hulp met werkverskaffing
- Reëlings vir mediese dienste
- Ouerleiding
- Inskakeling by kerklike lewe
- Aanvra van staatstoelaes en geboortebewyse
- Administrasie van staatstoelaes, veral toesig oor hantering van Moederspensioene (Onderhoudstoelaes)
- Kontak met kinders in inrigtings
- Voorligting oor huishouding, kinderopvoeding en voorbereiding van voedsel

Lambrechts en Theron meld (1959:39) dat lede van die vereniging nie juis verslag gehou het van gesinne wat gehelp is nie, maar mej. M.E. Rothman as organiserende sekretaresse, het klem gelê op die sistematiese wyse van verslaghouding. In Februarie 1933 het dr. H.F. Verwoerd, destydse hoof van die nuutgestigte Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch, ACVV-hoofbestuur toegespreek en 'n deeglike lêersisteem voorgestel. Dit sou die volgende insluit:

- Volledige lêerstelsel
- Huisbesoekboekies

Die ACVV-tak op Cradock het veral laasgenoemde stelsel verwelkom en gebruik omdat dit hulle taak sou vergemaklik aangesien hulle een van die takke op die platteland was wat die meeste gesinne besoek het aan wie sodanige pensioene uitbetaal is.

Die staat was aanvanklik nie direk betrokke by dienslewering nie, maar slegs indirek deur middel van wetgewing. Enkele wette wat verband hou met maatskaplike probleme het tot stand gekom rondom die stigtingstydperk van die ACVV wat tot 'n enkele mate kan dui op die probleme wat toe geheers het. In 1895 is daar twee wette in die Kaapkolonie geproklameer wat regeringsbeleid in verband met welsynsaspekte weerspieël het (Winckler, 1967:20). Met die Wet op Verlate Vrouwe en Kinderbescherming Wet, 1896 (Wet No. 7 van 1896) het daar vir die eerste keer wetgewing gekom waarvolgens 'n vader verplig kon word om sy gesin te onderhou. 'n Ander wet, die Verwaarloosde Kinderen Verzorgings Wet, 1895 het voorsiening gemaak vir die onderhoud, opvoeding en plasing in vakleerlingskap van verwaarloosde kinders onder die ouderdom van 15 jaar. As reaksie op die hoë mortaliteitsyfer wat onder jong kinders voorgekom het, is die Wet ter Bescherming van het Leven van Jonge Kinderen, 1907. Dit is in 1911 opgevolg met 'n Gevangenissen en Verbeteringgestichting Wet, 1911. Die klem is weereens gelê op die beskerming van die kind met uitvaardiging van die Wet ter Bescherming van Kinderen, 1913. Hierdie wet bepaal dat 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar as kind beskryf word. Hierdie wet

het teen daardie tyd reeds 'n aantal meer verligte idees oor die versorging en behandeling van kinders en jeugdiges ingevoer as wat later in die Kinderwet van 1937 oorgeneem en uitgebrei is (Winckler, 1967:28).

Uit notules van die ACVV kan egter geen aanduiding gevind word dat die ACVV nie baie direk te doen gehad het met die toepassing of gebruikmaking van hierdie wette nie wat moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat hulle hul toegespits het op die vestiging van die vereniging en die verlening van noodleniging. Die bestuurslede van die vereniging was gewone huisvrouens wat vrywillig hul dienste gelewer het en nie professioneel opgelei was om veel betrokke te wees by sake wat meer ingewikkeld as gewoonlik was nie.

Dit is duidelik dat die Staat tot 1934 nie betrokke was by 'n direkte persoonlike welsynsdiens nie. Die kerk en vroueverenigings was reeds met sodanige diens betrokke terwyl die Regering van die dag dit nie gesien het as sy taak nie. Die regering het egter sover gegaan om Moederspensioene in 1921 en Ouderdomspensioene in 1928 in te stel (Winckler, 1967:40). Die ACVV op Cradock was direk betrokke by toesighoudende dienste ten opsigte van gesinne aan wie Moederspensioene uitbetaal is. Hierdie toesighoudende diens het gepaard gegaan met 'n opvoedingspoging en verhoging van ouerskap- en lewensvaardighede. Hulle het dan ook skriftelik verslag gedoen aan die plaaslike landdroskantoor.

Direkte maatskaplikewerkdienste is dus grootliks oorgelaat aan die kerk en vroueverenigings wat reeds daarmee besig was deur leke op die gebied van welsyn sonder finansiële hulpverlening deur die Staat. Die besef het posgevat dat bestaande maatreëls vir noodleniging en persoonlike dienste nie voldoende was nie. Die vrywillige inisiatief was nie meer in staat om alleen die mense se nood die hoof te bied nie en afgesien van persoonlike dienste was daar veel meer omvattende maatreëls nodig wat alleen die Staat kon instel.

Tydens die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk in 1936, is klem weer gelê op die vier beginsels soos vasgelê deur die Carnegie-Kommissie oor die armblanke vraagstuk (Brümmer, 1937:3). Dit het nodig geblyk dat 'n klemverskuiwing moes plaasvind:

(a) Van blote noodleniging tot diensbewysing.

(b) Van die bestryding van die gevolge van verarming tot die bekamping van oorsake.

(c) Van onafhanklike individualistiese optrede tot gekoördineerde aksie.

(d) Van enkel vrywillige werkkragte tot geskoolde en betaalde werkkragte.

Die Regering het vanaf 1 Oktober 1937 'n afsonderlike Departement van Volkswelsyn in die lewe geroep. Dit het 'n tydperk van ongeveer twintig jaar van maatskaplike aksie beëindig. Gedurende daardie tydperk van die kant van die volk, waarby die ACVV hul ook mee vereenselwig het, is vertoë tot die Staat gerig vir 'n georganiseerde staatsdepartement om die land se welsynsaangeleenthede te koördineer en te ontwikkel. Die ACVV van Cradock het staat gemaak op leiding van die dienskantoor wat op Graaff-Reinet geopen is

en inligting in beskikbare notules dui op samewerking. Dit was 'n positiewe stap omdat verantwoordelikheid wat voorheen alleen gedra is, nou in gedeelde aksie ontwikkel het.

**GEMEENSKAPSWERK:**

**Inleiding:**

Die ACVV se bestaan kan omskryf word aan die behoefte van primêre oorlewingsdienste as gevolg van die oorlogsomstandighede wat die vroue aangegryp het, maar ook gemötiveer het om daadwerklik en direk betrokke te raak by die verligting van die omstandighede waarin krygsgevangenes, gedeporteerdes en veral vroue en kinders verkeer het.

Hierdie optrede kan beskryf word as maatskaplike aksie soos omskryf deur Rothman (in Cox, Erlich, Rothman, Tropman, 1987:6) wat van mening is dat dit voorkom wanneer daar 'n benadeelde deel van die bevolking is wat georganiseer moet word, moontlik in samewerking met ander, ten einde voldoende vereistes te stel aan die groter gemeenskap vir die beskikbaarstelling van meer hulpbronne of beter behandeling in verhouding met maatskaplike regverdigheid of demokrasie.

Die eerste stap wat geneem is, was om plaaslike komitees te inisieer deur enkele persone wat aanvanklik maatskaplike vraagstukke in die gemeenskap raakgesien het en tot aksie oorgegaan het om verligting te bring. Die groepmag wat sodoende ontwikkel het, was bevorderlik vir gesamentlike optrede.

Gedurende 1900 is vroue saamgetrek by protesvergaderings wat aanvanklik in die Paarl vergader het. Op Cradock het vroue uit die gemeenskap, wat dorpsgebied en distrik ingesluit het, georganiseer binne die raamwerk van 'n gestruktureerde organisasie wat vanuit 'n liefdadigheidsraamwerk begin het om gemeenskapswerk te doen.

As eerste volwaardige tak van die vrouevereniging in die Middellande en ook Kaapprovinsie, was dit 'n natuurlike uitvloeisel dat vroue wat hier as sterk leiers opgetree het as stigterslede sou uitbeweeg na omliggende dorpe ten einde ook georganiseerde welsynsorganisasies daar te stig. Die algemene stelling word onderskryf deur Lombard (1991:51). Die ACVV-tak van Cradock was dus direk betrokke by die tweede vereniging wat op Somerset-Oos gestig is. 'n Notule van 'n vergadering wat op Cradock gehou is op 3 Oktober 1903 maak melding van die stigting van 'n "Vrouwenvereeniging" op Tarkastad. Dit was nie vir afgevaardigdes van Cradock moontlik om die stigtingsvergadering by te woon nie, maar hulle het wel 'n brief van gelukwensing gestuur.

Dit blyk dat die stigting van verenigings in die Middellande eers werklik momentum gekry het nadat 'n oproep vir die stigting van takke gedoen is op die eerste amptelike kongres wat geopen is op 29 Mei 1905. Cradock het onderneem om afgevaardigdes te stuur na Maraisburg (Later Hofmeyr), Middelburg en Colesberg ten einde takke daar te vestig. Volgens beskikbare notules is die tak op Colesberg gestig tussen die twee vergaderings op

Cradock soos gehou op 17 Julie en 2 September 1905. Dit is dus 'n logiese afleiding dat die stigtingsvergadering soos bygewoon deur mev. A. Michau van Cradock, plaasgevind het gedurende Augustus 1905. Mevv. A. Michau en W. van Rensburg se sending na Middelburg is suksesvol afgehandel met die stigting daar van 'n tak op 19 Augustus 1905. Na die stigting van nog 'n tak gedurende 1905 op Hanover het die takke op Bedford en Dordrecht gedurende 1906 gevolg.

Takstigting rondom Cradock is as volg genotuleer:

| | | |
|---|---|---|
| Cradock | 1 Desember | 1900 |
| Somerset-Oos | 5 September | 1903 |
| Graaff-Reinet | 4 September | 1904 |
| Colesberg | Augustus | 1905 |
| Middelburg | 19 Augustus | 1905 |
| Hanover | Onbekend | 1905 |
| Richmond | Onbekend | 1906 |
| Bedford | Februarie | 1906 |
| Dordrecht | Onbekend | 1906 |
| Aberdeen | Onbekend | 1907 |
| Philipstown | 17 Julie | Onbekend |
| De Aar | 16 Julie | 1910 |
| Noupoort | Onbekend | 1918 |
| Adelaide | Oktober | 1922 |
| Pearston | 24 September | 1927 |

Teminste vier takke van dié wat huidiglik funksioneer, het reeds bestaan toe die eerste kongres op 29 Mei 1905 geopen is. Hierdie inligting bevestig dus die stelling van Lambrechts en Theron dat die eerste tydperk wat meer of min 1928 eindig, hoofsaaklik gekenmerk is deur die stigting en groei van die vereniging Lambrechts en Theron (1959:5). Dit kan dus aanvaar word dat die leierskap van die vrywilligers op Cradock erkenning geniet het en as sodanig aanvaar is.

Dit is dus duidelik dat die ACVV op Cradock vanuit 'n liefdadigheidsraamwerk gemeenskapswerk gedoen het wat bygedra het tot die stigting van formele welsynsorganisasies.

Gemeenskapswerk vereis die betrokkenheid van die gemeenskap. Dit is vroue wat die aanvanklike maatskaplike vraagstukke in hul eie gemeenskappe raakgesien het en tot aksie oorgegaan het om verligting te bring aan noodlydendes.

## OPVOEDINGSDIENSTE:
### Algemeen:

Die opvoedingsdienste van die ACVV hou tot 'n hoë mate verband met die daarstelling van welsynsdienste, wat die eintlike doel van die vereniging is. Die tak op Cradock was dus plaaslik gemoeid om kinders in staat te stel om die skool te kan bywoon hoewel Ds. Radloff van Pearston tydens 'n vergadering op 10 April 1903 gemaan het dat die moeder self grootliks verantwoordelik gehou moet word vir die opvoeding van haar kinders.

Op die ACVV-kongres wat in 1905 gehou is, is 'n opvoedingsfonds gestig met £100 wat van die tak in Gronigen in Nederland ontvang is. Takke, waaronder ook Cradock, is aangemoedig om 'n bydrae te maak. Die plaaslike tak het dit egter nodig gevind om 'n opvoedingsfonds plaaslik te stig.

Behalwe vir hierdie indirekte hulp word genotuleer dat die tak bydraes sou maak ten opsigte van voedsel, skoolfondse, boeke en klerasie aan skoliere. Finansiële hulp is onder andere gegee in die vorm van bydraes of lenings wat later terugbetaal moes word. Hulp wat deur die ACVV aan die eertydse Wilson Skool op Cradock verleen is, is 'n voorbeeld van dienslewering aan die gemeenskap sodat arm skoliere ten minste tot 'n mate gevoed kon word.

Ene mnr. G.W. Wilson, wat hoog aangeskryf is as onderwyser, het 'n skool in die distrik begin. Uit hierdie eertydse skool en kosinrigting wat hy met die hulp van sy vrou en haar suster behartig het, het die "Poor School" ontstaan wat na Cradock verskuif het. Uit die gemeenskap het verset gekom teen die armskool en meeste van die 230 kinders is opgeneem in ander plaaslike skole totdat 26 kinders oorgebly het. Dit spreek baie duidelik uit notules dat die ACVV baie betrokke was by die Wilson Skool veral deur die verskaffing van voedsel wat as prioriteit gesien is vanaf 11 Februarie 1916 nadat die skoolinspekteur die vereniging genader het om verversings in die oggende aan die leerlinge te voorsien. Hulle het die gemeenskap betrek deur bydraes te vra. Donasies wat ontvang is, onder andere sakke meel, is verwerk en die spesiale komitee wat vir hierdie doel saamgestel is, het besluit dat beskuit gebak moet word. Die aanvanklike diens is uitgebrei toe klere gekollekteer is wat aan die kinders uitgedeel is en boeke is verskaf waar nodig. Materiaal is gekollekteer wat aan die seuns se moeders gegee is om hemde van te maak. Om verder in die behoefte te voorsien, is daar gedurende 1921 'n begin gemaak om ook middagetes wat grotendeels uit sop bestaan het, te voorsien. Die gemeenskap is verder betrek en vir hierdie doel was die skoolraad selfs bereid om 'n kombuisstruktuur op te rig. ACV- lede, ouers en die gemeenskap is betrek by die projek wat uitgebrei is na gelang van die behoefte.

Dit is duidelik uit notules dat armoede 'n groot rol gespeel het in die ontstaan en bestaan van die ACVV. In die verslag van die Carnegie-kommissie wat handel oor onderwys en die armblanke (Malherbe, 1932:vi) word melding gemaak van twee tipes van armblankes

naamlik dié wat 'n landelike lewenswyse gevoer het wat betrekking op Cradock kan hê, waar hierdie klas van armes, meestal bywoners op plase, plaasarbeiders en veewagters, in veestreke gewoon het wat aan droogtes onderhewig was. Die tweede groep volgens die kommissie is dié wat vanaf plase na die dorp getrek het en onder "dorpsarmes" gesklassifiseer kon word. Volgens dieselfde bron was die onderwys in die vroë dae grotendeels godsdienstig van aard en was dit verder beperk tot eenvoudige behoeftes van die ou selfversorgende ekonomiese stelsel. Dit het so gebly tot lank na die destydse moderne kommersiële stelsel in werking gestel is en het dus nie genoegsaam tred gehou met die behoeftes van die tyd nie.

Cradock het oor baie goeie onderwysgeriewe beskik, maar 'n klasseverskil was reeds van vroeg af teenwoordig. Die feit dat die "Free Schools" gratis was, het teen hulle getel en in 1859 sê die plaaslike koerant dat baie ouers, uit 'n valse trots, hul kinders nie na dié skole stuur nie "because they savor too much of pauperism". Later jare het kinders onder andere minagtend gepraat van die kinders in "armkoshuise" (Hopkins, 1968:108).

Die ACVV het in die loop van die jare die onderwys in die algemeen bevorder en het voortdurend met die regering van die dag daaromtrent onderhandel en veral in belang van die behoeftige kind soos voorgelê aan die kongres van 1910 toe bepleit is vir gratis onderwys vir die kind bo standerd vier. Die saak is deur die ACVV bepleit totdat gratis onderwys in 1930 toegestaan is vir kinders tot op die ouderdom van 15 jaar.

Die plaaslike ACVV-tak het opvoeding bevorder op verskillende wyses, nie net op Cradock nie, maar ook elders in die land. Finansiële bydraes is gemaak om onderwysers te bekom sover as in die destydse Rhodesië gedurende 1905 op versoek van ene Ds. Geldenhuys. Op versoek van mev. v.d. Post is 'n bydrae gedurende 1906 gemaak vir 'n onderwyser op Piet Retief in die Transvaal en in 1908 vir 'n onderwyser in godsdiensonderrig op Grahamstad. In notules word nie weer melding gemaak van hulp vir onderwysers buite Cradock nie, moontlik omdat die werksaamhede plaaslik uitgebrei het en beskikbare fondse daarvoor benodig is.

**<u>Betrokkenheid van die ACVV by die voorsiening van onderwysgeriewe in 'n landelike omgewing:</u>**

Kort voor die ACVV se vyfde kongres het die voorsitter, mev. Elizabeth Roos, deur middel van 'n brief in die pers bekommernis uitgespreek oor wat daar gedoen word vir die opvoeding van jong dogters. Dit is voorgestel dat inrigtings geïnisieer word waar jong dogters kon leer om algemene huishoudelike take te bemeester soos wâs en stryk, voedselbereiding, naaldwerk, verstel van klere en hantering van finansies.
Dit was 'n gedagte wat ook byval gevind het by die bestuur van die plaaslike tak wat reeds op 19 Mei 1905 besluit het om 10 pond per jaar te belê vir dié doel. Uit 'n notule gedateer 4 Junie 1910 word verneem dat die oprigting van sodanige inrigting op 'n naburige dorp, Middelburg, beplan word. Die moontlikheid om 'n huishoudskool op Cradock te begin, is ten gunste van 'n skool op Riebeeck afgekeur ten spyte daarvan dat 'n geskikte gebou plaaslik beskikbaar was vir hierdie doel. Die oprigting van 'n huishoudskool op Cradock of die onmiddellike omgewing het dus nie gerealiseer nie, moontlik omdat dit 'n behoefte was wat nie vanuit die plaaslike gemeenskap ontstaan het nie, maar wel vanaf die hoofkantoor voorgestel is.
'n Ander behoefte is wel plaaslik geïdentifiseer en die sukses van die projek kan moontlik daaraan toegeskryf word. Die stigting van die Handelskool op Cradock is volgens Lambrechts en Theron (1959:112) 'n bewys van hoe die ACVV dikwels die voortou geneem het by die daarstelling van bepaalde dienste, om dit later oor te dra aan dié instansie wat eintlik daarvoor verantwoordelik sou wees.
Die skool het begin omdat geeneen van die plaaslike hoërskole handelsvakke aangebied het nie. Die inrigting het tot stand gekom hoofsaaklik om Afrikaner dogters wat genoodsaak was om die skool vroeg te verlaat ten einde finansieel by te dra tot die huisgesin se karige inkomste, te help met verdere opleiding in die aand om hulle meer bevoeg vir hul betrekkings te maak en ook om hulle in staat te stel om beter betrekkings te bekom (A.C.V.V.-Hoofbestuur. <u>Eendrag</u>, 1939, Deel. 12 no. 50:78).
Mev. Elizabeth Jordaan, voorsitter van die plaaslike tak, maak op 1 September 1928 'n voorstel dat handelsklasse aangebied word wat verrykende gevolge vir die plaaslike gemeenskap in die toekoms sou hê. Weereens word 'n komitee verkies om met die plaaslike skoolraad te onderhandel wat 'n patroon is van hoe die ACVV 'n behoefte of probleem aangespreek het. Op 1 Desember 1928 word teruggerapporteer dat die skoolraad gewillig is om die projek te ondersteun indien die ACVV dit sal bedryf. Ds. J.H. Malherbe voorsien die name van 'n paar dogters wat belangstel in handelsklasse. Die vergadering besluit dat briewe aan hulle gestuur sal word. Hierdie stap kan beskou word as 'n behoeftebepaling wat gedoen is om hierdie gemeenskapsprojek van stapel te stuur. Kort hierna word die pos van onderwyser geadverteer in Die Burger en Ons Land.

Aandklasse begin op 1 Julie 1929 om 20:00 in die onderste verdieping van die kerksaal. Die inrigting is geregistreer as die ACVV-Handelsklasse onder beskerming van die Unie-Onderwysdepartement. Vakke vir standerd ses, sewe en agt is aangebied en leerlinge kon die Intermediêre Sertifikaat en Senior Sertifikaat behaal. Leerlinge wat nie die fooie kon betaal nie, is deur die ACVV gehelp ten einde hulle in staat te stel om hul kwalifikasies te verbeter. Die skoolhoof meld in die verslag aan die einde van 1939 dat alle leerlinge wat hul kursusse geslaag het, 'n werk gekry het en dat dit in werklikheid die doel van die inrigting is wat bereik word.

Vanaf 1935 is uitgebrei om voorsiening te maak vir klasse in Snelskrif, Tikskrif en Boekhou gedurende die dag. In 1940 word klaskamers gehuur aan die agterkant van die Toekoms losieshuis. Die Departement van Onderwys stem toe dat die skool vier klaskamers in die ou seunskool mag gebruik. Gedurende 1941 word daar weer getrek na die Wilson skoolgebou wat toe aan die plaaslike munisipaliteit behoort het. Die skoolhoof ene mnr. Era Venter is gedurende die jaar op deputasie na die Sekretaris van Onderwys in Pretoria om te pleit vir nuwe geboue aangesien die munisipaliteit op daardie stadium self die gebou benodig het.

Gedurende die tydperk van 1940 is daar telkemale na verskillende lokale in die dorp verskuif totdat 'n nuwe skool en hostel-geboue op 2 Oktober 1968 geopen is.

Dit dui dus daarop dat die ACVV gedurende die eerste 40 jaar van sy bestaan op direkte vlak betrokke was vir die bevordering van spesiale onderwysgeriewe op die platteland. Dit was 'n direkte uitvoering van die onderneming soos ingesluit by die eerste grondwet van die vereniging.

**Aanmoediging van Leeslus:**

Die taak van die ACVV ten opsigte van die aanmoediging van leeslus is reeds in die oudste eksemplaar van die grondwet van die vereniging opgeneem en dit is onderneem om goeie Hollandse boeke te help versprei en veral die jeug aan te moedig om te lees veral oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hulle het ook onderneem om alles wat suiwer Afrikaans is te bevorder en hulp te verleen tot die opbou van Taal en Volk soos opgeneem in die leuse van die vereniging wat tans nog gebruik word: VIR VOLK, TAAL EN KERK. Lede is aangemoedig om hul taal te waardeer en dit soveel moontlik te skryf en te praat. Dit dui op 'n moontlike teenreaksie na die oorlog waardeur die moraal van die Afrikanervolk afgebreek is.

Om hierdie doelwitte na te streef het die ACVV 'n groot verskeidenheid projekte geloods. Hulle het onder andere ondersoek ingestel na die plaasskoolbiblioteke, die instelling van 'n ruilboekerydiens vir buiteskole, die geldelike ondersteuning van boekerye, die bevordering van leeslus in die algemeen en die stigting van leeskamers. Verder was daar die skenking van 'n wisselbeker vir die bevordering van leeslus, sowel as betrokkenheid van die ACVV by die stigting van die Vereniging vir Boekverspreiding en die instelling van 'n vrye provinsiale boekerydiens. (Lambrechts en Theron, 1959:112).

Reeds so vroeg as 3 November 1904 is genotuleer dat die tak op Cradock hulle beywer het om Hollandse boeke te bekom en 'n boekery te begin. Met die hulp van Sir Jacobus de Wet is boeke vanaf Holland bekom om sodanige boekery tot stand te bring. 'n Spesiale glaskas, wat steeds in besit van die plaaslike tak is, is aangekoop om die boeke in te bewaar. Ten spyte daarvan dat 'n bibliotekaris met tye op deeltydse basis aangestel is, het hulle dikwels gesukkel om boeke wat uitgeleen is, terug te kry en het dit uit notules geblyk dat hulle onsteld was omdat kinders soms die boeke laat rondlê of verniel het. Op 6 Maart 1937 word genotuleer dat die plaaslike ACVV-tak reeds al die nuutste Afrikaanse boeke wat geskik is vir kinders, besit. 'n Besluit word geneem dat die vyf pond wat jaarliks bewillig word vir die aankoop van boeke vir die ruilbiblioteek, gebruik sal word om skoolboeke vir behoeftige leerlinge aan te koop. Uit notules is dit egter duidelik dat boeke vir die leeskamer steeds op 7 Junie 1941 aangekoop word.

Op 2 September 1905 word 'n brief aan mev. Koopmans-de Wet voorgelees waarin sy sterk pleit vir die versuiwering van die Hollandse taal. Sy bied aan om een pond te skenk as prys vir die seun en dogter wat gedurende die jaar die beste gevorder het op skool. Daarna word boekpryse jaarliks aan die skole op Cradock gegee ter bevordering van die Hollandse/Afrikaanse taal. Op 2 Desember 1907 spreek Dr. Cilliers die ACVV toe uit dankbaarheid vir die boekpryse wat ontvang is en praat oor die gebruik van die taal. Hy meld onder andere die volgende punte wat ook die houding van die vereniging manifesteer:

- Dit is die taal wat in die kerk gebruik word.

- As die taal verlore gaan, gaan ook die karakter van 'n volk verlore.
- Hollands/Afrikaans word gepraat wanneer die diepste gevoelens uitgespreek word.
- Die uitspraak moet eg wees.

Die plaaslike tak pleit deurgaans dat kinders op skool in hul moedertaal onderrig moet word. Hulle bring dit onder die aandag van die plaaslike skole en op 3 Junie 1911 besluit hulle om dit weereens onder die aandag van die plaaslike skoolraad te bring. Dit is 'n uitvoering van die verbintenis om die taal te bevorder soos uiteengesit in die grondwet waaraan ACVV lede hul verbind het.
'n Verdere wyse waarop die Afrikaanse taal ook plaaslik bevorder is, is deur middel van resitasie-kompetisies wat geloods is en wat moontlik die voorloper was van kunswedstryde wat later jare deur ander organisasies op Cradock gereël is.

## RESIDENSIëLE SORG:

Lambrechts en Theron, (1959:56) is die mening toegedaan dat maatskaplike werkers sowel as lede van die ACVV in die loop van die lewering van gesinsorgdienste tot die gevolgtrekking gekom het dat daar bepaalde groepe persone is vir wie die vereniging die beste kan dien wanneer hulle in inrigtingverband versorg kan word. Die probleem wat die ACVV in Kaapstad geïdentifiseer het, is byvoorbeeld opgelos deur die daarstelling van huisvesting vir laagbesoldigde werkende meisies in die vorm van 'n inrigting wat in samewerking met die staat en NG Kerk deur die Algemene Armesorgkommissie. Hoewel die behoefte vir die oprigting van sodanige tehuis in 1917 reeds geïdentifiseer is, is die eerste tehuis van hierdie aard eers in 1930 geopen. Takke in die Paarl, George, Worcester en Upington het later ook in die behoefte voorsien. Klem het verskuif van blote huisvesting na opheffing deur middel van programme wat gimnastiek, boekery, praatjies en demonstrasies ingesluit het. Individuele beraad ten einde aanpassing in die tehuis en gemeenskap te bevorder, is later ingesluit in diensleweringsprogramme.
'n Tweede tipe inrigting wat deur die ACVV opgerig is, was kinderbewaarskole wat 'n noodsaaklikheid geword het met die ontwikkeling van nywerhede in SA wat meer werkgeleenthede vir vroue tot gevolg gehad het. Die afwesigheid van die moeder gedurende die dag, het dagversorging vir voorskoolse kinders noodsaaklik gemaak. Die eerste bewaarskool is op 17 Mei 1933 in Soutrivier in Kaapstad geopen. Die eerste bewaarskool vir blanke kinders op 'n plattelandse dorp, is in die Paarl begin. Teen 1940 het daar reeds verskeie inrigtings onder beheer van die ACVV-hoofbestuur bestaan naamlik tehuise vir bejaardes, 'n tehuis vir laagbesoldigde werkers, twee inrigtings vir gekommiteerde dogters, ses koshuise vir behoeftige leerlinge, verskeie verpleeginrig- tings op die platteland, kinderbewaarskole en die eerste gemeenskapshuis van die Noorder-Paarltak (Rothman. <u>Eendrag</u>, 1940, Volume 13 no. 54:38). In dieselfde uitgawe van die tydskrif (48) meld M.E. Rothman dat daar ook eenvoudige verpleeginrigtings en

klinieke deur die ACVV daargestel is en dat genoemde raamwerk gedeeltelik die werk van die dekade 1930 - 1940 behels het.

Uiteraard verskil die gemeenskapsbehoeftes van die platteland van stedelike gebiede en verskil die behoeftes en infrastruktuur om daarin te voorsien. Op Cradock as voorbeeld van 'n landelike omgewing het twee tipe inrigtings voorgekom, naamlik koshuise vir arm skoliere wat onder opvoedingsdienste bespreek word en die daarstelling van 'n tehuis vir bejaardes wat deel gevorm het van uitgebreide bejaardesorgdienste waarop die ACVV baie klem gelê het. Teen 1917 is die eerste tehuis vir verouderde persone deur die ACVV in die Paarl geopen. Dit was egter nie die eerste tehuis van hierdie aard in die land nie omdat daar teen daardie tyd reeds 9 tehuise bestaan het wat begin is deur verskeie kerkgenootskappe en private organisasies. Die tweede tehuis vir bejaardes wat onder beheer van die ACVV tot stand gekom het, was dié op Cradock. Dit was aanvanklik bedryf as diensvertakking van die ACVV-hoofbestuur terwyl dit uit notules van die takvergaderings duidelik geblyk het dat die plaaslike ACVV die uitvoering van beheer, organisasie en administrasie moes behartig. Die tehuis kan beskou word as 'n voorbeeld van die ontwikkelingsproses waardeur die behuisings- en versorgingsbehoeftes van die verouderde persone in 'n gemeenskap gaan. Die ontwikkelingsproses van hierdie diensvertakking van die ACVV Cradock kan as volg in drie fases ingedeel word:

- 1925-1956 : Stigting onder beheer van die ACVV-hoofbestuur.
- 1956-1980 : Uitbreidings aan bestaande tehuis.
- 1980-1995 : Beplanning, oprigting en betrekking van die Elizabeth Jordaan Tehuis as deel van die Erica Sentrum.

Op 7 Februarie 1925 het die inisiatief vir die oprigting van die tehuis uitgegaan van die plaaslike tak van die ACVV. Die bestuur het besluit om 'n beskrywingspunt aan die kongres voor te lê waarin hulle die oprigting van 'n tehuis op die dorp bepleit het wat die eerste in die Oostelike Provinsie sou wees en die tweede onder beheer van die ACVV-hoofbestuur. Die sterk leiers waaroor die plaaslike tak beskik het, was weereens die pioniers op die gebied en hulle het dus nie weggeskram van die verantwoordelikhede wat die voorsiening van geïdentifiseerde behoeftes sou meebring nie.

Kort nadat die besluit geneem is om 'n tehuis op te rig, het die plaaslike bestuur begin om navrae na geskikte erwe te doen. Hoewel aanvanklik beplan is om 'n gebou op te rig, besluit die bestuur later om 'n geskikte woonhuis aan te koop wat as tehuis vir bejaardes ingerig sou word. Die tehuis, geleë in Victoriastraat, is gedurende Februarie 1927 geopen met 10 inwoners en die bestuur het 'n beginselbesluit geneem on nie meer as 18 persone op te neem nie.

Gedurende die eerste ses maande van die tehuis se bestaan was daar geen gereelde inkomste nie. Naburige takke het om die beurt kruideniersware geskenk. Na 'n besoek van afgevaardigdes van die Hoofbestuur, het hulle onderneem om finansieel behulpsaam te wees indien effektiewe beheer oor finansiële aspekte uitgeoefen sou word. Die eerste

finansiële hulp van die staat is gedurende 1926 ontvang van die Provinsiale Administrasie en het een sjieling per dag per persoon beloop. Vanaf 1 Januarie 1929 het diegene bo die ouderdom van 65 jaar gekwalifiseer vir twee pond tien sjielings per maand. Dit dui daarop dat die staat gedurende hierdie tydperk dus tot beperkte mate betrokke was by verouderingsdienste.

Gedurende die stigtingsjare van die tehuis was die Staat tot 'n mate betrokke by die versorging van die kind maar die behoeftige bejaarde was nog steeds net op die hulp van familielede, armesorg en liefdadigheid aangewese (Winckler, 1967:171). Effense verligting het gekom na die uitvaardiging van die Ouderdomspensioenwet gedurende 1928 (Wet No. 22 van 1928) wat tot gevolg gehad het dat die beginsel aanvaar is van uitbetaling van maatskaplike penioene en toelaes, gebaseer op 'n middeletoets.

Toe die Departement van Volkswelsyn in 1940 die besteding van armesorg van die provinsies oorgeneem het, het hy ook verantwoordelikheid aanvaar vir die subsidiëring van tehuise vir bejaardes. In 1940 is daar 10 tehuise vir bejaardes vir blankes deur die staat gesubsidieer (Winckler, 1967: 369).

## SAMEVATTING:

Dit is bevind dat die geskiedenis van die ACVV duidelik aandui dat die ontstaan van die vereniging te danke is aan die diepgewortelde fisiese behoefte omdat die vroue aangegryp is deur die lyding van veral die vroue en kinders as gevolg van verwoesting en verarming wat deur die Tweede Vryheidsoorlog veroorsaak is. Die vroue op die platteland kon hulself vereenselwig met die Boere-krygsgevangenes wat op die Groenpuntse meent in treurige omstandighede verkeer het in afwagting van verskeping na konsentrasiekampe buite die grense van die land terwyl inwoners van Cradock onder andere na 'n kamp in Port Alfred gestuur is.

Die vroue is aanvanklik aangespoor deur vaderlandsliefde en volkstrots en wou bydra tot die maatskaplike heropbou van hul volk. Behalwe die verskaffing van noodvoedsel en ander noodhulp, is individue prakties betrek met die doel om die moraal van veral die vrou op te bou.

Om in die primêre oorlewingsbehoeftes te voorsien het die vroue saamgestaan en 'n groep gevorm wat groepkrag tot gevolg gehad het. Hulle het komitees op dorpe gestig wat veral ten doel gehad het om kos en klere in te samel om na volksgenote wat in nood verkeer het, te versend. Dit het tot gevolg gehad dat die vereniging wat in 1995 reeds 95 jaar bedrywig was, se basis stewig gevorm was. Die vroue op Cradock het veral sterk inspraak gelewer wat uitgekring het na ander dorpe.

Op 'n vergadering gehou gedurende 1903 in Kaapstad aan huis van mev. Koopmans-de Wet is die reëls van die komitee wat reeds op Cradock bestaan het, voorgelees en met 'n paar wysigings aangeneem. Dit sou die basis vorm van die eerste grondwet van die

vereniging soos opgestel met die hulp van mnr. C.W.H. van der Post en aanvaar op die eerste kongres van die ACVV in 1905. Die organisasie streef steeds hierdie reëls na. By dieselfde vergadering is ook besluit om die woord "Christelijk" in te voeg by die vereniging se naam. Hierdie vroue was nie bewus daarvan dat hulle die voorlopers en stigters van die groot vroueverenigings was wat in 1960 saamgesnoer sou word in die Federale Vroueraad nie.

Dit is duidelik dat hulle vanaf grondvlak uitbeweeg het na die uitgebreide blanke bevolking. Die vroue van Cradock het leiding geneem in die stigting van takke op ander dorpe in die Kaap Middellande deur die vroue daar te motiveer en fisies by te staan deur besoeke af te lê waar vroue belanggestel het om takke te stig. Vroue het vanaf die platteland hul stem laat hoor wat opgevolg is deur optrede wat protesvergaderings tot gevolg gehad het waar die vroue saamgestaan het sodat hul stem in groter mag saamgesnoer is ten einde hul doel te bereik.

Die beginsels wat die ACVV steeds nastreef staan nog in verband met die grondwet wat by die eerste kongres aanvaar is. Dit is 'n aanduiding dat die ACVV beginselvas gestreef het om hul doelwitte te bereik.

Gedurende September 1994 is 'n besluit op die kongres geneem dat die naam, Afrikaanse Christelike Vrouevereniging behou sal word omdat dit steeds die naam bly wat eie is aan die vereniging en doelwitte wat nagestreef word ten spyte van aanpassings wat veranderde behoeftes en regeringstelsel tot gevolg gehad het.

Dit is duidelik dat die eerste dienste gelewer is na aanleiding van 'n behoefte soos in eie geledere geïdentifiseer. Omdat dit wel die geval was, was die aksie suksesvol en was die gemeenskap bereid om 'n bydrae te maak veral in die vorm van donasies wat finansieel van aard was of in die vorm van goedere soos landbouprodukte, kruideniersware en klerasie. Dit is gebruik om in nood van krygsgevangenes te voorsien, of vir ander noodlydendes, armes en siekes. Die gemeenskap het onder andere bygedra om die leerlinge van die Wilson Skool te voorsien van voedsel en klerasie en die tehuis moes deur die gemeenskap, en omliggende gemeenskappe gedra word totdat staatshulp ontvang is in die vorm van subsidie omdat fiansiële hulp van provinsiale vlak, baie karig was.

Gesinsorgwerk het grootliks noodhulp, tuisbesoeke wat opvoeding en ouerleiding behels het, ingesluit. Hierdie werk is gedoen deur entoesiastiese en goedgemotiveerde lede van die ACVV-takke soos ook op Cradock. Hulle het onder moeilike fisiese en emosionele omstandighede gebuk gegaan as gevolg van oorlogsomstandighede wat die dorp en distrik ten nouste geraak het en veral lede van die ACVV wat hul vereenselwig het met die lot van die Afrikanervolk. Hulle het hulle egter doelgerig bepaal by die riglyne soos voorsien in die eerste grondwet van die plaaslike vereniging wat later met enkele wysigings aanvaar is vir die vereniging wat in Kaapstad gestig is.

Die Afrikanervolk het 'n tydperk van armoede beleef. Oeste en landbouprodukte is deur militêre magte gekonfiskeer, maar tog dui beskikbare geskiedkundige bronne daarop dat

Cradock as een van die grootste en vooruitstrewendste dorpe in die Middellandse landelike gebied beskou kon word. Die krag van die landbou het veral gelê in die suksesvolle veeboerdery wat hier bedryf is. Die eerste tydperk van die bestaan van die vereniging is gewy aan die vestiging van die organisasie en die stigting van takke op naburige dorpe. Die bestuurslede op Cradock kan as sterk leiers beskou word wat uit oortuiging van hul saak, die organisasie wou vestig. Hulle het geglo in koöperatiewe samewerking ten einde hul doel te bereik.

Die stigting van takke op omliggende dorpe kan beskou word as die eerste gemeenskapswerk wat deur die ACVV van Cradock gedoen is. Die werksaamhede is egter gekoördineer op die kongresse wat baie gereeld gehou is. Die tweede hiervan het op Cradock plaasgevind gedurende 1906 wat daarop dui hoe belangrik die hoofbestuur en organiseerders die tak plaaslik aangeskryf het.

Na aanleiding van die eerste riglyne en grondwet van die nuutgestigde vereniging, is opvoedingsdienste as uiters belangrik beskou en is baie energie hieraan gewy. Die volgende het onder andere deel uitgemaak van hierdie aksie:

- Die opvoedingstaak van die ouers en veral die moeders, is deurgaans beklemtoon. Die ACVV se betrokkenheid by toesigdienste ten opsigte van gesinne aan wie die eertydse Moederspensioene uitbetaal is, kan as voorbeeld beskou word.
- Opvoedingsfondse is op plaaslike en koloniale vlak geïnisieer.
- Bydraes ten opsigte van voedsel, klerasie, skoolfondse en boeke aan skoliere.
- Finansiële hulp in die vorm van bydraes of lenings wat later terugbetaal moes word.
- Voeding en ander hulp aan die leerlinge verbonde aan die Wilson Skool vir armblanke kinders.
- Onderhandeling met die regering van die dag in belang van gratis onderwys aan die behoeftige kind.
- Handelsklasse wat ten doel gehad het om armblanke wat skool op 'n vroeë ouderdom moes verlaat, in staat te stel om hulle te bekwaam om buitenshuise arbeid te verrig ten einde 'n inkomste vir hulle en hul gesinne te genereer.
- Uitbreiding van handelsklasse na 'n volwaardige handelskool wat later nie net vir die inwoners van Cradock nie, maar ook vir die hele gebied in die Middellande, tot voordeel sou wees.
- Voorsiening van Hollandse/Afrikaanse boeke en 'n ruilbiblioteek ten einde leeslus onder arm Afrikaners te bevorder.
- Boekpryse aan skole ter bevordering en versuiwering van die Hollandse/Afrikaanse taal.
- Onderhandel met die onderwysowerheid vir moedertaal-onderrig op skole.
- Resitasiekompetisies wat later ontwikkel het in volwaardige kunswedstryde waar die Afrikaanse taal en kultuur bevorder is.

Soos wat die tak op Cradock 'n groot aandeel gehad het in die stigting van die vereniging, was hulle soos op verskeie ander gebiede, leiers in die voorsiening van behuising vir bejaardes, in die vorm van 'n tehuis vir bejaardes, die tweede van die ACVV op nasionale vlak.

Dienste is dus gedurende die eerste 40 jaar van die ACVV Cradock gelewer deur vrywilligers sonder die hulp van professionele persone. Dit is gelewer na aanleiding van geïdentifiseerde behoeftes wat voorgekom het in die plaaslike gemeenskap self. Die sukses van ontwikkeling kan dus hieraan toegeskryf word.

# HOOFSTUK 3

## DIE ONTWIKKELLING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1940 TOT 1990: PROFESSIONALISERING

### INLEIDING:

Tot 1943 is die klem van dienslewering geplaas op die stigting en vestiging van die welsyn-organisasie deur vrywilligers en afwesigheid van opgeleide persone by name maatskaplike werkers. Die hoofstuk dui op die ontwikkeling gedurende die tydperk 1940 tot 1990 wat kenmerkend is van die oorskakeling van suiwer vrywilligerwerk wat grootliks die lewering van noodhulp en primêre maatskaplike dienste ingesluit het. Opleiding van maatskaplike werkers het die behoefte laat posvat dat maatskaplike werkers aangestel word.

As agtergrond vir die studie word daar in hierdie hoofstuk verwys na die aanstellingsproses en ontwikkeling van dienste wat veral klem gelê het op groepwerk met volwasse vroue wat ten doel gehad het om die uitwerking van armoede te bekamp en hoe dit ontwikkel het om aan te pas by die veranderde behoeftes wat binne die groep voorgekom het. Groepwerk met kinders het voortgespruit uit die totale versorging van finansieel gedepreveerde kinders wat tuisgegaan het in die plaaslike koshuise vir armblanke kinders en word as sodanig ingesluit by die hoofstuk.

Melding word ook gemaak van bejaardesorgdienste wat groepwerk ingesluit het en geskoei was op die behoefte van sosiale byeenkomste terwyl pogings om dit as opvoedkundige geleentheid te benut, nie suksesvol bewys kon word nie.

Gedurende hierdie tydperk is samewerking met die kerkgenootskappe hoog ge-ag deur beide groepe veral ten opsigte van finansiële en toesighoudende hulp ten opsigte van die aanstelling van maatskaplike werkers en die verskaffing van noodhulp, finansieel en in fisiese vorm. Direkte samewerking met die NG Kerk het veral gerealisieeer in die samewerking ten opsigte van voorkomende en behandelingsdienste aan alkoholiste en hul gesinne deur die stigting en ontwikkeling van die Christelike Alkoholiste Vereniging/Diensaksie (CAD).

Gedurende hierdie tydperk is residensiële sorg gelewer aan kinders wat tuisgegaan het in spesiale koshuise wat in dié hoofstuk beskryf word as die laaste direkte opvoedkundige diens wat aan skoliere gelewer is. Dit is uitfasseer na gelang van behoeftes van die tyd. Dienste is voortgesit in samewerking met die verskillende skole en skoolraadskantoor.

Die ACVV op plaaslike vlak het groot verantwoordelikheid aanvaar toe hulle gedurende hierdie tydperk die beheer en bestuur van die Elizabeth Jordaan Tehuis oorgeneem het wat rigting gegee het aan die ontwikkeling van residensiële sorg vir verouderde persone in

Cradock. Aanbouings en uitbreidings is aangebring na aanleiding van geïdentifiseerde behoeftes en is aanduiding van die klem wat die ACVV op bejaardesorgdienste gelê het.

AANSTELLING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS

Ten spyte daarvan dat die eerste maatskaplike werker op Cradock nie deur die ACVV aangestel is nie, was die tak van die begin af nou betrokke by haar aanstelling.

Toe mev. Koos v.d. Merwe op 9 Junie 1939 haar dienste op 'n ACVV-vergadering aanbied as 'n maatskaplike werker, moes daar, al was dit deur haarself as ACVV-lid, 'n behoefte aan sodanige dienste geïdentifiseer gewees het. Die tak se verskoning was dat hulle nie op daardie tyd oor die nodige fondse beskik het om 'n persoon aan te stel nie. Dit is onbekend of hierdie persoon oor professionele kwalifikasies beskik het. Op 12 Julie 1941 het mev. (ds.) Malherbe die tak toegespreek as lid van die Vroue Sendingbond (VSB), 'n diensaksie van die NG Kerk, oor samewerking vir die aanstelling van 'n maatskaplike werker. Op daardie stadium het die genoemde kerk plaaslik oor 2 600 gemeentelede beskik waarvan baie nou geraak is deur die armblankevraagstuk en die depressie waardeur boere en arbeiders van die plase gedryf is. Die kerkraad en VSB as vroueaksie was van mening dat die tyd ryp was om 'n maatskaplike werker aan te stel. 'n Gekombineerde verteenwoordigende komitee van die NG Kerk en ACVV is aangestel en het op 1 Desember 1941 aanbeveel dat die ACVV sal saamwerk met die kerkraad en ander liggame om 'n maatskaplike werker aan te stel. Die ACVV het besluit om 30 pond per jaar by te dra tot haar salaris. Mev. Malherbe het daarop die ACVV-hoofbestuur gekontak om die naam van 'n moontlike kandidaat vir die pos te kry, maar niemand was beskikbaar voor Februarie 1943 toe mej. Hattingh aangestel is nie. Dit het later ook 'n tendens getoon dat maatskaplike werkers nie geneë is om in die platteland by 'n eenmanskantoor te werk nie. Hoewel sy nie in diens van die ACVV was nie, het die vereniging bygedra tot haar salaris en het hulle ook kantoorakkomodasie beskikbaar gestel en dit gemeubileer. Sy was onder andere verplig om by die ACVV as lid aan te sluit. Later het hulle ook bygedra tot die vervoer wat die gebruik van 'n huurmotor (1946) ingesluit het asook die aankoop van 'n fiets (1948) en uiteindelik 'n motor in 1951 nadat hulle twee jaar vroeër volle verantwoordelikheid vir die pos oorgeneem het.

Mej. Hattingh was veral gemoeid met die vrouewerkklas waar sy baanbrekerswerk gedoen het. Daarmee saam is moedersmiddae gereël en sy was bereid om 'n botterskema in te stel soos deur die staat voorsien. Uit die notule van 17 Julie 1943 doen sy verslag van besoeke aan gesinne en veral jong dogters wat dui op die lewering van gesinsorgdienste. Op 31 Augustus 1946 bedank sy uit die pos om haar as verpleegster te bekwaam.

Die tweede maatskaplike werker, mej. H. Jurgens, is ook as kerklike maatskaplike werker aangestel. Op 7 Augustus 1948 besluit die ACVV om aansoek te doen vir 'n gesubsidieerde pos en om verantwoordelikheid vir die voortsetting van dienste deur mej.

Jurgens gelewer, oor te neem. Dit realiseer op 1 Oktober 1948. Na haar bedanking op 4 April 1949 is die vereniging huiwerig om onmiddellik weer 'n maatskaplike werker aan te stel omdat hulle van die hoofkantoor verneem het dat geen geldelike hulp vir die finansiële jaar beskikbaar sou wees nie.

Na die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in Oktober 1937 het die ACVV begin agiteer vir die instelling van 'n staatskema vir die subsidiëring van maatskaplike werk poste. Vanaf 1 April 1938 is 'n skema ingestel waarvolgens 75% van die goedgekeurde salaris van 'n maatskaplike werker deur die Departement betaal is. Byna 60 jaar later is dit dieselfde skame wat nog van krag is. Subsidie is uitbetaal aan die ACVV-Hoofkantoor wat dit vandaar versprei het. Alle reëlings is deur hoofkantoor getref en takke het met hulle geskakel oor beskikbare werkers en subsidie. Uit notules is dit duidelik dat die tak voortdurend bekommerd was oor die uitbetaling van subsidie.

Ten spyte daarvan dat Lambrechts en Theron (1959:43) melding daarvan maak dat die Departement die aanvangsalaris vasgestel het op £200 per jaar en die ACVV-Hoofkantoor £240 voorgestel het, het die maatskaplike werker 'n salaris van £175 per jaar ontvang.

Uit die notule gedateer 5 September 1949 is dit duidelik dat die maatskaplike werker op Saterdae gewerk het en dat kliënte ook toegelaat is om haar na ure by haar losiesplek te besoek. Gedurende Julie 1950 word daar met die kerkraad onderhandel vir 'n tweede maatskaplike werker maar die ACVV-Hoofkantoor stel die tak in kennis dat geen fondse vir dié doel beskikbaar sal wees nie. Op 22 Julie 1950 maan mev. Malherbe, 'n bestuurslid, dat die ACVV-lede as vrywilligers, nie hul take op die maatskaplike werker moet aflaai nie. Dit wil voorkom asof die vrywilligers wat jare lank die werk uit liefde tot die naaste gedoen het, sonder om enige vergoeding te verwag, 'n rolverwarring beleef het wat ingesluit het dat hul van mening was dat die maatskaplike werker as betaalde amptenaar, verantwoordelik was om alles te doen. Dit was 'n idee wat sporadies na vore gekom het en deurlopend aangespreek moes word selfs onder huidige omstandighede.

Die ACVV bestuur was die amptelike werkgewers wat ook beheer en toesig oor die werksaamhede van die maatskaplike werkers moes uitoefen. Personeel is toegelaat om etlike konferensies in verband met die werk en soos gereel deur die ACVV, by te woon. Die rondreisende sekretaris van die ACVV-hoofbestuur het Cradock sporadies besoek wanneer sy dan ook aanbevelings ten opsigte van die werk gemaak het.

Mej. S. Sadie begin werk op 1 Junie 1949 en een van haar prioriteitstake was om met Dinsdagmiddae by die Kinderkrans wat 'n diensaksie van die NG Kerk is, te help.

In die eerste jaarverslag wat genotuleer is, maak die maatskaplike werker verskil tussen:

- Omgewingsdienste (Gemeenskapswerk)
- Persoonlike Dienste (Gevallewerk)
- Groepwerk

Deel van haar werk op hierdie stadium was om die take rondom administrasie van gebruikte klere uit te voer en sy was steeds nou betrokke by die botterskema van die staatsdiens om behoeftiges te help.
Op die laaste vergadering wat sy bygewoon het, op 4 Desember 1952 word afskeid geneem en dit is duidelik dat daar met lof en dankbaarheid gepraat is van die werk wat sy gedoen het. Daar word spesiale melding gemaak van die uitbreiding van die werk ondergaan het gedurende haar dienstermyn.
In die net meer as 1 jaar wat mej. N. Mulder as maaskaplike werker gewerk het, is daar in notules geen melding van die maatskaplike werker of haar dienste gemaak nie en die afleiding word gemaak dat daar gedurende haar dienstydperk nie noemenswaardige veranderinge plaasgevind het in dienslewering nie. Na haar bedanking was die vrywilligers aktief betrokke om die kantoorwerk te behartig en is mev. Badenhorst, Loots en Niemand getaak om die werk te doen totdat mej. Van Heerden op 1 Junie 1954 in die pos aangestel is.
In Omsendbrief 1/1955 van die ACVV-Hoofkantoor word aanbeveel dat takke self moet toesig hou oor die administratiewe werksaamhede van die plaaslike kantore. Op aanbeveling dat 'n toesighouer aangestel word, word mev. W. Morrison wat self 'n opgeleide maatskaplike werker is, gekies om dié taak te doen. Die werksaamhede brei skynbaar op hierdie stadium uit want die aanstelling van 'n tweede maatskaplike werker kom weer sterk na vore hoewel die ACVV nie bereid is om 'n pos te deel met die Kindersorgvereniging nie, omdat hulle van mening is dat dit verwarring kan veroorsaak maar in die tussentyd het hulle ook nie oor die nodige fondse beskik om op eie koste 'n werker aan te stel nie. Dit blyk egter dat die werksaamhede op daardie stadium te veel geword het vir een maatskaplike werker en dat die bestuur 'n persoon aangestel het om die kinderklub oor te neem. Die maatskaplike werker het haar bedanking teruggetrek nadat besluit is om 'n tweede personeellid aan te stel. Mev. E. Loots word vanaf 1 Junie 1956 aangestel ten spyte daarvan dat sy nie formele opleiding ontvang het nie.
Baie min werksaamhede word in notules gemeld terwyl praktiese reëlings weer op die voorgrond is. Omdat 'n toesighouer se dienste nie op gereelde basis beskikbaar is nie, besoek 'n senior personeellid, mnr. Bennie, van die Departement Volkswelsyn die tak en maak aanbevelings ten opsigte van kantooradministrasie en -akkommodasie. Dit is die eerste direkte skakeling met die betrokke departement wat genotuleer is en 'n goeie samewerkverhouding sou in die toekoms ontwikkel met die verskillende takkantore van die betrokke staatsdepartement.
Toe die twee maatskaplike werkers kort na mekaar in 1958 bedank, tree die hoofkantoor in en laat mej. Nortier, wat in Port Elizabeth werksaam was, toe om op Cradock te kom aflos sodat die werksaamhede kon voortgaan tot mej. E. Geyer op 12 Januarie 1959 begin werk het. 'n Taamlike omset van personeel het voorgekom maar skynbaar nie as gevolg van 'n te groot werklading nie. Op 4 Maart 1965 doen mej. Human verslag en is sy van mening

dat die werksaamhede op daardie stadium nie 'n tweede pos regverdig nie en dat sy, deur deeglik te beplan, die werk sal kan doen hoewel dit duidelik blyk dat die maatskaplike werker steeds verantwoordelik is vir al die take in die kantoor wat ook algemene tik- en klerklike werk ingesluit het. Sy maak enkele voorstelle waardeur haar werk verlig kan word soos onder andere die volgende:

- Om op groter dogters te konsentreer en nie klein kindertjies by die kinderklub toe te laat nie.
- 'n Vervoerkomitee saamgestel word sodat hulle kan help om klublede na en van byeenkomste te vervoer.
- Vrywilligers behulpsaam moet wees met vier vrouewerkklasbyeenkomste in die maand, klub vir bejaardes, vendusieskinkery, verkoop van tweedehandse klere, energieverrykte voedselware en gesubsidieerde botter.

Hierdie is 'n besluit wat die bestuur later duur te staan gekom het omdat dit nie lank geneem het voor die werksaamhede sodanig uitgebrei het dat 'n tweede werker nodig was nie en die aansoeke vir die tweede pos telkemale daarna misluk het.

Met die uitbreiding van die werksaamhede het dit geblyk dat daar 'n behoefte vir supervisie en indiensopleiding bestaan. Mev. A. van Heerden het hierdie pos beklee vanaf April 1974 tot haar bedanking aan die einde van Junie 1994 en mev. A. du Plessis het oorgeneem vanaf 1 Augustus 1994 as streekverteenwoordiger van die streek Middellande wat Cradock insluit.

Op 27 Februarie 1974, enkele dae voor 'n vernietigende watervloed die dorp tref, besoek dr. H. Lambrechts, sekretaresse van die ACVV-Hoofkantoor, die tak en beveel aan dat 'n kantoorhulp aangestel word om die administratiewe werk en veral administrasie van toelaes en die boekhouding daaraan verbonde, oor te neem. Op daardie stadium begin die stryd weer om 'n tweede gesubsidieerde pos te bekom en brei die werk uit na die buurdorpe, Bedford en Adelaide ten einde die gevallelading te verhoog. Die dienste van verskeie maatskaplike werkers word hierna finansieel deur die tak self gedra en aangewend op verskillende terreine soos 'n speelgroep, naskoolstudieklasse en uitbreiding van dienste by die Elizabeth Jordaan Tehuis. Die tak slaag eers na vele onderhandelings met die Departement Volkswelsyn en drie tak-ondersoeke deur hulle om 'n tweede gesubsidieerde pos te vul vanaf Januarie 1978.

Vanaf 1948 het die ACVV 36 maatskaplike werkers aangestel waarvan 19 in gesubsidieerde poste voltyds aangestel is. Die ander was deeltyds óf omdat die pos vakant was en hulle uitgehelp het totdat 'n maatskaplike werker gevind kon word óf om poste wat op deeltydse basis deur die ACVV geskep is te beklee terwyl aansoek gedoen is vir 'n tweede subsidie. (Vergelyk bylaag 1:)

**Gesinsorgwerk:**

Die ACVV staan bekend as die oudste gesinsorgorganisasie en dus welsynsorganisasie wat welsynsdienste aan gesinne en individue binne gesinsverband lewer. Gesinsorgwerk vorm die eintlike kern van die werksaamhede van die vereniging en is deurgaans gemik op die vorming van 'n gesonde gesinslewe. Die dienste van die vereniging aan die individuele gesinslid het steeds ten doel om hom te help om beter by sy gesin, en gevolglik ook beter by die samelewing aan te pas (Lambrechts en Theron, 1959:35). Dienste soos gelewer deur die ACVV sluit die volle lewensiklus van die mens in.

Gevallewerk het sy oorsprong gehad in die verligting en bekamping van armoede oor die wêreld heen soos ook in Suid-Afrika (Van Rooyen, 1980:15). Liefdadigheidsorganisasies het uit menslike oorweging ontwikkel en was soos die geskiedenis toon, soos met die ACVV ook die geval was, godsdienstig of humanisties geïnspireer terwyl primêre hulp aan die armes verskaf is. Dit het vroeg al nodig geblyk dat ondersoek na die omstandighede van individue of gesinne ingestel is alvorens hulp verleen is. Hierdie ondersoeke is aanvanklik deur vrywilligers gedoen, maar met die aanstelling van maatskaplike werkers het 'n rolverskuiwing plaasgevind.

Voor die aanstelling van maatskaplike werkers is takke aangemoedig om gesinsorgkomitees te inisieer wat direkte dienste op 'n meer gekoördineerde vlak lewer. Die volgende aspekte het deel uitgemaak van sodanige komitees (Lambrechts en Theron, 1959:39):

- Hulp aan kliënte by die aanvra van staatstoelaes.
- Administrasie van toelaes.
- Kontak met kinders in inrigtings.
- Reëlings vir die versorging van bejaardes.
- Hulp met werkverskaffing.
- Voorligting oor huishouding, kinderopvoeding en voorbereiding van voedsel.
- Reëlings vir die inskakeling van kliënte by die kerklike lewe.

Maatskaplike werkers het gebruik gemaak van bestaande gesinsorgkomitees hoewel die struktuur in samestelling en taakverdeling 'n verandering ondergaan het. Hoewel ACVV-lede as vrywilligers betrek is, is medewerkers op die komitee gekoöpteer ten einde gebruik te maak van hul vaardighede en gespesialiseerde kundigheid. Hulle het in raadgewende hoedanigheid opgetree ten einde die maatskaplike werkers te help om die regte besluite te maak en het ook 'n mate van beskerming verleen vir besluite wat deur die maatskaplike werker geneem moes word onder andere die verwydering van kinders.

Ten spyte van die klem wat maatskaplike werkers verleen het aan groepwerk, en in die tagtigerjare aan gemeenskapswerk, is die werksaamhede grootliks gemeet aan die gevallewerkgetalle. 'n Pos was alleenlik regverdig wanneer die maatskaplike werker 60 of meer gevalle op die werklading geregistreer het. Dit het tot gevolg gehad dat gevalle nie

doelgerig hanteer of getermineer is nie en is gevalle op die lading gehou wat nie werklik professionele ingryping regverdig het nie. Op die platteland kon geen spesialisasie plaasvind nie en moes alle voorkomende-, pre-statutêre en statutêre dienste deur een maatskaplike werker gelewer word. 'n Goeie werkverhouding het tussen die plaaslike tak en die takkantoor van die Departement van Volkswelsyn op Graaff-Reinet bestaan. 'n Werkverdeling het bestaan, gesteun deur die registrasie van gevalle by die sentrale register wat deur die departementele kantoor hanteer is. Sekere verslae byvoorbeeld die vir die Kinderhof, moes deur die Departement gekanaliseer word en hulle het ook die verantwoordelikheid vir alle proefbeampte werk onderneem. Die samewerking is aanvaar en verwelkom omdat jong maatskaplike werkers met lang tye aaneen 'n eenmanskantoor moes beman met min direkte leiding van binne die organisasie self.

**Werkklasse:**

Werkklasse vir vroue word beskou as die oudste en ook die mees uitgebreide vorm van groepwerk wat die ACVV onderneem het. Daar kan saamgestem word met Du Preez (1981:44-45) wat van mening is dat die ontwikkeling van maatskaplike groepwerk in Suid-Afrika sy oorsprong gehad het in die geweldige noodtoestande wat na die Tweede Wêreldoorlog geheers het. Die ernstige armoede wat voorgekom het met die daarmeesaamgaande ontvolking van die platteland het uitbreiding van dienste genoodsaak. Maatskaplike probleme soos oorbewoning, agterbuurttoestande, werkloosheid en ontwrigting van die gesinslewe, het meegebring dat die mens hom moeilik in die vinnig veranderde samelewing voldoende kon handhaaf.

Die eerste verwysing na werkklasse as 'n werksaamheid van die ACVV word gevind in 'n artikel in De Goede Hoop van September 1915 (Lambrechts, 1959:48) waarin dit aangemoedig word om jong meisies die kuns van naaldwerk aan te leer. Daar is nie onmiddellik op hierdie aanbeveling gereageer nie en die hoofbestuur het nie erns daaraan geheg nie. Dit was eers in 1933, in 'n notule van die hoofbestuur aangeteken, dat die ACVV-tak in Kaapstad besluit het om 'n breiklas vir jong dogters en vroue te begin.

Op die ACVV-kongres in 1938 is die stigting van werkklasse gepropageer en is 'n mosie ingedien om subsidie vir dié doel te bekom hoewel dit 'n aanvang geneem het met 'n ondersoek na staatshulp om behoeftige vroue te leer om self komberse te vervaardig.

'n Brief (SW 67/5 gedateer 5 Januarie 1939) van die Departement Volkswelsyn wat die hoofbestuur ontvang het in hierdie verband, dui daarop dat die Departement nie bereid was om hulp te verleen alvorens daar nie deeglik navorsing gedoen is ten opsigte van 'n behoefte aan sodanige diens nie. Hierdie stelsel het sy begin gehad in 1940 toe die Departement Volkswelsyn op vertoë van die ACVV-Hoofbestuur om staatsubsidie vir werkklasse waarvoor twee reeds bestaan het in die Paarl en Kaapstad, gereageer het. Die aanbod van finansiële steun is deur die ACVV aanvaar en die eksperiment uitgevoer by

twee takke waar maatskaplike werkers in diens was. Na afhandeling van 'n toetstydperk van een jaar waarin die organiserende sekretaresse van ACVV-Hoofkantoor die maatskaplike werkers bygestaan het, is 'n volledige verslag aan die Departement voorsien met volledige aanbevelings ten opsigte van voorwaardes vir die subsidiëring van werkklasse, wat dan ook later by die instelling van die skema in die subsidie-basis ingesluit is toe gereël is dat:

(a) departementele subsidiegelde in geheel aan die ACVV-Hoofbestuur toevertrou word om uit te betaal aan takke volgens hul werk en behoeftes,

(b) takke sonder maatskaplike werkers ook in aanmerking kan kom vir subsidiëring,

(c) besteding van takbydrae en departementele subsidie daarop, nie gebasseer word op 'n 50% verdeling van materiaal en uitrusting nie, maar dat dit aan die diskresie van die takke oorgelaat word,

(d) subsidiegelde ook toegelaat is vir die vergoeding van instruksies.

Die betrokkenheid van die ACVV by die aanstelling en onderhoud van die maatskaplike werker is van belang veral vir die begin van die aanbieding en groepwerk waarby werkklasse ingesluit is. Dit het duidelik geword dat professionele persone nodig was om die mense, in hierdie geval die armblanke vrou, se belangstellings en behoeftes te verstaan en om daarin te probeer voorsien. Op 6 Maart 1943 word op Cradock genotuleer dat die nuwe maatskaplike werker wat op daardie stadium nog in diens van die kerk was, beplan om tweedehandse klere wat bedoel was vir die armes eers te herstel voordat dit verkoop is. Dit was 'n kenmerk van die werkklasse dat dit in samewerking en onder leiding van die maatskaplike werker georganiseer is deur komitees wat spesiaal benoem is uit die lede van die ACVV en ander belangstellende liggame. Lede van die reeds bestaande besoekkomitee is hierby ingesluit. Die inisiëring van die subkomitee dui op die betrokkenheid van die vrywilligers van die ACVV by die werksaamhede van die maatskaplike werker. Die bestuur gaan tot aksie oor en besluit op 'n vergadering, gehou op 5 Julie 1943 om 'n bedrag van 2 pond van die ACVV-Hoofbestuur aan te vra van die geld wat die Departement van Volkswelsyn aan die ACVV toegeken het op die destydse pond vir pond stelsel. Dit kan beskou word as die eerste aansoek om staatsubsidie wat die ACVV op Cradock gedoen het buiten vir die Elizabeth Jordaan Tehuis, maar dit dui ook op 'n baie versigtige handeling van die kant van die plaaslike tak om so 'n klein bedrag aan te vra.

Weereens is dienste aangepas ten einde behoeftes wat ontwikkel en geïdentifiseer is, aan te spreek en is die werksaamhede van die werkklasse afgewissel met die uitbreiding na moedersmiddae, gewoonlik kwartaalliks, waartydens programme aangebied is wat behalwe naaldwerk, ook belangstellings en behoeftes aangespreek het. Gaste is na hierdie geleenthede uitgenooi ten einde meer vroue te betrek wat baat kon vind by die onderwerp van bespreking.

Demonstrasies is dikwels deur kompetisies opgevolg waardeur die vroue se kundigheid getoets is. Daar word dus nou ook voorsien in die opvoedkundige behoeftes wat blootgestel is. Die werkklas op Cradock beleef skynbaar op hierdie stadium 'n laagtepunt aangesien die maatskaplike werker dit weereens nodig vind om die ACVV weer op 13 Mei 1944 aan te spreek oor hul belangstelling. Meer byeenkomste vir die moeders blyk nodig te wees sodat hul vertroue gewen kan word en hul aangemoedig kon word om lewensvaardighede te ontwikkel waardeur hul uit hul armoedige omstandighede gelig kon word. Uit notules blyk dit dat die belangstelling 'n effense verbetering getoon het en daar is besluit om elke veertien dae te vergader.

Die bestuur staan die bedrag van £10 toe vir onkostes aangegaan gedurende die jaar 1945 en vir die eerste keer word die benaming, moedersklub, gebruik.

Teen hierdie tyd was naald- en masjienwerk in al die werkklasse die belangrikste deel van die program. Aktiwiteite is grootliks gemik op die vervaardiging van gebruiksgoedere en het die oortrek van verekomberse ingesluit asook die maak van slaapklere, onderklere, wolkomberse, bedlinne, verwerking van oorskietlappe, kinderpakkies, gordyne, voorskote, tafelkleedjies, babakomberse uit monsterlappe, babaklere uit ou kledingstukke, seunsklere uit afvallappe en ou oorjasse, kinderrokke, laslapwerk en teemusse (ACVV-Hoofbestuur: Eendrag 1943, Deel 15, No. 66:21). Dit stem volgens beskikbare notules ook ooreen met artikels wat op Cradock gemaak is. Die maatskaplike werker het dus haar doelwit bereik naamlik om die werkklas te aktiveer. Daar was teen hierdie tyd tien lede wat gereeld byeenkomste bygewoon het. Die feit dat komiteelede nou verslag doen tydens algemene ACVV- vergaderings, is 'n bewys dat die tweede doel, naamlik om bestuurslede betrokke te maak, behaal is.

Die ACVV-Hoofbestuur het voorgestel dat die moeders wat staatsondersteuning vir hul kinders kry, verplig word om werkklasse by te woon en aan die hand gedoen dat praktiese uitvoering daarvan in die voorgestelde proefneming uitgetoets sou word. Op 12 April 1947 word gemeld dat die ACVV-Hoofbestuur druk uitoefen dat werkklasse gebruik sal maak van die gesubsidieerde skema om materiële noodhulp aan behoeftiges te gee. Dit is aanbeveel dat geen noodhulp gegee moet word sonder dat 'n teenprestasie gelewer word nie. Die plaaslike bestuur het egter besluit dat dit nie haalbaar is nie, omdat daar behoeftige gesinne is wat in die distrik woon en dit nie altyd moontlik is om werkklasse by te woon nie. Die plaaslike ACVV neem 'n besluit dat daar vir die jaar 1947 nog op die ou stelsel voortgegaan sal word. Ook Lambrechts en Theron (1959:50) het bevind dat dit nie prakties uitvoerbaar is dat 'n mate van dwang om die werkklasse by te woon, uitgeoefen word op ontvangers van staatstoelaes nie. Dit is in 1950 sowel as 1995 bevestig toe daar onderskeidelik nie daarin geslaag kon word om ouers aan wie se kinders truie verskaf is en later om persone wie se pensioene geadministreer word, in te skakel by vrouegroepe nie.

Uit jaarverslae soos opgestel deur die ACVV-Hoofkantoor eindigend vir die jare 31 Maart 1946 (ACVV-Hoofbestuur, Eendrag, 1946, Deel 19, No. 79:92-95) en 1947

(ACVV-Hoofbestuur. Eendrag, 1947, Deel 19, No. 82: 63-67) blyk dit dat die werkklas op Cradock nie by die hoofkantoor geregistreer is of gebruik maak van die beskikbare subsidieskema nie, terwyl Dordrecht, Graaff-Reinet, Colesberg en Aberdeen van die takke was wat wel die diens benut het.

Die bestuur reël gedurende April 1948 met die kerkraad van die NG Kerk om 'n kamer in die kerksaal te gebruik vir die werkklas. Met die aanstelling van mej. Jurgens, 'n maatskaplike werker in diens van die Kerk op Cradock vanaf 1 Mei 1948 begin 'n nuwe fase in die bestaan van die werkklas omdat hulle begin inskakel by ACVV-aangeleenthede soos byvoorbeeld om betrokke te raak by fondsinsameling van die organisasie. Van die lede was later tot 'n groot mate betrokke by die bak van pannekoek by basaars en ander geleenthede.

Mej. Marie de Villiers, destydse organiserende sekretaresse van die hoofkantoor het ook besoek afgelê by die ACVV-tak op Cradock en die bestuur weer eens aangemoedig om aansoek te doen vir subsidie tot 'n maksimum van £60 per jaar. Sy het hulle aangemoedig om ook subsidie aan te vra vir die aanstel van 'n instruktrise teen ongeveer 75c per les. Dit sou die ACVV in staat stel om demonstrasies, kompetisies en patrone te benut om byeenkomste interessant te maak maar om daardeur die aanleer van vaardighede te verhoog. Sy beveel ook aan dat leeslus onder die vroue bevorder word deur 'n boekskema te inisieer. Die klem het dus verskuif na noodhulp na opvoedkundige aspekte en behoeftes van die vroue wat aan die groep behoort het.

Die eerste administratiewe probleme ten opsigte van die werkklas word genotuleer op 'n bestuursvergadering soos gehou op 4 April 1949. Rekeninge ten opsigte van aankope deur die werkklas, is nie betyds betaal nie omdat die tesourier op 'n plaas gewoon het en nie gereeld dorp toe gekom het nie. Die ACVV betrek die werkklaskomitee om met die tesourier oor die aangeleentheid in gesprek te tree en projekteer dus op hierdie manier verantwoordelikheid na die subkomitee.

Op 22 Julie 1950 het die ACVV 'n besluit geneem om die kerkraad te nader om finansiële steun sodat hulle 'n tweede maatskaplike werker kon aanstel. Dit mag moontlik onder andere 'n reaksie wees op 'n artikel wat gedurende 1949 in die kwartaalblad, Eendrag, verskyn het soos geskryf deur Ferrie Brecher, 'n groepwerker (Brecher. Eendrag, 1949, Deel 21, No. 89:7) wat groepwerk gesien het as 'n nuwe metode in hulpverlening wat noodsaaklik geword het as gevolg van tegniese ontwikkeling wat eensaamheid en armoede in stede tot gevolg gehad het, terwyl 'n oormaat tyd beskikbaar was wat maatskaplike werkers gemotiveer het om met klubwerk te begin. Dit is duidelik dat die artikel wat Brecher in 1949 geskryf het, klem op vryetydbesteding gelê het wat weer eens 'n klemverskuiwing tot gevolg gehad het. Sy was van mening dat maatskaplike werkers die enigste opgeleide persone was wat groepe kon aanbied. As groepwerker het sy aanbeveel dat 'n werkverdeling gemaak moet word tussen gevalle- en groepwerkers omdat sy van mening was dat dit probleme kon skep wanneer een persoon beide metodes gelyktydig moes

gebruik. Hierdie gedagte word deur die hoofbestuur ondersteun in die jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1951 tot 30 Julie 1952. (ACVV-Hoofbestuur Eendrag, 1952, Deel 24, No. 103:46).

Daar word met Brecher saamgestem dat 'n opgeleide persoon 'n sterk instaatstellende rol kan uitoefen op groepe. Dit sluit in aktiwiteitsgroepe wat organisatories van aard is waaronder die ACVV-bestuur en werkklaskomitee soos onderskei deur Botha (1978:6) ook die kliënt georiënteerde groep bestaande uit moeders uit arm gesinne wat saam kom om handvaardighede aan te leer en gebruik te maak van dienste wat gelewer word waardeur hul omstandighede verlig kan word. Deur hul verbintenis met die groep kon hulle gebruik maak van verskillende hulpmaatreëls soos deur die staat ingestel soos die botter-, groente- en kombersskema soos aangebied deur die ACVV in samewerking met die staat. Op 31 Maart 1951 was daar 64 werkklasse in Kaapland met 'n ledetal van 869 wat 'n vermeerdering van 75 aangedui het van die vorige jaar (ACVV-Hoofbestuur. Eendrag, 1951, Deel 23, No. 99:48). Die volgende jaar was daar 78 werkklasse waaraan 878 vrouens behoort het (ACVV-Hoofbestuur. Eendrag, 1952, Deel 24, No. 103:46).

Ten spyte daarvan dat dit vroeër reeds aanbeveel is, motiveer die maatskaplike werker die bestuur op 17 Julie 1952 om die moontlikheid te ondersoek om 'n instruktrise finansieel te vergoed. By die volgende vergadering word voorgestel dat mev. K. de Klerk genader word om die taak op haar te neem. Hierdie het geblyk 'n wyse besluit te wees, want sy het die taak verrig tot gedurende die jare tagtig. 'n Groter afgerondheid het ingetree ten opsigte van die aktiwiteite, want die naaimasjiene is nagesien en 'n bykomende masjien is aangekoop. Benodighede word op 'n pond vir pond skema aangekoop. Dit het tot gevolg dat die werkklas gedurende 1954 uitgenooi word om deel te neem aan die plaaslike landbouskou. Hierdie was 'n geleentheid waardeur die arm blanke vrou se lewensruimte verbreed het.

Gedurende 1957 bestaan die werkklas op Cradock uit 25 lede onder leiding van die instruktrise. Op daardie stadium het hulle rokke, onderklere, kinderklere en skoolklere vervaardig. Oorskietlappe is aangekoop wat nuttig gebruik is vir die maak van kinderklere. Bogenoemde artikels wat gemaak is, dui steeds op grootskaalse armoede waaraan lede blootgestel was. In 'n jaarverslag vir 1957/58 (ACVV-Hoofbestuur. Eendrag, 1958, Deel 34, No. 126:3) word gerapporteer dat die werkklasse nog steeds in 'n groot behoefte as 'n ekonomiese hulpmiddel sowel as 'n geleentheid vir sosiale verkeer en 'n voorligtingdiens vir huishoudelike aangeleenthede voorsien.

Uit bogenoemde inligting is dit dus duidelik dat die vrouegroep gedurig ontwikkel het ten einde in veranderde en geïdentifiseerde behoeftes te voorsien. Hoewel die vorm en samestelling van die groep met jare verander het, sowel as die aktiwiteite, het die groep deurlopend voortbestaan en is dit tot op datum nooit getermineer nie.

**Kinderklubs:**

Ten spyte daarvan dat die FAK op 'n kongres te Bloemfontein 'n beroep op alle instansies gedoen het om spesiale aandag aan die jeug te skenk en dit ook tydens 'n ACVV-vergadering op Cradock opgevolg is op 28 Februarie 1949, het daar weinig op hierdie gebied plaasgevind.

Volgens Lambrechts en Theron (1959:52) is kinderklubs georganiseer toe dit vir die maatskaplike werkers duidelik geword het dat daar van die armblanke kinders is wat nie by bestaande jeugbewegings kon aansluit nie.

Gedurende die tweede kwartaal van 1947 (ACVV-Hoofbestuur. Eendrag, 1947, Deel 19, No. 82:23) het Lambrechts gerapporteer dat kinderklubs 'n betreklik nuwe rigting in die werkgebied van die ACVV uitmaak en dat daar op hierdie manier in 'n dringende behoefte voorsien word. Kinderklubs is heelwat later op Cradock gestig as die werkklasse. Maatskaplike werkers het as groepleiers opgetree en Lambrechts was van mening dat kinderklubs nie sodanig georganiseer is om die kinders van die strate af te hou nie, maar dit eerder 'n hulpmiddel was in gevallewerk.

Uit beskikbare notules is dit nie baie duidelik watter aktiwiteite aangebied is nie, hoewel verslae in Eendrag gedurende 1947 melding maak van speletjies, handwerk, naaldwerk, breiwerk, en uitstappies.

Dit is nie duidelik presies wanneer die kinderklub op Cradock sy ontstaan gehad het nie en of meisies ook aanvanklik betrokke was of nie. Dit is daarom nie moontlik om te bepaal of kinders van die dorp op 31 Maart 1950 bygereken is by die 1,147 kinders in Kaapland wat ingeskakel is in groepe nie.

Op 17 April 1952 deel die plaaslike maatskaplike werker haar werk in 'n verslag in onder die drie metodes in die Maatskaplike Werk naamlik gevallewerk, gemeenskapwerk en groepwerk waarby die vrouewerkklas, groente-klub en kinderklub ingereken is.

Op 5 Junie 1952 word genotuleer dat 'n kinderklubkomitee gekies is wat as bewys kan dien dat daar teen daardie tyd reeds 'n gevestigde kinderklub op Cradock bestaan het. Op 19 Maart 1953 beveel die organiserende sekretaresse, mej. v.d. Merwe, aan dat apparaat aangekoop word vir die kinderklub en op 7 Mei van dieselfde jaar dra die ACVV by vir 'n kinderklub-piekniek. Op 1 November 1956 het die plaaslike kinderklub oor fondse beskik, want die bestuur neem 'n besluit dat van hierdie fondse gebruik moet word om boeke wat weggeraak het van die provinsiale boekverspreidingsklub, te vereffen.

Dit is duidelik dat nuwe aktiwiteite vir die seunsklub oorweeg is, toe op 18 Julie 1957 beplan is om nie meer die erf rondom die dienssentrum, Cypressenhof, te verhuur nie, maar om dit self te benut deur dit beskikbaar te stel vir die seuns om te verwerk.

Hoewel daar dus nie veel melding gemaak word van wat die doelstellings van die klub was nie, wie die spesifieke teikengroep was of watter aktiwiteite presies aangebied is nie, is dit duidelik dat die klub oor 'n lang tydperk aangebied is en dat daar dus in 'n spesifieke

behoefte voorsien is en dat die byeenkomste grootliks sosiaal, ontspannend en opvoedkundig van aard was.

Vanaf 1972 is klem gelê op die organisering van 'n dogtersklub wat ten doel gehad het die verhoging van basiese lewenskwaliteite. Gemiddeld 25 dogters het weekliks byeen gekom om in 'n ontspanne atmosfeer deel te neem aan handwerk wat afgewissel is met opvoedkundige praatjies, demonstrasies en uitstappies wat stimulering en die bou van 'n verhoogde selfbeeld tot gevolg gehad het. Uitstappies en kampe is bykomend gereël en gedurende 1976 is 'n geslaagde dogterskursus op Cradock gehou waaraan dogters van Somerset-Oos ook deelgeneem het. (Van Heerden. Vroue Volksdiens, 1976:44). Die dogters het ook deelgeneem aan die plaaslike landbouskou waar hulle aan 'n spesiale afdeling vir kinderklubs deelgeneem het (Oosterlig, 1975, 29 Oktober). Hierdie spesiale afdelings is gereël deur die maatskaplike werker van die ACVV wat ook boervrou uit die distrik was en vaardighede sowel as belangstellings benut het by die aanbieding van groepe.

Dit was eers in 1980 dat daar weer 'n klub vir seuns begin is. Dit was ontspannend van aard en het seuns betrek uit die kliëntesisteem omdat hulle dit moeilik gevind het om sosiaal en finansieel in te skakel by die gewone naskoolse bedrywighede van die skool.

Na 1984 is daar gepoog om die kinders wat sou inskakel by ACVV-bedrywighede, eerder in staat te stel om in te skakel by skoolbedrywighede deur by te dra tot sporttoerusting en -uitrusting.

**Kinderkampe:**

Ten einde kinders ook in die vakansietye konstruktief besig te hou en hulle terselfdertyd die genot van 'n vakansie weg van die huis te laat geniet, is vakansiekampe vir hulle georganiseer. Volgens Lambrechts en Theron (1959:53) het hierdie kampe die kinders 'n geleentheid gebied om in 'n groep aan te pas wat dus beteken het dat daar geleentheid was vir persoonlikheidsontwikkeling en kan die kampe, net soos in dié geval van die kinderklubs, beskou word as hulpmiddel in die gevallewerk en is kinders betrek uit arm huisgesinne, kinders van ouers vir wie die ACVV bygestaan het met noodhulp en dienste asook kinders wat tuisgegaan het in die Goeie Hoop-koshuise.
Die ACVV-takke van die Paarl was volgens Lambrechts en Theron die voorlopers in die organisering van vakansiekampe vir kinders en dit was so vroeg as 1938 dat hulle 30 kinders na 'n kampterrein in Vishoek geneem het vir 'n vakansie. Dit was egter eers gedurende die vyftiger-jare dat kinders in die Oos-Kaap vir vakansies geneem is. Op 22 Julie 1950 notuleer die ACVV op Cradock dat twee erwe op Boknes aan die ACVV geskenk is om te ontwikkel. Op daardie stadium was 'n bedrag van R6 000 nodig om 'n huis vir dié doel op te rig. Die ACVV-Hoofkantoor het elke tak versoek om R40,00 vir dié doel by te dra. Die kampterrein was tot op 4 November 1950 nog nie gereed nie, maar dit kom voor dat verskeie kampe vanaf 1950 tot 1955 gereël is deur die groepwerker in Port Elizabeth. 'n Dogter van Cradock wat die kamp gedurende Desember 1950 bygewoon het, het gedurende Februarie 1951 verslag gelewer tydens 'n takvergadering plaaslik. 'n Uitnodiging vir die bywoning van die volgende Desember-vakansie is kort daarna ontvang en mej. Dora Marais vergesel 'n groep na Boknes aan die einde van dieselfde jaar waaroor 'n seun op 7 Februarie 1952 verslag doen. Hy het melding daarvan gemaak dat 'n groep van Uitenhage saam met hulle daar was.
Vir die kinders van die platteland was 'n seevakansie nog altyd spesiaal. Die Rotariër-vereniging het as medewerker in hierdie behoefte voorsien met die strandhuis in Marine Rylaan, Humewood, Port Elizabeth waarvan die ACVV op uitnodiging met graagte van gebruik gemaak het vanaf ongeveer 1961 toe sodanige vakansie vir die eerste keer genotuleer is. Die teikengroep het jaarliks verskil ten opsigte van geslag en ouderdom. Dit was vir die maatskaplike werkers egter duidelik dat 'n suiwer plattelandse groep meer suksesvol is as 'n gekombineerde groep met stadskinders wie se maniere en gedragspeil te veel van mekaar verskil het en wat een so 'n vakansie byna laat misluk het.
Gedurende 1972 tot 1984 is verskeie naweek- of ander kampe gereël en die uitstappies na 'n plaas in die Cradock distrik is altyd met entoesiasme begroet omdat dit die kinders in staat gestel het om sonder veel beperkings vry te beweeg in die natuur. Vakansiekampe het ten doel gehad om die kinders uit die kliëntesisteem se lewensvaardighede te verhoog en hul lewensruimte te verbreed deur middel van ontspannende en opvoedkundige uitstappies.

Baie van hierdie kampe is in samewerking met naburige takke gereël soos byvoorbeeld gedurende September 1977 toe 'n plaaskamp gereël is in die distrik van Noupoort en bygewoon deur kinders vanaf Noupoort, Cradock, Middelburg en De Aar (Van Heerden. Vroue Volksdiens, 1977, No. 3:33 en Oosterlig, 30 September 1977).
Vakansies is aanvanklik gereël en bygewoon deur die betrokke maatskaplike werkers wat hierdie geleenthede benut het ter aanvulling van gevallewerk waar kinders by betrokke was. Later is die maatskaplike werkers nie toegelaat om dit te doen nie omdat dit nie as professionele take beskou is nie. Studente is met tye benut om hierdie taak te vervul omdat dit moeilik was om geskikte vrywilligers te vind wat bereid was om dit te doen.
Notules van die ACVV-vergaderings en koerantberigte wat deurlopend in die plaaslike pers verskyn het, beskryf die hulp wat individue, organisasies en die gemeenskap as geheel bygedra het tot die vakansies wat deur die jare vir kinders van verskillende ouderdomsgroepe gereël is.

**Bejaardegroepe:**

Die bejaardes is ook aanvanklik ingeskakel by die groepwerkprogram van die ACVV wat volgens Lambrechts en Theron (1959:54) ten doel gehad het om eensaamheid te bekamp deur hulle in groepe besig te hou. In die breë het die bejaardeklub op Cradock ten doel om die lewe van die bejaarde aangenamer en voller te maak (Nuwe Afrikaner, 1981, 25 Februarie:4). Die oorspronklike doel was dus sosiaal van aard.
Dit was eers gedurende 1951 dat die jeugaksie van die plaaslike NG Kerk en kort daarna die Vroue Landbouvereniging uitgereik het na die ACVV met die gedagte om 'n byeenkoms te reël vir die bejaardes van die dorp wat 'n teken is dat die behoefte aan sodanige byeenkomste deur die gemeenskap self geïdentifiseer is. Die ACVV het toe aan die einde van daardie jaar in samewerking met beide hierdie verenigings 'n onthaal gereël vir die bejaardes. Dit was eers aan die einde van 1956 dat die voorsitter aanbeveel het dat 'n onthaal weer gereël moes word.
Die bestuur het wel die behoefte geïdentifiseer aan 'n groep wat gereeld byeenkom en daar word op 3 Mei 1956 besluit dat 'n klub gestig sal word wat deur die maatskaplike werkers waargeneem sou word. 'n Komitee vir dié doel is saamgestel met mev. De Jager as voorsitter. Die eerste byeenkoms is gehou op 13 Februarie 1958. Daarmee neem die klub die vorm aan wat dit vir jare sou hou. Die verskil lê slegs in die betrokkenheid van die maatskaplike werkers. Die lede is hoofsaaklik bejaardes wat in die dorp woon en die klub vergader deur die jare maandeliks. Met die hulp van die komitee word uitstappies gereël, pannekoekdae gehou, vasvrae, filmvertonings, basaars en konserte gehou.
Pogings is later aangewend om bejaardes in te skakel by handwerkgroepe, maar dit het geblyk nie baie suksesvol te wees nie omdat bejaardes verkies om volgens hul eie belangstellings te werk. Hulle het dit wel geniet om deel te neem aan skoue en

kompetisies wat met spesiale geleenthede gereël is. Die vroue-afdeling van die plaaslike landbouskou maak voorsiening vir handwerk deur senior burgers en hulle het met entoesiasme gereeld as lede van die klub daaraan deelgeneem. Die maatskaplike werker is met tye betrek om as koördineerder van hierdie afdeling op te tree.

Bejaardes van die Elizabeth Jordaan Tehuis is hierby betrek omdat 'n handwerkgroep in die tehuis nie suksesvol geïnisieer kon word nie. 'n Streekkompetisie is vir 'n tyd lank aangebied wat bejaardes die geleentheid gebied het om vir pryse mee te ding en veral streektrofee. Nie net die bejaardes in Cradock nie, maar ook ander dorpe waar klubs bestaan het soos Somerset-Oos, Middelburg, Graaff-Reinet, Noupoort en Hanover geniet uitstappies wat gereël is na omliggende dorpe. Gedurende die tagtiger-jare was sportdae wat op streekvlak georganiseer is, baie gewild. Dit het daartoe gelei dat bejaardes op verskeie dorpe betrek is in georganiseerde en gereelde gimtrimgroepe wat of in die dienssentrum of in die tehuis vir bejaardes gehou is.

Voortspruitend uit die klub vir bejaardes is vakansies wat vir klublede gereël is en bygewoon is deur persone uit verskillende dorpe in die Middellande. Vakansies is onderneem na Oudtshoorn (1979), Keurboomsrivier (1981), Oos-Londen (1983), Aliwal-Noord (1984), Montre Mere, Knysna (1985) en Aliwal-Noord (1986). Die gemiddelde deelname aan hierdie vakansies was ongeveer 50 persone op 'n keer. Hierna is dit nie as 'n taak vir die maatskaplike werkers gesien om vakansies te reël nie, en het dit nie meer plaasgevind nie, behalwe soos deur 'n dienssentrum vir 'n beperkte aantal gereël en waaraan slegs vermoënde persone kan deelneem.

**Christelike Alkoholiste Diensaksie/Vereniging:**

Die beplanningsfase waardeur hierdie groep gegaan het was uigestrek oor meer as 'n jaar. Tussen die NG Kerk en ACVV is alkoholisme as probleem geïdentifiseer en die predikante sowel as maatskaplike werker het 'n ondersteuningstruktuur in die behandeling van die alkoholis en ondersteuning vir die gesin benodig. Hierdie twee liggame deur middel van die predikant, maatskaplike werker en enkele gesinne waar alkoholisme voorgekom het, as rolspelers, het gedurende die twee semester van 1973 'n inligtingsaand gereël waar gehoop is om 'n tak van hierdie kerkorganisasie te stig. By hierdie geleentheid was daar egter twee groepe wat in oortuiging teenoor mekaar gestaan het, naamlik die groep wat die stigting van 'n kerklike organisasie voorgestaan het en enkele persone wat reeds voorheen met Alkoholiste Anoniem geskakel het.

Daar is toe nie oorgegaan tot die stigting van 'n nuwe organisasie nie, maar 'n definitiewe ooreenkoms is gesluit dat, indien 'n sinvolle hulpstruktuur nie binne die volgende jaar deur lede van die AA daargestel kan word nie, 'n tak van die Christelike Alkoholiste Vereniging (CAV) oor 'n jaar gestig sou word. Na die verloop van presies een jaar waarin hoegenaamd geen vordering deur die AA gemaak is nie, het ds. S. Fourie en die ACVV maatskaplike werker 'n vergadering gereël vir 7 Oktober 1974 waartydens die CAV gestig is wat aktief as groep sou voortbestaan vir die volgende 20 jaar.

Met die inisiëring van hierdie groep en die betrokkenheid van die maatskaplike werker, is die proses van maatskaplike groepwerk vir die eerste keer waargeneem en is die beplanningsfase voltooi soos tien jaar later deur Toseland en Rivas (1984: 118-136) beskryf, sigbaar:

- Reeds op die vergadering gehou in 1973 is die doel, soos dit voorgekom het in die grondwet van die CAV voorgestel, wat later met die stigting van 'n formele struktuur as die groep se doel aanvaar is. Dit het onder andere die volgende ingesluit:

(a) Om die gesin van die alkoholis by te staan.

(b) Om die alkoholis te motiveer om vir behandeling te gaan.

(c) Om 'n nasorgdiens te lewer wanneer die alkoholis uit die rehabilitasiesentrum terugkeer.

- Die NG Kerk en ACVV het hulle beskikbaar gestel om as borge op te tree vir hierdie groep. Ten spyte daarvan dat die bepalings soos in die grondwet vervat, slegs voorsiening gemaak het vir NG lidmate, was 'n bepaling ingesluit om gemeentelede van ander kerkgenootskappe in te sluit en is dit nie as beperking gesien nie. Lidmaatskap is oopgestel vir alkoholiste, hul egas en vriende van alkoholiste. Laasgenoemde is beperk tot die predikant en maatskaplike werker wat nou betrokke was as voorsitter / groepleier en groepleier onderskeidelik. Ander persone en die publiek is uitgenooi na spesiale inligtingsgeleenthede.

- Werwing van lede het onderling plaasgevind deur persoonlike uitreiking na alkoholiste en hul gesinne, afkondigings in die kerk wat ook die weeklikse program aangedui het en verwysings deur rehabilitasiesentrums.
- Die groep is saamgestel uit alkoholiste en hul huweliksmaats wat om die beurt apart vergader het onder leiding van die predikant en maatskaplike werker as groepleiers onderling. Elke tweede week het die twee groepe saam vergader en is verskeie onderwerpe van gesamentlike belang bespreek meestal na aanleiding van artikels uit die vereniging se inligtingsblad, Saamstaan, wat uitgegee is deur die vereniging se hoofkantoor wat gesetel was in Ramot, sentrum vir die behandeling van alkoholisme in Kaapstad. Jaarlikse konferensies is op streekvlak georganiseer ten einde eenvormigheid te verseker en op hoogte van nuwe tendense te bly.
- Oriëntering is met die hulp van groeplede voltooi na aanleiding van die reëls van die vereniging/groep en het tydens groep of individuele onderhoude plaasgevind.
- Kontraksluiting het plaasgevind tussen die alkoholis, sy huweliksmaat en die CAV. Gereëlde bywoning van byeenkomste is hierby ingesluit asook die ernstige pogings wat aangewend is vir blywende soberheid.
- Groepbyeenkomste is aanvanklik in die ACVV-kantore, wat in die kerksaal geleë was, gehou en het later uitbeweeg na individuele huise ten einde enige stigma te vermy.

Met die vertrek van ds. Fourie gedurende 1979 het die CAV 'n nuwe fase ingegaan. Ten spyte daarvan dat die groep kerkgebonde was, is min belangstelling van die kerke en predikante verkry en het die ACVV grootliks die verantwoordelikheid deur die maatskaplike werker gedra.

Die maatskaplike werker wat betrokke was by die stigting van die groep, het aan die begin van 1984 bedank waarna die taak deur verskillende maatskaplike werkers van ACVV uitgevoer is. Samewerking met die kerk het verswak en predikante was met tye selfs teen die CAV, wat later die benaming verander het na Christelike Alkoholiste Diensaksie met die idee dat dit 'n volwaardige diensaksie van die kerk op provinsiale vlak sou wees. Die houding van die plaaslike predikante kan moontlik toegeskryf word aan onkunde, onwilligheid om aan te pas by die metodes wat toegepas is in die groepwerkproses en omdat godsdienstige aspekte nie na hul sin genoeg prioriteit geniet het nie.

Dit het gelei na die stagnering van die groep op Cradock aan die begin van 1995 hoewel dit nie formeel ontbind het nie as gevolg van administratiewe verpligtinge daaraan verbonde.

**Residensiële Sorg Gedurende die Tydperk 1940 en 1990:**

Gedurende die oorlogsjare was die ACVV steeds in beheer van die koshuise vir armblanke kinders op Cradock. Weer eens het die organisasie begin aanpas by die veranderde behoeftes van die tyd en is veranderinge aan die struktuur van die projekte aangebring.

Op 22 Februarie 1945 is in beginsel besluit om, in oorleg met die skoolraad, die Goeie Hoopkoshuise, Cypressenhof en Toekoms, met die skoolkoshuise te amalgameer. Die seuns is toe na die skoolkoshuis oorgeplaas terwyl die dogters in Cypressenhof aangebly het. ACVV-lede het uit hul pad gegaan om toe te sien dat die kinders wat oorgeplaas is, netjies en goed geklee sou wees ten einde te voorkom dat hulle afsteek by die ander skoliere.

Op 'n bestuursvergadering van Cypressenhof soos gehou op 19 September 1956 is 'n besluit geneem om die personeel en ouers kennis te gee dat die dogters oorgeplaas word na Toekoms vanaf Januarie 1957. Die notule van 'n vergadering gedateer 27 November 1958 dui aan dat Toekoms ontruim is op Maandag, 15 Desember 1958. Die laaste bestuursvergadering is op 28 Januarie 1959 gehou terwyl daar 'n batige saldo aangedui is van ongeveer R715,00. Die dogters is oorgeplaas na die koshuis van die Hoër Meisieskool Rocklands.

Die gebou waarin Toekoms geleë was, is kort daarna gesloop om plek te maak vir 'n gebouekompleks van die Voorbereidingskool Altior wat later omskep is in die Pre-primêre skool Fanie Theron.

Nadat Cypressenhof as koshuis ontruim is, is dit omskep in 'n ACVV-gemeenskapssentrum waarin die kantore vir die twee maatskaplike werkers geleë was. Na ernstige oorweging is dit 15 jaar later in 1973 gesloop omdat die struktuur van die gebou 'n risiko ingehou het.

'n Diensvertakking van die plaaslike ACVV wat nooit getermineer is nie en slegs deurlopend uitgebrei is, is die Elizabeth Jordaan Tehuis. Die tydperk vanaf 1945 bring 'n verandering in die beheer en toesig van die tehuis en word die verantwoordelikheid daarvan in geheel verskuif na die ACVV Cradock en daarmee saam na die totale blanke gemeenskap as sulks.

Op 20 Maart 1946 is die naam van die tehuis verander na die Elizabeth Jordaan Tehuis op voorstel van die ACVV-Hoofbestuur as erkenning vir die volgehoue ywer van mev. E. Jordaan, 'n stigterslid wat haar pligte neergelê het vroeg in 1948.

Die grondwet word in 1948 bekragtig en daarmee saam die doel wat as volg gehad het:

"Om op geldelike voorwaardes, in redelike verhouding tot hul inkomste, losies, inwoning, en versorging aan bejaarde dames te verskaf".

Aanvanklik was die bestuur skrikkerig om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die tehuis omdat dit onder andere geblyk het dat uitbreidings op hierdie stadium aangebring sou moes word. Die finale beslissing van oorname van die ACVV-Hoofbestuur het gelê by

die Federale Kongres wat gedurende September 1956 op Bloemfontein gehou is. Hierdie oorname het 'n nuwe era ingelui vir die ACVV van Cradock.

Die bestuur het oorweeg om 'n nuwe tehuis te bou. 'n Argitek bevind egter dat die perseel waarop die tehuis geleë was, geskik is vir die tehuis met uitbreidings en die volgende aanbevelings word gemaak:

(a) Die ou gebou word nie gesloop nie, maar veranderings word aangebring waar nodig.

(b) 'n Vleuel word voor aangebou.

(c) Die tehuis moet 40 verouderde persone kan huisves.

(d) Bejaarde mans moet ook ingeneem word.

Die bestuur besluit bykomend dat voorsiening ook gemaak moes word vir die opname van egpare. Onderhandelinge met die Departemente wou nie vlot nie en die bestuur besluit om met eie fondse die bouery voort te sit omdat dit onder andere die volgende voordele sou inhou:

(a) Alle persone, ongeag hul inkomste, kan opgeneem word. Indien daar gebruik gemaak word van Departementele fondse, word verwag dat voorkeur gegee word aan pensioenarisse.

(b) Die vertrekke wat op eie koste gebou word, kan groter wees terwyl voorkeur aan enkelkamers gegee kan word.

Kort na die voltooiing het 'n waglys vir opname bestaan. Op hierdie stadium is die bestuur van mening dat dit nie raadsaam sal wees om verswakte bejaardes op te neem nie, maar verdere uitbreidings blyk weer eens nodig te wees. Die inwyding van hierdie vleuel vind plaas op 25 Oktober 1974.

'n Behoefte aan wooneenhede vir verouderde persone word geïdentifiseer. Die uitbreidingproses het dus voor 1980 weer 'n aanvang geneem wat verreikende gevolge vir die ACVV en die totale gemeenskap van Cradock vir die toekoms sou inhou. 'n Behoeftebepaling toon dat daar gedurende Junie 1981 76 persone se name op die waglys verskyn het. Dit blyk later die begin te wees van die oprigting van 'n gebouekompleks van meer as 7,5 miljoen rand sou beloop.

Gedurende Augustus 1981 begin die idee van 'n dienssentrum posvat wat 'n aanduiding is dat die vrywilligers steeds nuwe behoeftes geïdentifiseer het en innoverend beplan het om daarin te voorsien, 'n aanduiding daarvan dat die ACVV op Cradock dienste aan die gemeenskap buite die tehuis lewer en word aanryetes met die behulp van ander diensorganisasies voorsien.

Nuwe bouplanne maak voorsiening vir die verswakte bejaardes. Deur hierdie besluit vind beleidsverandering plaas soos deur die behoeftes van die tyd afgedwing.

Die beplanning maak ook voorsiening vir wooneenhede vir 40 bejaardes. Lang uitgerekte samesprekings met die betrokke staatsdepartemente oor bouplanne, befondsing en toekomstige subsidie het gevolg. Eers op 2 Januarie 1989 is kennis geneem dat die

gewysigde planne goedgekeur is en is opdrag aan die argitek gegee om die werktekeninge af te rond as voorbereiding vir die tenderaansoeke. Die werklike bouery sou eers vier jaar later realiseer.

As gevolg van al die rompslomp en beperkinge wat oor die jare voorgekom het in die onderhandelinge met die verksillende staatsdepartemente, het die prys van die projek meer as verdubbel terwyl die kwaliteit van boumateriaal noodgedwone afgeskaal moes word. Die eise wat deur die staat gestel is voor 'n lening toegestaan is wat ten doel gehad het om te bespaar, het bloot die teenoorgestelde uitwerking gehad as gevolg van die eskalasie van pryse en boumateriaal en arbeid.

Die bestuur van die Elizabeth Jordaan Tehuis vir bejaardes is 'n voorbeeld van hoe die ACVV-bestuur ten spyte van druk wat van die staatsdepartemente ontvang is, wel doelgerig opgetree het om in geïdentifiseerde behoeftes aan behuising en versorging van verouderde persone te voorsien ten spyte van vele struikelblokke wat oorkom moes word. Uit die ondersoek blyk dit ook dat beleidsveranderings deurentyd gemaak moes word, eers om verouderde mans en later egpare te akkomodeer. Waar die bestuur in 1972 nie hul weg oopgesien het om voorsiening te maak vir die opname van verswakte persone nie, word die tehuise in die huidige era verplig om grootliks voorsiening te maak vir verswakte bejaardes indien die moontlikheid van voortgesette subsidie van die staat verlang word.

## SAMEVATTING:

Die tydperk 1940 tot 1990 dui op 'n groot ontwikkeling in die professionele dienslewering van die ACVV wat begin met die betrokkenheid by die aantstelling van 'n opgeleide maatskaplike werker ten spyte daarvan dat die aanstelling deur 'n ander instansie gedoen is.

As gevolg van hierdie direkte en volgehoue betrokkenheid deur middel van beskikbaarstelling van geriewe, meubels en finansiële steun, het die ACVV op Cradock erkenning as welsynsorganisasie ontvang en het dit as natuurlike aksie gebeur dat hulle die volle verantwoordelikheid vir 'n gesubsidieerde pos aanvaar het, vyf jaar nadat die eerste werker deur 'n kerkorganisasie aangestel is. Dit is aan die begin van die maatskaplike werker verwag om nie-professionele take te aanvaar soos byvoorbeeld lidmaatskap van die ACVV, in werksure deel te neem aan die kinderkransaksie van die NG Kerk, kospakkies oop te maak, alle klerklike werk wat die tik van verslae ingesluit het af te handel terwyl vervoermiddels beperk was. Hierdie beperkende faktore kon daartoe

bygedra het dat sy 'n ses-dag werksweek gehad het en dat die werklading later te veel geword het vir een maatskaplike werker om te hanteer. Vanaf 1948 tot 1990 is 37 aanstellings in maatskaplike werkposte deur die ACVV op Cradock gemaak wat dui op 'n groot omset van professionele personeel hoewel poste nooit lank vakant was nie en gevul is met tydelike personeel in afwagting op permanente aanstellings. Die wisseling was egter nie as gevolg van 'n te hoë werklading nie, maar omdat getroude maatskaplike werkers se eggenotes verhuis het, huwelike en die voortsetting van studies.

Opleidingsgeleenthede was aanvanklik beperk tot enkele geleenthede soos aangebied deur die hoofkantoor in die vorm van konferensies, enkele besoeke deur die rondreisende sekretaris van die hoofbestuur. Supervisie het eers werklik gerealiseer vanaf 1974 met die aanstelling van mev. A. van Heerden as streekverteenwoordiger, aangestel deur die hoofbestuur van die ACVV en op Cradock gestasioneer.

Die ACVV was deurgaans afhanklik van staatsubsidie ten opsigte van die salaris van die maatskaplike werker wat via die hoofkantoor uitbetaal is. Die Departement van Volkswelsyn het subsidie toegestaan. Daar moes egter bewys wees van dienste wat reeds gelewer word. Dit het 'n groot werklas vir die maatskaplike werkers ingehou wat dienste moes uitbrei om 'n bykomende pos te regverdig. Dit het ook tot gevolg gehad dat gevalle nie doelgerig afgehandel is nie ten einde 'n voorgeskrewe gevallelading te handhaaf omdat baie klem deur die Departement gelê is op getalle van die aantal gevalle.

Die ACVV het deurgaans klem gelê op dienste aan die gesin wat die volle lewenssiklus van 'n persoon ingesluit het vanaf geboorte tot bejaardheid. Soos oor die wêreld heen die geval was, het gevallewerk sy oorsprong plaaslik gehad in die bekamping van armoede wat godsdienstig en humanisties van aard was (Van Rooyen, 1980:15).

Ten spyte van gevalle van kinderverwaarlosing, drankmisbruik, huwelikskonflik, onbeheerbare kinders, werkloosheid, wanadministrasie en inkomste, bejaardesorg, geestesongesteldheid en andere was armoede die een groot faktor wat aanleiding gegee het tot probleme wat deur die maatskaplike werker hanteer is. Met die aanstelling van die maatskaplike werker het die probleme wat voorgekom het nie verander nie, maar is dit as sodanig geïdentifiseer en deur kundige persone aangespreek anders as wat gedurende die eerste tydperk gebeur het toe dit oorgelaat is aan vrywilligers.

Met die aanstelling van 'n maatskaplike werker is aanvanklik baie klem gelê op die aanbieding van groepe. Die werkklasse was nie slegs opvoedkundig van aard nie, maar was veral geïnisieer om armoede te bekamp deur die moeders te betrek om tweedehandse klere te herstel en huishoudelike artikels te maak. Dit is tot 'n beperkte mate deur die staat

gesubsidieer wat met baie rompslomp gepaard gegaan het wat tot gevolg gehad het dat die ACVV nie deurlopend daarvan gebruik gemaak het nie. Klublede is ook bevoordeel om deel te neem aan verskeie voedselskemas, privaat geïnisieer deur die organisasie of soos die staat voorsien.

Ferrie Brecher, 'n groepwerker, het hierdie metode gedurende 1949 gesien as 'n nuwe hulpverlening (Brecher. Eendrag, Deel 21, No. 49:7) wat noodsaaklik geword het as gevolg van tegniese ontwikkeling wat as gevolg van eensaamheid en armoede in oorbewoonde stede voorgekom het terwyl 'n oormaat vryetyd beskikbaar was wat maatskaplike werkers gemotiveer het om met klubwerk te begin. As groepwerker het sy aanbeveel dat 'n werksverdeling gemaak word tussen gevallewerkers en groepwerkers omdat sy van mening was dat dit probleme skep wanneer een persoon beide metodes toepas. Hierdie konsep het geruime tyd aansien geniet soos ook op Cradock ondervind is toe 'n deeltydse maatskaplike werker in 1972 deur die tak op Cradock aangestel is met groepwerk as opdrag. Klem is gelê op vrouehandwerkgroepe met maandelikse inligtingsprogramme wat aangebied is behalwe die weeklikse handwerksessies, kindergroepe en bejaardesorggroepe by die tehuis sowel as in die gemeenskap.

Mettertyd het die probleme wat aangespreek is deur die maatskaplike werkers meer kompleks geword en is daar pogings aangewend om weg te beweeg van vryetydsbesteding en ontspanning. Dit het gerealiseer in die alkoholiste groep wat tot stand gekom het om die probleem van alkoholisme met al sy fasette aan te spreek, maar vroue- en kindergroepe se doel was steeds konstruktiewe vryetydbesteding hoewel 'n opvoedkundige en bemagtigingsaspek ingebou is om lewensvaardighede te verhoog en om die lewensruimte te verbeter deur middel van uitstappies en vakansieprogramme. Groepe vir bejaardes het deur die jare dieselfde gebly en was slegs sosialiserend van aard aangesien dit die grootste behoefte was wat die bejaarde gehad het en wat op sodanige wyse aangespreek is deur die ACVV. Pogings om byeenkomste meer konstruktief te maak, het misluk omdat die behoefte van die bejaardes nie daarvoor bestaan het nie.
Gedurende hierdie tydperk het die plaaslike tak van die ACVV verantwoordelikheid aanvaar van koshuisgeriewe vir die armblanke kind, maar hierdie behoefte het uitfaseer en kinders is ingeskakel by provinsiale skoolkoshuise, maar nie alvorens hulle deur die ACVV toegerus is vir opname sonder om af te steek by hul mede-skoliere nie.

Residensiële sorg vir bejaardes is gekenmerk deur volle oorname van die Elizabeth Jordaan Tehuis. Die tydperk 1940 tot 1990 het verandering in die boustruktuur ingesluit, maar ook die identifisering van 'n behoefte vir uitbreiding maar veral oprigting van 'n nuwe kompleks wat wooneenhede vir liggaamlik sterk verouderde persone ingesluit het. Daar is

dus mettertyd voorsiening gemaak vir opname van mans, verswakte bejaardes maar ook vir verouderde persone wat nog onafhanklik in die gemeenskap kon funksioneer.

Aanpassings is weer eens gemaak om aan te pas by behoeftes wat deurentyd verander het.

# HOOFSTUK 4

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING (ACVV) GEDURENDE DIE TYDPERK 1990 TOT DIE HUIDIGE: HERPRIORISERING EN REKONSTRUKSIE

### Inleiding:

Die tydperk vanaf 1990 word gekenmerk deur etlike uitstaande gebeurtenisse wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die werksaamhede van die ACVV op hoofbestuurs- sowel as takbestuursvlak. Die belangrikste hiervan is 'n dramatiese regeringsbeleid wat ingelui is deur mnr. F.W. de Klerk en die daaropvolgende verkiesingsveldtog en verkiesing van 'n nuwe Regering van Nasionale Eenheid met die African National Congress as regerende party op 27 April 1994. Dit het beleidsveranderinge tot gevolg gehad wat 'n grootskaalse impak gehad het op die ontwikkeling van welsynsaangeleenthede. Die eerste en toonaangewende riglyn op hierdie gebied was die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (ANC 1994. Reconstruction and Development Programme: A policy framework. African National Congress, Johannesburg, South Africa).

Verskeie konsep witskrifte en witskrifte is ontwerp waarvan een van die belangrikste seker die Witskrif vir Maatskaplike Dienste is (White Paper for Social Welfare 1995. Pretoria: Government Printers). Die bepalings soos vervat in die dokument oor menseregte word deur die ACVV in ag geneem.

Voortspruitend uit politieke veranderinge, oefen die vakbonde 'n veel groter rol uit as in die verlede en is dit veral die tehuise vir bejaardes wat hierdeur geraak word. Stremminge vind veral plaas rondom verhoging van lone terwyl vrese bestaan dat subsidies ook in die nabye toekoms in die Oos-Kaap afgeskaal sal word soos in etlike ander provinsies reeds die geval is. Dit vereis dat die ACVV, ook op die platteland, volgens streng besigheidsbeginsels sal funksioneer ten einde pro-aktief te beplan om toekomstige finansiële probleme die hoof te bied terwyl daar deurlopend gestreef word om dieselfde hoë standaarde van dienslewering te handhaaf.

Die eerste aspek wat gemeld kan word, is die instelling van welsynsprogramme waarmee in 1987 begin is. Wetgewing maak voorsiening vir die toekenning van staatsfondse aan welsynsorganisasies om hulle in staat te stel om maatskaplike dienste/maatskaplike welsynsdienste te lewer. Terwyl die staat betekenisvol bydra tot die totale koste, word die belangrikheid van die ondersteunende en aanvullende rol van die gemeenskap ten opsigte van hierdie dienste erken.

Programme is gegrond op moderne bestuursteorieë en -praktyk en voldoen aan die noodsaaklikheid om rekenskap te gee van dienste wat gelewer is. Dit lê ook die grondslag om te verseker dat dienste effektief, doeltreffend en toepaslik is om werklike behoeftes aan

te spreek. Die instelling van programme het dit moontlik gemaak om op ingeligte grondslag te beplan en gesonde bestuur aan te moedig (Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, Administrasie: Volksraad, Omsendbrief No. 57 van 1991). Dit het aanvanklik 'n groot aanpassing vir maatskaplike werkers en organisasies meegebring. Die ontwikkeling van werksaamhede wat in die hoofstuk uiteengesit word, dui daarop dat die formulering van welsynsprogramme groter doelgerigtheid in die lewering van dienste tot gevolg gehad het. Die stelsel is vereenvoudig met die voorskrifte vir die indiening van sakevoorleggings. Die stelsel is noodgedwonge aanvaar deur die ACVV, ook op plaaslike vlak hoewel die voorgeskrewe formate vir die verskillende provinsies van mekaar verskil. Die formulering van welsynsprogramme het indirek tot gevolg dat welsynsdienste deur die ACVV op Cradock en ander dorpe in die plattelandse gebiede van die Kaap Middellande uitgebrei is na die uitgebreide gemeenskap.

Op 1992-08-21 rig die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn: Administrasie Volksraad, 'n skrywe aan die ACVV Cradock dat die program wat ingedien is, nie die finansiering van 2x8/8 maatskaplike werker regverdig nie. Die Departement beveel in dieselfde skrywe aan dat dienste na ander bevolkingsgroepe uitgebrei word ten einde die pos te behou.

Dit onderskryf Hasenfeld (1992:3-21) se stelling dat welsynsorganisasies afhanklik is van staatsubsidie vir voortbestaan wat hulle ondergeskik maak aan staatsbeleid. Hulle is kwesbaar omdat hulle hul moet aanpas by voorgeskrewe veranderings. Die staat van kroniese krisis wat baie welsynsorganisasies ondervind, kan dikwels toegeskryf word aan fiskale onsekerheid. Gedurende die tydperk vanaf 1992 het ontwikkelingsdienste by uitstek beslag gekry. Hierdie metode word deur Du Toit (Lombard et al., 1991: 114) beskryf as die proses waardeur die bedekte, onverwagse, latente eienskappe of potensiaal van mense ontsluit, beskikbaar gestel, bruikbaar gemaak of omskep word vir die verhoging van lewensgehalte, die stimulering van die modernisering en die verbetering van die maatskaplike funksionering van daardie mense.

Die uitbreiding van dienste aan alle bevolkingsgroepe het bykomende stemminge tot gevolg gehad. 'n Beperkte faktor vir organisasies was die Departementele dienste gefragmenteerd gebly het en dat die oorskakeling na een enkele Departement eers prakties gerealiseer het vanaf 30 April 1996 toe die plaaslike kantoor onder andere alle dienste in die distrik waarin Cradock geleë is, in geheel gekoördnieer het.

'n Uitstaande kenmerk van die tydperk wat in hierdie hoofstuk beskryf word, is die oprigting en betrekking van die nuwe Elizabeth Jordaan Tehuis vir bejaardes asook die voorsiening van wooneenhede vir gesonde bejaardes en uitbreiding van dienste aan verouderde persone ten einde hulle so lank as moontlik selfstandig in die gemeenskap te laat funksioneer. 'n Beleidsverandering binne die ACVV het tot gevolg gehad dat die eerste nie-wit persoon aan die einde van 1994 in die Elizabeth Jordaan Tehuis opgeneem is sonder enige stremminge van binne die tehuis of van buite vanuit die gemeenskap.

## WERKSGEBIED:

Die ACVV was veral vanaf die tydperk 1990 verplig om wesentlike struktuurveranderinge te maak ten einde te voorsien in die huidige ontwikkelingsbehoeftes van die agtergebelewene kultuurgroepe. Omdat Michausdal, waar uitsluitlik kleurling persone gewoon het, tradisioneel bedien is deur die Cradock Kinder- en Gesinsorgvereniging wat reeds oor twee gesubsidieerde maatskaplike werkposte beskik het, is 'n behoefte aangedui dat ACVV behulpsaam kan wees met dienste in Lingelihle in samewerking met die destydse Kaapse Provinsiale Administrasie.

Aan die einde van 1995 is hierdie ongeskrewe werkooreenkoms op Cradock formeel aanvaar deur die ACVV, Kinder- en Gesinsorgvereniging en Departement Gesondheid en Welsyn, Tak: Maatskaplike Dienste. Die uitbreiding van dienste na die uitgebreide gemeenskap, is voorafgegaan deur 'n toetredingsfase wat grootliks ten doel gehad het om buite die tradisionele blanke woongebiede skakelgeleenthede met leierfigure en organisasies in Lingelihle en Michausdal te bevorder ten einde die vereniging en dienste wat gelewer word, bekend te stel.

Weerstand wat ondervind is teen die benaming van die ACVV moes gedurende hierdie tydperk afgebreek word en bly steeds 'n deurlopende proses aangesien die terme "Afrikaans" en "Christelik" deur sommige individue en organisasies bevraagteken word, veral in die Provinsie van die Oostelike Kaap waar die grootste gedeelte van die bevolking Xhosa-sprekend is. Die Direkteur van die ACVV-Hoofkantoor het by etlike geleenthede klem daarop gelê dat die weerstand alleenlik afgebreek kan word indien die gemeenskap vertroue ontwikkel in die standaard en impak van dienste wat gemaak word. Dit blyk asof dit 'n suksesvolle siening te wees aangesien meer individue en organisasies in onderontwikkelde gemeenskappe die ACVV op Cradock nader om hulp.

Om weerstand af te breek by gemeenskappe wat nie tradisioneel deur die ACVV bedien is nie, benut die vereniging verskeie forums waarop hulle sigbaar betrokke is soos die Gesondheids- en Welsyn- en Gemeenskapspolisiëringsforum asook die Distriksoorgangsraad wat vanaf Maart 1996 beslag vind onder andere op Cradock. Dit is 'n tydrowende maar uiters noodsaaklike aksie in die ontwikkelingsproses.

Die ACVV het hom reeds op hoofbestuurs- en tak-bestuursvlak verbind om aanpassings te maak ten einde aan te pas by veranderde omstandighede. Hoewel dienste oop is vir alle kultuurgroepe, is die ACVV-bestuur op Cradock en ander in die Kaap Middellande steeds tot die wit kultuurgroep georiënteerd en sal veranderinge moet plaasvind om nie-wit persone te akkomodeer. Daar sal byvoorbeeld veranderinge in vergadertye gemaak moet word om alle persone te akkomodeer omdat leiers in die agtergeblewe gemeenskappe grootliks arbeidsgerig is en dit nie vir hulle moontlik is om vergaderings in werktyd by te woon nie. Aan die ander kant sien ACVV-besture weer moeilik af van tradisionele vergadertye.

Die blanke kultuurgroep neem af in die kleiner plattelandse dorpies. Die kliëntelading onder hierdie groep word kleiner en so ook die vrywilligers wat bereid is of oor die bekwaamheid beskik om op besture te dien. In plaas van om die maatskaplikewerkdienste op 'n dorpie soos Pearston te termineer, is bestuurslede uit die agtergeblewe gemeenskap gewerf en word die dienste voortgesit hoewel die struktuur in die aanpassingsproses minder gesofistikeerd is.

Gedurende 1976 het die ACVV op Cradock dienste na naburige dorpe naamlik Bedford en Adelaide uitgebrei met die doel om die gevallelading te verhoog ten einde 'n groot genoeg werklading op te bou sodat dit twee maatskaplikewerkposte regverdig. Op 10 April 1996 is 'n bestuursbesluit geneem dat die tak op Cradock dienste na genoemde dorpe gaan staak omrede dit nie koste- of tydeffektief is nie, maar ook omdat die werklading wat ontwikkelingsdienste in die agtergeblewene gemeenskappe op Cradock insluit, te groot geword het vir twee maatskaplike werkers.

Daar word dus op Cradock voortgegaan met dienslewering binne die werkooreenkoms wat deur die verskillende rolspelers aangegaan is. Hierdie verdeling van werksaamhede is nie gegrond op rassegroeperings nie, maar het ten doel om die dienste bereikbaar vir die kliëntesisteem te maak. Hierdie reëling word realisties beskou omdat infrastruktuur vir die lewering van dienste reeds in die verskillende woongebiede gevestig is deur verskillende welsynsinstansies en bydra tot 'n kliënt-vriendelike diens.

**<u>Spanbenadering en rolspelers binne die Cradock ACVV-opset:</u>**

In vergelyking met Lombard (1991: 292) se omskrywing van 'n span, is dit duidelik dat die ACVV-tak op Cradock dit reeds volg vanaf 1900 vir die afgelope 96 jaar. 'n Groep vrywilligers het 'n gemeenskaplike doel nagestreef en was begerig en is steeds, om diens ter voorkoming of hantering van behoeftes en stremminge te lewer.

Lombard (1991: 295) is van mening dat alle dissiplines, organisasies en lede van die gemeenskap wat ten doel het om die totale behoeftes van die gemeenskap te begryp, en wat met mekaar wil saamwerk omdat hulle hul gespesialiseerde funksies as 'n noodsaaklike deel van die totale ontwikkeling van die gemeenskap sien, by 'n multiprofessionele span ingesluit kan word. Hierdie mening word deur die ACVV ondersteun omdat hulle gebruik maak van menslike hulpbronne uit verskillende dissiplines van organisasies en daarin glo dat mense beskik oor die vermoë om verskillende take te verrig indien hulle die motivering, stimulus en opleiding daarvoor ontvang en die nodige vertroue in hulself ontwikkel.

Die ACVV lewer dienste op 'n breë vlak en maatskaplikewerkdienste wat alle metodes in die Maatskaplike Werk insluit. Die organisasie is afhanklik van en verplig om verskillende hulpbronne te benut ten einde doelwitte te bereik:

**Bestuur:**

Die basiese doelwitte van die ACVV soos opgeneem in die konstitusie soos gewysig in 1992, is in breë trekke dieselfde as dié doelwitte soos opgeneem in die eerste grondwet van die vereniging. Die verskil wat voorkom is grootliks toe te skryf aan taalvaardighede en verfyning wat daarmee saamgegaan het. 'n Wesentlike verskil kom voor by die bepaling wat handel oor die oprigting van inrigtings wat reeds vanaf 1917 beslag gekry het binne die ACVV-struktuur in die daarstelling van tehuise vir laagbesoldigdes en later kinderbewaarskole. Die ACVV het vir die eerste keer in 1917 voorsiening gemaak vir die versorging van bejaardes in inrigtings, toe die ACVV-tak van die Paarl 'n tehuis vir dames begin het. Die tweede inrigting wat onder beheer van die ACVV tot stand gekom het, was die tehuis vir bejaardes op Cradock in 1927.

Die doelstellings van die ACVV soos opgeneem in die konstitusie soos gewysig deur die ACVV: Dit blyk dus dat die ACVV besture reeds deurlopend vanaf die ontstaan doelwitbestuur nagestreef het. Dit word deur Kroon (1990:152) beskryf as die proses waardeur die topbestuur oorhoofse doelstellings en strategieë vir die organisasie formuleer en waardeur die laer bestuursvlakke en werkers deur deelname binne die raamwerk van die oorhoofse, departementele en individuele doelstellings en doelwitte ontwikkel. Dit dien as motivering waarteen die vordering gemeet kan word en regstellende optrede gevolg kan word.

Die skep van 'n struktuur en die aanstelling van personeel om geïdentifiseerde take uit te voer asook om 'n kommunikasiepatroon te vestig word volgens Mc Kendrick (1987: 295) toegeskryf as die verantwoordelikheid van 'n bestuurstruktuur.

Die omgewing waarin die ACVV van die begin van sy bestaan funksioneer, is nie staties nie asook die eksterne en interne eise wat gestel word. Organisering word dus gesien as 'n aaneenlopende proses. Die ACVV soos groot en klein organisasies beskik oor drie gemeenskaplke eienskappe:

- Organisasies bestaan noodwendig uit 'n groep mense. In geval van die ACVV bestaan dit uit vroue wat die Protestantse geloof aanhang. Hierdie vroue lewer vrywillige dienste sonder om vergoeding daarvoor te verwag.
- 'n Organisasie se bestaan word geregverdig deur sekere doelwitte wat hy nastreef soos afgebaken in die grondwet van die ACVV asook elke afsonderlike ACVV-tak.
- Elke organisasie beskik oor 'n struktuur wat lei tot 'n definisie en beperking van gedrag van sy lede. Ook aan hierdie kriterium het die ACVV nog altyd voldoen omdat beherende strukture duidelik uiteengesit word in die grondwet van die vereniging as geaffilieerde takke.

Die ACVV bestaan vanaf sy totstandkoming uit 'n formele aanvaarbare raamwerk wat baie min veranderings ondergaan het. Bedrywighede word in afdelings en onder-afdelings gegroepeer met die pligte en verantwoordelikhede duidelik omskryf en met die


organisasiedoel deurgaans voor oë. Die struktuur moet verseker dat die organisasietrategie verwensentlik kan word en dat take op effektiewe en doeltreffende wyse afgehandel kan word.

Die ACVV-bestuursisteem kan onderskei word op verskillende vlakke wat volgens Verster (1983: 155) verdeel word op die makro-, meso- en mikro-vlakke. Die ACVV-hoofbestuur kan beskou word as funksionering op die makro-vlak. Sedert die stigting in 1904 het die ACVV gegroei tot 84 takke in Kaapland wat in 14 wyke opgedeel is met 'n hoofbestuurslid aan wie 'n sekere aantal takke toegewys is. Die verskillende takke is outonoom en beskik binne 'n breë raamwerk van die vereniging oor hul eie sake.

Dit blyk dus asof die ACVV-tak op meso-vlak funksioneer as bepaalde organisatoriese eenheid. Op mikro-vlak word volgens die skrywer op selfbestuur gefokus en gaan dit om die effektiewe funksionering van die individuele personeellid deur die toepassing van bestuurskennis en beginsels in en op sy eie werksituasie.

Die verskillende vlakke word as volg skematies weergegee:

MAKROVLAK




Hierdie struktuur word as volg omskryf:

ACVV-HOOFBESTUUR:

Die ACVV-Hoofbestuur word deur die kongres gekies volgens die vereniging se grondwet. Die hoofbestuur wat elke drie jaar verkies word, vorm die uitvoerende gesag van die vereniging en bestuur en organiseer die sake van die ACVV tussen kongresse. Die ACVV-hoofbestuur lewer onder andere direkte dienste deur middel van spesifieke projekte waaronder tehuise vir bejaardes, versorgingsoorde, dienssentrums vir bejaardes en inrigtings vir neuraalgestremdes.

Die Hoofbestuur gee leiding en voorligting aan takke en moet op hoogte bly van verwikkelinge op die welsynsterrein en die takke aanmoedig en voorlig ten opsigte van projekte. Die streekverteenwoordiger vervul in hierdie opsig 'n groot rol as skakelpersoon. Dit is eers in 1974 dat 'n permanente pos van hierdie aard in die streek gevestig is. Voorheen is die dienste gelewer deur die rondreisende sekretaris of sekretaresse van die

hoofkantoor. Hoofbestuurslede word genomineer deur takke wat deur haar verteenwoordig word. Die maatskaplike werkers se kwartaalverslae waarvan die hoofbestuurslid 'n afskrif ontvang asook die streekverteenwoordigers se evalueringsverslae ten opsigte van takke, diensvertakkinge en hoofbestuursprojekte sowel as jaarverslagvorms van takke, dien as inligtingsbron en is dikwels die enigste skakeling tussen die hoofbestuurslid en die tak. 'n Beperkende faktor is dat hoofbestuurslede nie vergoeding ontvang vir reiskonkostes aangegaan wanneer hulle takke of hoofbestuursprojekte besoek nie. Besoeke en skakeling op hierdie wyse is dus nie suksesvol binne die struktuur van die Middellandse streek nie veral omdat dorpe ver van mekaar geleë is.
Tot op hierdie vlak binne die bestuursisteem word die bestuursrol vervul deur vrywilligers wat geen betaling vir hul dienste ontvang nie.

**Direktoraat / Hoofkantoor:**

Die hoofkantoor is vanaf die bestaan daarvan in Kaapstad gesetel. Dit is geleë in die Zonnebloemsentrum, 'n Hoofbestuursprojek wat onder meer kantore vir maatskaplike werkers huisves asook 'n tehuis vir bejaardes en neuraal gestremde persone asook 'n dagversorgingsoord vir voorskoolse kinders.
Aan die hoof staan die direkteur wat beheer uitoefen oor die personeel, bestaande uit twee hoofmaatskaplike werkers wie se afdelings in twee verdeel word naamlik vakkundige dienste en administrasie. Hulle skakel op streekvlak met streekverteenwoordigers wat direk verantwoordiging doen aan die hoofmaatskaplike werker, vakkundige dienste.

**Takbestuur:**

'n ACVV-tak funksioneer outonoom en is geaffilieer aan die Hoofbestuur. 'n Jaarlikse vasgestelde fooi word betaal wat diensgelde insluit. Die huishoudelike reëls van die Cradock ACVV bepaal dat 'n bestuur twee-jaarliks gekies word. Op die platteland word ondervind dat lede ongeneë is om verantwoordelikhede van uitvoerende posisies te beklee. Dit is moeilik om byvoorbeeld 'n voorsitter te kry wat gewillig is om die rol te vervul. 'n Praktiese voorbeeld het op Cradock voorgekom aan die einde van 1994 toe die voorsitter van die tak na ses jaar bedank het. Die voorsitter van die Elizabeth Jordaan Tehuis het terselfdertyd na 'n dienstydperk van 9 jaar bedank.
In die Kaap Middellande gebied is probleme om tesouriers, wat die taak as vrywilligers doen, sodanig ondervind dat takke waar administratiewe beamptes aangestel is, die taak van tesourier aan hom/haar opgedra is. Dit blyk 'n suksesvolle reëling te wees hoewel dit nie voldoende deursigtigheid tot gevolg het nie en taklede nie genoegsame kennis dra van die finansiële aspekte van takbestuur nie. Dit word aanbeveel dat volledige maandstate

voorgelê word aan die bestuur soos beleid neergelê deur die hoofbestuur (ACVV Finansiële Bestuurskursus, Somerset-Oos, 26 April 1996).

Sub-komitees het vanaf die ontstaan van die vereniging 'n belangrike plek ingeneem van die bestuursisteem. Die aard van sodanige komitees het egter gewissel en dit blyk duidelik uit notules dat dit die gevolg was van verskeie behoeftes eie aan die tyd en aspekte wat deur die tak aangspreek is. Dit het die verskillende diensvertakkinge ingesluit soos onder andere die tehuis vir bejaardes, koshuise vir arm kinders, handelskool (verteenwoordiging) en kraaminrigting (verteenwoordiging). Ander komitees kan gekoppel word aan die werksaamhede van die maatskaplike werkers. Sommige komitees was en is gekoppel aan die takorganisasie. Sub-komitees is nie staties nie en kan geïnisieer word soos die omstandighede vereis. Die struktuur van die bestuursisteem het basies deur die 95 jaar van sy bestaan op Cradock dieselfde gebly. Die vier sleutelposte in die bestuur is byvoorbeeld vir die tydperk 1920 tot Oktober 1944 deur dieselfde vier persone beklee (ACVV Feesbrosjure 75, 1976: 22). Vanaf 1900 het slegs 15 vroue die voorsitterskap beklee hoewel sommige die pos vir meer as een keer beklee het.

Die vyf persone wat as voorsitters waargeneem het vir agt jaar gedurende die tydperk 1951 tot 1959 was predikantsvroue van die NG Kerk. Dit blyk asof 'n tendens gedurende daardie tyd bestaan het dat dit aanvaar is dat die predikantsvrou die aangewese persoon sou wees om die taak te verrig. Hierdie tendens het vinnig uitfasseer en is feitlik afwesig vanaf die verkiesing van mev. Du Toit as voorsitter in 1959. Predikantsvroue is huidiglik afwesig by ACVV-werksaamhede moontlik omdat hulle nie meer uitgesonder word as 'n spesiale persoon in die samelewing nie maar 'n normale rol vertolk wat ook insluit dat sy die arbeidsmark in baie gevalle betree het. Op 6 Februarie 1904 word melding vir die eerste keer gemaak van 'n wykskomitee wat saamgestel is aanvullend tot die uitvoerende bestuur, addisionele lede en dorpsbestuur. Dit is dus baie moontlik dat gemiddeld 15 wyke vanaf die ontstaan van die ACVV verteenwoordig is op die bestuur. Hulle het 'n skakelrol vervul tussen die distrik wat daardie tyd oor die algemeen welvarend was in Cradock en die ACVV. Die laaste wykskomitee waarvan melding in notules van die Cradock-tak gemaak is, is as sodanig saamgestel op 5 Maart 1959. Dorp en distrik is egter steeds verteenwoordig in ACVV-geledere. Vergadertye van vergaderings word aangepas om die boervrou te akkomodeer.

<u>Die Vrywilliger as Rolspeler binne die ACVV-Struktuur:</u>

Vrywilligers is betrokke by alle aspekte van die ACVV se werksaamhede, vanaf prakties en basiese dienslewering tot besluitneming op uitvoerende vlak. Die vrywilliger word algemeen beskou as die basis waarop die ACVV gebou is. Omdat maatskaplike nood volgens Grobbelaar (1980: 3) eenvoudig en ongekompliseerd van aard was kon maatskaplike sorg op 'n ongeorganiseerde wyse gelewer word omdat die gemeenskappe oorwegend selfversorgend was en die gesin en wyer familiegroep hulpbehoewendes in tye van nood versorg het. Met die koms van die Tweede Vryheidsoorlog het maatskaplike toestande radikaal verander en het dit 'n wesentlike invloed op die aard van die maatskaplike nood gehad. Hierdie ingrypende maatskaplike en ekonomiese veranderinge het daartoe gelei dat individue 'n behoefte gevoel het om die nood op 'n georganiseerde en planmatige wyse die hoof te bied.

Noodleniging was hul eerste oogmerk soos in die beskikbare notuleboeke duidelik blyk, maar algaande het die ACVV ander behoeftes waargeneem wat gelei het tot die insluiting van primêre gesondheidsorg, opvoedingsprogramme en welsynswerk in 'n omvattende gesinsorgdiens.

Voordat opleiding vir maatskaplike werkers beskikbaar was of voor die aanstelling van die maatskaplike werkers het die voorsitters en bestuur dit as hul taak aanvaar om hulpbehoewendes met raad en daad by te staan. Die geskiedenis toon dat daar op elke dorp een of meer vroue was wat op hierdie gebied leiding geneem het. Die komiteestelsel was vanaf die beginjare baie aktief maar enkele vroue se name was wel op die voorgrond.

Aan die einde van 1994 het statistiek bepaal dat 5 232 vrywilligers aktief betrokke was by 84 ACVV-takke wat versprei is oor die Kaapprovinsie (ACVV 90 jaar: 1904-1994: 5). Op Cradock staan die ledetal op 31 Maart 1995 op 40 wat 'n verhoging vanaf Maart 1991 aandui. Die getal van 41 medewerkers het konstant gebly. Elkeen van hierdie persone is op een of ander wyse betrokke as vrywilligers by die ACVV.

Bouwer (<u>Vroue Volksdiens</u>, Oktober 1984, Jaargang 22 No. 5: 11) meld 'n dekade gelede dat die aard en wese van die vroue wat vandag die werk doen, steeds dieselfde is as dié van daardie eerste vroue wat moed gehad het om te begin om 'n diens te lewer. 'n Nuwe groep vrywilligers is tans besig om te ontwikkel en dit is die wat hul tyd en talente beskikbaar stel maar nie oor geld en/of goed beskik om te skenk of selfs aan te wend om as vrywilligers op te tree nie. Hulle beskik byvoorbeeld nie eens oor die nodige reiskoste om na 'n vergaderplek te reis nie (ACVV Spesiale Omsendbrief W van 1996).

Die ACVV-tak van Cradock soos enige ander welsynsorganisasie wat van vrywilligers in sy diensleweringsaksie gebruik maak of aanvullend tot die diens van die maatskaplike werkers, moet eerstens aandag gee aan die ontwerp van 'n plan van aksie wat in werking gestel kan word. Hierdie plan moet onder meer 'n duidelike beeld bied van hoe, waar en

wanneer die organisasie die vrywilliger wil gebruik en hoe hy te werk wil gaan om vrywilligers te werf en te keur (Grobbelaar, 1980: 110).

Dit is dus nodig dat daar gekyk word na die proses van werwing, keuring, opleiding en plasing binne die raamwerk van die ACVV-tak in 'n plattelandse gebied. Potgieter (1985: 97) het bevind dat geen formele werwingsveldtogte plaasvind op die platteland waar hy navorsing by vier gesinsorgorganisasies gedoen het nie. Op die plattelandse dorpe, waar ACVV-takke redelik klein is, word spesifieke persone nie getaak om werwingswerk te doen nie en beskou elke lid dit as sy plig om lede, wat uit die aard van hul lidmaatskap, vrywilligers sal wees, te werf. Die maatskaplike werkers werf vrywilligers wat deur middel van hul kundigheid, persoonlikheid of belangstellings insette kan lewer ten opsigte van maatskaplikewerkdienste.

Hoewel net vroue toegelaat word om lede van die vereniging te word, word persone binne die tak asook persone vanuit die gemeenskap gekoöpteer as lede van beheerkomitees van diensvertakkinge soos tehuise vir bejaardes, dienssentrum en dies meer. Hul kennis ten opsigte van veral finansiering, bouwerk, instandhouding, arbeidsverhoudinge, vakbonde en andere word benut.

<u>Werwing van Vrywilligers:</u>

Die ACVV benut 'n verskeidenheid werwingstegnieke wat met sukses aangewend word. Grobbelaar (1980: 114-119) maak die volgende indeling van werwingsmetodes en praktyk. Hy word ondersteun deur Broomberg, Eales en Taback (1976: 132) en Ilsley, et al. (1981: 55-56) soos toegelig met voorbeelde:

- <u>**Die geskrewe woord:**</u>

* Beriggewing in plaaslike nuusblaaie wat wyd gelees word deur plaaslike inwoners en gewoonlik ook op streekbasis versprei word. 'n Goeie verhouding bestaan tussen redakteurs van die plaaslike koerante op die platteland soos aanbeveel deur Lauffer en Gorodezky (1977: 32). Terwyl advertensies ook benut word, is beriggewing egter gratis en word sodanig benut. Hoewel hierdie berigte nie altyd ten doel het om vrywilligers te werf nie, dra dit 'n positiewe beeld uit aan die gemeenskap wat indirek potensiële vrywilligers se belangstelling kan wek.

* Aantreklike en interessante nuusbriewe word op kleiner skaal benut om hul werksaamhede aan familie en die gemeenskap bekend te stel.

* Biljette en brosjures is al suksesvol benut (Alba Bouwer, Waar Vroue Voorvat, 1975, Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, Somerset-Oos, 1989, ACVV-Tak Cradock 80 Jaar, ACVV Cradock, Feesbrosjure 75, 1976 Alba Bouwer, 75 Jaar se Saamreis, 1971).

* Briewe aan moontlike donateurs is al in die verlede uitgestuur en opgevolg met geskrewe bedankings. Die afgelope jare word dit egter nie as 'n suksesvolle metode beskou nie omdat te veel organisasies binne een gemeenskap kollekteer vir verskillende doeleindes.
* Plakkate word gebruik om funksies en optredes te adverteer asook die jaarlikse gesinseëlveldtog van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie waaraan die ACVV as affiliaal ook deelneem.

- <u>Audio-visuele hulpmiddels:</u>

* Tegniese ontwikkeling het tot gevolg dat audio-visuele hulpmiddels beskikbaar is, maar onbenut deur plattelandse takke. Bekendstelling en advertensie op hierdie vlak word deur die ACVV-Hoofkantoor behartig.
* Suksesvolle uitstallings word by verskillende geleenthede gehou byvoorbeeld ope-dae by tehuise vir bejaardes, kongresse en kompetisiegeleenthede soos tydens die drie-jaarlikse kongres en streekbyeenkomste vir vrouehandwerkgroepe.
* Die radio op streekvlak word beskou as 'n goeie advertensiemedium vir die plattelandse takke maar is onbenut omdat spesifieke persone nie vir hierdie take getaak word nie.
* Grobbelaar (1980: 112) is van mening dat die beeld wat die vereniging aan die gemeenskap toon, 'n indirekte bydrae lewer om potensiële vrywilligers na die organisasie te trek. Die vereniging word deur middel van suksesvolle en doeltreffende dienslewering 'n onmisbare faktor in sy omgewing en gemeenskap.

- <u>Die gesproke woord:</u>

* Afkondigings in kerke word suksesvol benut om behoeftes onder die aandag van gemeentes te bring. Ondervinding op Cradock het bewys dat oproepe wat van die kansel af gedoen is, groot donasies van voedselware tot gevolg gehad het terwyl een gemeente 'n voertuig vir die tehuis vir bejaardes afbetaal het.
* Bywonings van verskeie forums deur personeel en afgevaardigdes van ACVV-takke op plaaslike sowel as streekvlak dien as spreekbuis en bekendstelling van werksaamhede aan die uitgebreide gemeenskap terwyl sigbaarheid slegs tot voordeel van die takke kan lei.
* Aanbiedings van interessante algemene vergaderings hou vrywilligers geïnteresseerd. Gaste word gereeld genooi ten einde hul belangstelling te prikkel.
* Fondsinsamelingsprojekte word baie goed bygewoon deur die ACVV-lede maar ook deur die gemeenskap. Jonger vroue word eenmalig betrek met spesiale opdragte/versoeke.
* Tevrede vrywilligers is volgens Rust (1977: 2) van die mees suksesvolle werwers vir ACVV-takke soos ook gevind op dorpe in die Kaap Middellande. Dit is ook as belangrikste bemarkingsmetode bevind in 'n profiel van die ACVV Cradock gedateer 1996-06-08.

* Toespreek van diensorganisasie en individuele gesprekke en kontakte lei tot betrokkenheid van hul kant hoewel hul lede verkies om as groep deel te neem aan spesifieke projekte tot voordeel van die ACVV-tak.

Die ACVV-tak op Cradock volg nie 'n formele keuringsprogram nie. Vrywilligers is in verhouding met take min en geen persoon wat hom beskikbaar stel, word weggewys nie omdat daar soveel gebied is waarbinne die persoon as vrywillige werker geakkomodeer kan word. Die keuringsproses wat gewoonlik op individuele vlak plaasvind, moet derhalwe verseker dat die mees geskikte persone as vrywilligers aangewys word terwyl die werwingsveldtog voortdurend voortgesit word. Indien die regte persoon nie vir 'n spesifieke taak gevind word nie, is dit moontlik dat die taak tot 'n mate gewysig kan word sonder om die doelwit te laat skade ly. Dit was byvoorbeeld op Cradock onmoontlik om 'n instruktrise te vind vir 'n tweede vrouegroep. Na deeglike oorweging is besluit om die twee groepe te amalgameer en een instruktrise te gebruik. Dit het terselfdertyd gelei tot regstellende aksie.

In geval van ACVV-takke word die keuringsproses vereenvoudig omdat persone dikwels of meestal bekend is in die gemeenskap. Die voorsitter en/of die maatskaplike werker hanteer die aansoek wat gewoonlik die vorm neem van informele navrae na gelang van die spesifieke behoefte. Dit is om hierdie rede dat 'n komitee, soos voorgestel deur Broomberg, et al. (1976: 133) tans nie toegepas word nie, maar wel oorweging kan geniet.

In 'n opname wat gedurende Junie 1995 en Junie 1996 in die Kaap Middellande onder ACVV-takke in die landelike omgewing gemaak is, het dit duidelik geword dat die ACVV-lid blymoedig is oor haar betrokkenheid by die vereniging omdat doelwitte barmhartigheids-, godsdienstig- en diensgerig is. Hulle beskik oor die vermoë om tyd te maak vir die ACVV-werksaamhede aangesien almal van hulle ook by ander organisasies en instansies betrokke is. Omdat die ACVV as Christelike organisasie bekend staan, sou dit 'n uitsondering wees indien die persoon nie aktief betrokke is by diensaksies van die kerk waaraan sy behoort nie. Meeste van die ACVV-lede op Cradock is Afrikaanssprekende vroue wat aan die NG Kerk verbonde is.

Die oriënteringsproses behoort die vrywilliger bekend te stel aan die vereniging en die program wat gevolg word om dienste uit te voer met die oog op die organisasie se verhouding teenoor sy diensverbruikers.

Schoeman (SANR vir Bejaardes, 1987) beskryf die taak van die welsynsorganisasie as 'n leergeleentheid wat die moeite werd is vir die persoon wat dit uitvoer en dat dit ook vir hom aangenaam sal wees om betrokke te wees. Die aspekte wat sy meld wat in aanmerking geneem moet word, stem duidelik ooreen soos binne die ACVV en op Cradock ondervind is:

- Volwassenes beskik reeds oor vaardighede en ervaringe wat hulle bereid is om te deel. Op Cradock word ondervind dat verskeie beroepe onder andere deur taklede

verteenwoordig word soos byvoorbeeld onderwysers, maatskaplike werkers, verpleegkundiges, huisvrourens en andere.

- Die vrywilliger binne die ACVV-sisteem verkies dat die opleiding prakties gerig word en geleentheid skep vir ontwikkeling van vaardighede.
- Hulle verkies dat opleiding deurlopend van aard is en beskik oor die vermoë om raad en inligting in te win waar dit vir hulle nodig blyk te wees. Dit is nie vir hulle 'n inspanning nie, omdat die kantooropset, personeel en ACVV-lede meestal aan hulle bekend is.
- Omdat vrywilligers dikwels betrokke is by verskillende instansies is dit dus noodsaaklik dat die tydsduur van opleiding en toegewyde take beperk sal word rondom hul vermoëns.

**Opleiding:**

Ilsley (1981: 68) is die mening toegedaan dat opleiding in groot groepe, klein groepe, een-tot-een verhouding en deur middel van selfstudie kan geskied. Binne die ACVV word gebruik gemaak van al hierdie metodes. 'n Profielstudie van die vrywilliger van die ACVV-tak op Cradock, waarby 'n kwart van die lede by betrokke was, dui daarop dat lede standerd 10 of tersiêre opleiding geslaag het. Dit vergemaklik die begrip vir die taak op hande en lede word geplaas ten einde hul persoonlike belangstellings en kundigheid die beste te benut.

Die voorsitter van die ACVV-tak op Cradock is 'n opgeleide, geregistreerde maatskaplike werker wat tot Julie 1994 in diens van die ACVV-Hoofbestuur was as streekverteenwoordiger. Voor haar aanstelling in bogenoemde pos, was sy ook maatskaplike werker van die plaaslike vereniging. Sy staan dus in 'n goeie posisie om vrywilliger opleiding te doen wat positief benut word by vergaderings wat bestuurs- sowel as spesialiteits-komiteevergaderings insluit. Informele individuele opleiding vind deurlopend plaas soos die behoefte voorkom.

Die huidige streekverteenwoordiger deel ook die kantooropset van die vereniging waar sy beskikbaar is vir supervisie en opleiding. Sy is dus in die geleentheid om gereelde insette op vergaderings te lewer, leerbehoeftes van vrywilligers te bepaal en dit persoonlik of deur ander rolspelers aan te spreek.

In die ACVV-struktuur op die platteland vind formele en informele opleiding van vrywilligers plaas soos in die volgende saamgevat:

- Drie-jaarlikse kongres wat nie alleen dien as besluitnemingstruktuur nie, maar wat ook geleentheid bied om vrywilligers, wat vanuit die hele Kaapprovinsie afgevaardig is, van inligting te voorsien ten opsigte van sake van gesamentlike belang en die eis van die tyd.
- Tussen kongresse kry streekverteenwoordigers opdrag om wykskonferensies en skolingskursusse te reël en aan te bied waar besprekings direk handel oor aspekte wat

leerbehoeftes aanspreek. Die streekverteenwoordiger, maatskaplike werkers en afgevaardigdes volg die byeenkoms plaaslik tydens die eerste tak- of bestuursvergaderings op waar praktiese toepassing in die praktyk prioriteit geniet.

- Die streekverteenwoordiger in diens van die ACVV-Hoofbestuur is getaak om bestuursleiding by takke te doen wat gerig word op leerbehoeftes van vrywilligers ten opsigte van bestuur, finansies, uitvoering van programme, beplanning met die oog daarop om te voorsien in die welsynsbehoeftes van die uitgebreide plaaslike gemeenskap.
- Die hoofbestuurslid vir die wyk waarin Cradock sorteer, woon op Cradock. Sy woon hoofbestuursbyeenkomste tweemaal per jaar by waarna sy terugvoering gee aan takke wat in haar area val en stel hoofkantoor in kennis indien enige probleme of behoeftes voorkom.
- Die streekverteenwoordiger ondersteun maatskaplike werkers om plaaslike opleiding van vrywilligers waar te neem ten einde hul toe te rus om spesifieke take uit te voer.
- Omsendbriewe vanaf hoofkantoor word gereeld deurgaans oor verskillende onderwerpe na takke en amptenare deurgestuur en word deur die streekverteenwoordiger met hul opgevolg.

**Plasing:**

Omdat keuring en oriëntering binne die ACVV informeel is en vrywilligers gewerf word met 'n reeds geïdentifiseerde behoefte vir 'n bepaalde taak, word die persoon geplaas om dié taak uit te voer. Dit gaan gewoonlik gepaard met ondersteuning van die maatskaplike werker of bestuurslid deur wie hy gewerf is. Volgens Ilsley en Niemi (1981: 69) word 'n vrywilliger geplaas sodra sy belangstellings, vaardighede en motiewe vasgestel is.
Lambrechts (Grobbelaar 1980: 48-55) is van mening dat die vrywilliger behulpsaam kan wees by groepwerk sowel as gevallewerk. Die ACVV-maatskaplike werker benut die vrywilliger in groepwerk as fasiliteerders, aanbieders, instruktises, demonstrasie, toesighouding tydens vakansieprogramme soos blyk uit die nuutste sakevoorlegging van die Kaap Middellande. (31 Mei 1996).

**Struikelblokke wat voorkom by die benutting van Vrywilligers in die Landelike Gebiede van die Oos-Kaap:**

Aanvanklik was die voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en tesourier die belangrikste persone in die vereniging. Hierdie persone was betrokke by direkte dienslewering wat die maatskaplike versorging van 'n gemeenskap waargeneem het en het sodanig erkenning geniet by die kerk, die skool en die landdroskantoor onder andere. Dit is dus nie vreemd dat die vrywilligers op 'n stadium maatskaplike werkers as bedreiging beleef het nie. Binne ACVV is hierdie gesindheid oorbrug deur wetenskaplike aanwending van die vrywilliger asook opleiding aan professionele persone sowel as aan vrywilligers.

In die ontwikkelende plattelandse gemeenskappe van die Kaap Middellande is dit bevind dat 'n mate van professionele jaloesie steeds bestaan tussen vrywilligers op bestuursvlak en sommige maatskaplike werkers by welsynsorganisasies anders as die ACVV. Dit is gewoonlik persone wat in ander professies staan. Die maatskaplike werkers werk meestal onder moeilike omstandighede terwyl hulle min of geen erkenning ontvang van die bestuur en gemeenskap waarin hulle werksaam is nie. Die ACVV kan hierdie situasie pro-aktief aanspreek deur opleiding van vrywilligers.

Die huidige besture van die ACVV-takke op die platteland is bekommerd omdat so min nuwe vrywilligers en veral jonger vroue as lede aansluit. Die vereniging trek, behalwe enkele uitsonderings, vroue uit die middel- of laat middeljare wat nie buitenshuis werk nie en wie se kinders reeds onafhanklik is. Die verwagting is dat hierdie tendens sal voortduur omdat jongmense van vandag binne enkele jare dieselfde tydvlak sal betree.

Die jonger vroue, veral in die meer ontwikkelde gebiede beskik oor verskillende alternatiewe vir ontspanning en dienslewering deur aktief betrokke te raak by die skole waar hul kinders is, kerkorganisasies en die Vroue Landbouvereniging asook verskeie sportklubs waaraan hulle behoort. Hulle stel dus nie op hierdie stadium belang om betrokke te raak by die ACVV nie, maar veranderde persoonlike omstandighede, sal ook veranderde behoeftes meebring.

As gevolg van grootskaalse werkloosheid wat tans voorkom as gevolg van 'n gebrek aan werksgeleenthede en die klem wat op regstellende aksie gelê word, is die verwagting dat 'n tendens mag ontwikkel dat jonger vroue, wat nie buitenshuise werk kan bekom nie, hulle beskikbaar sal stel om vrywillige werk te doen.

'n Derde struikelblok wat die beskikbaarheid van vrywilligers mag beïnvloed blyk te wees dat, ten spyte van die uitbreiding van dienste na die totale gemeenskap, die Xhosa-bevolkingsgroep wat die grootste getalle in die Oostelike Kaap en dus ook Cradock vorm, nie gewoond is aan vrywillige dienslewering nie. ACVV-maatskaplike werkers verrig hul taak tans te midde van 'n verskeidenheid van kulture, behoeftes en probleme wat voorkom. Dit verg persoonlike aanpassing in die benadering van vrywilligers. Vrywilligers uit die ontwikkelde gemeenskappe is min en voel onseker oor hul taak.

Die volgende aspekte het 'n invloed op die beskikbaarheid van vrywilligers in die totale plattelandse gemeenskap:-

- Vroue moet werk soek of as entrepreneurs optree, ten einde in hul gesinne se primêre behoeftes te voorsien omdat formele werkgeleenthede beperk is.
- Vroue werk lang ure byvoorbeeld op 'n dorp soos Cradock waar hulle hoofsaaklik ongeskoolde arbeid verrig as laagbesoldigde huishulpe.
- As gevolg van lang werkure en huishoudelike take wat tuis afgehandel moet word, het vroue nie tyd om te spandeer aan take wat nie 'n inkomste genereer nie.
- As gevolg van regstellende aksie wat na post apartheid intree, sal meer vroue van die Xhosa-kultuurgroep, die arbeidsmag kan betree.
- Werkgeleenthede is ver van die woongebiede geleë wat baie tydrowend is en min oorlaat vir vrywillige werk.
- Vervoer is skaars, ongereeld of onbekombaar.
- Uit die maatskaplike werk praktyk blyk dit dat grootouers uit die Xhosa kultuurgroep na die kinders in die huishouding moet omsien terwyl die ouer/s plaaslik of ver weg in stede werk as gevolg van 'n tekort aan werksgeleenthede in die landelike gebiede. Hierdie substituut ouers is dan uiteraard huisgebonde en betrokke by die direkte versorging en opvoeding van skoolgaande kinders wat hulle nie toelaat om buitenshuise werk, waaronder vrywillige werk, te verrig nie.
- Kultuurverskille, veral die feit dat die ACVV se voertaal Afrikaans is, kan verhinder dat andertaliges as lede aansluit hoewel taalaanpassing wel gemaak word tydens spesiale geleenthede.
- Leiers in die agtergeblewene gemeenskap is werksgebonde en dit is nie vir hulle moontlik om vergaderings in werksure by te woon nie. Die tradisionele vrywilliger binne die ACVV op die platteland is nie bereid om vergadertye te verander nie en dit lei tot die beperking dat vrywilligers in agtergeblewe woongebiede nie ingeskakel kan word op besture en sub-strukture nie.

ACVV-Hoofkantoor (Omsendbrief W van 1996) is van mening dat 'n groep vrywilligers in die ontwikkelde gemeenskappe wat min is, meesal dus finansiële probleme ervaar. Hulle sien nie die vergoeding van vrywilligers as 'n oplossing nie, maar sien die volgende as oplossing vir probleme wat genoemde vrywilligers ervaar:

- Dit sal vir takke nodig wees om te beplan dat take en funksies verspreid deur die jaar plaasvind, dat vrywilligers se werklading op rotasiebasis plaasvind sodat daar nie te veel druk op 'n klein groep vrywilligers is nie.
- Op die materiële terrein sal toegesien moet word dat 'n gebrek aan middele nie 'n persoon daarvan weerhou om as vrywilliger diens te lewer nie.
- 'n Addisionele dimensie by vrywilligers uit ontwikkelende gemeenskappe, is dat moeite gedoen moet word om byvoorbeeld vervoerreëlings te tref.

- Vir vrywilligers in die ontwikkelde en ontwikkellende gemeenskappe is aanvaarding, erekenning, respek, medeverantwoordelikheid en die diensmotief van deurslaggewende belang wat nie negeer of onderskat moet word nie.

**Dienste waarby vrywilligers op Cradock en in die Landelike Gebiede van die Middellande by betrokke is:**

Meer as 5,000 vrywilligers is betrokke by die ACVV. Op Cradock staan die ledetal op 31 Maart 1995 op 40 lede wat 'n verhoging vanaf Maart 1991 op 40% aandui. Die getal van 41 medewerkers het konstant gebly. Elkeen van hierdie persone is op een of ander wyse betrokke as vrywilligers vir die ACVV.

Die ACVV probeer deurgaans om die talente van sy vrywilligers ten beste te benut, en bied aan alle persone die geleentheid vir gemeenskapsdiens. Vrywilligers word volgens hul belangstellingsveld oor 'n breë spektrum aangewend. Dit het egter dringend nodig geword dat lede uit die breër gemeenskap gewerf word om sodoende te verseker dat alle beskikbare kundigheid ten bate van die uitgebreide gemeenskap benut word.

Uit 'n profiel van die ACVV se vrywilliger soos saamgevat in 'n semesterverslag gedateer 2 Julie 1995 soos opgestel deur die streekverteenwoordiger van die Middellande, word die volgende as areas aangegee waarby die vrywilliger in die Kaap Middellande by betrokke is:

- Beleidformulering en advisering waaronder die bestuur van ACVV-takke en diensvertakkinge en spesialiteitskomittees.
- Fondsinsameling wat insluit organisering en fisiese deelname onder andere voorbereiding van verversings en lokale en spyseniering.
- Die opbou van openbare verhoudinge waaronder beriggewing, ontwikkelingskomitees, plaaslike en streekforums.
- Behartiging van klerklike en administratiewe take soos tydens verlofperiodes van personeel, afneem van notules tydens vergaderings, vertaalwerk en taalkundige versorging van inligtingstukke, korrespondensie en rekenaarsontwerp.
- Lewering van direkte dienste wat behels administrasie van toelaes, tuisbesoeke aan bejaardes op kleiner dorpe veral waar daar nie 'n maatskaplike werker is nie, besoeke aan bejaardes in tehuise, aankope en aflewering van kruideniersware, toesigdienste gedurende verlof waar kinders tuis is uit inrigtings vir vakansies en verskaffing van vervoer waar nodig.

Die ACVV op Cradock is soos alle ACVV-takke betrokke by die mens in sy totale spektrum van ontwikkeling wat geleentheid bied vir lede met 'n groot verskeidenheid van belangstellings en persoonlikhede.

Die ACVV lê groot klem op bejaardesorgdienste binne en buite die tehuis vir bejaardes. Dit word ook as voorkeuraktiwiteit aangedui (ACVV Cradock, Profielstudie van vrywilligers, 1996-06-08). Die inskakeling van vrywilligers by nie-vakkundige dienste by wooneenhede,

tehuise en dienssentrums, vervul 'n belangrike rol ten einde dienste van die sentrum uit te brei en te bevorder tot voordeel van die inwoners en bejaardes in die gemeenskap wat by dienste inskakel.
Volgens die Witskrif vir Maatskaplike Dienste (White Paper for Social Welfare: Toward a New Welfare Policy on Strategy for SA Ministry for Welfare and Population Development, August 1995: 81) word 'n toename van bejaardes verwag teen 'n tempo van 68 000 per jaar wat beteken dat daar 3,4 miljoen bejaardes in die land sal wees teen die jaar 2015. Die vrywilliger binne die ACVV-struktuur beskik reeds oor die kundighede en vaardighede om voorkomende, bemagtiging en versorging van die bejaarde te bevorder binne en buite die inrigtingsisteem. Maatkaplike dienste aan bejaardes sal alhoemeer aan huisgebonde bejaardes gelewer moet word. Die ACVV-vrywilliger sal by magte wees om veral 'n bemagtigingsrol te vervul by die aanbied van programme vanuit 'n dienssentrum soos reeds 'n aanvang geneem het deur die ACVV-Cradock.
Kinder en gesinsorg was vanaf die ontstaan van die vereniging een van die belangrikste aspekte waarby die vrywilligers betrokke geraak het. Mitchell (1976: 137) is van mening dat programme waar kinders by betrokke is 'n verskeidenheid probleme soos hongersnood, armoede, verwaarlosing, mishandeling en diskriminasie verteenwoordig . Hy beskou 'n kollektiewe gemeenskapsbenadering noodsaaklik om die impak van hierdie probleme te verminder of uit te skakel. Vrywilligers lewer dikwels direkte hulp deur as pleegouers op te tree of aan kinders 'n plek van veiligheid te bied. Lambrechts (Grobbelaar 1980: 53) beweer egter dat vrywilligers wat hulself as pleegouers beskikbaar stel, nie die nodige erkenning kry vir hul waardevolle rol in 'n volwaardige stelsel van kindersorgdienste nie. Met die oorname van statutêre dienste van pleeggevalle in Lingelihle, sal 'n groter getal vrywilligers in Cradock in die toekoms nodig wees om as pleegouers op te tree. In die praktyk is meeste pleegsorgplasings in die agtergeblewene gemeenskappe, familieplasings wat grootliks 'n finansiële oogmerk het.
Die Witskrif vir Maatskaplike Dienste (1995: 68) lê klem daarop dat die doel van gesins- en kindersorgdienste is om die gesinne sodanig te versterk dat hulle 'n geskikte omgewing daar kan stel wat in die psigiese, emosionele en maatskaplike ontwikkeling van almal kan voorsien. Strategieë is ontwerp om in hierdie behoeftes te voorsien en die ACVV kan deur middel van die vrywilligerkorps wat beskik oor 'n verskeidenheid vaardig- en kundighede behulpsaam wees met die skepping van ondersteuningsisteem en die aanbieding van volgehoue ontwikkelings- en stimuleringsprogramme byvoorbeeld voorbereiding vir die huwelik, huweliksverryking en ouerleidingsprogramme.
In hierdie afdeling van die werk word medewerkers as vrywilligers soos byvoorbeeld predikante, geneeshere en kliniese sielkundiges grootliks op die platteland gebruik deur die ACVV hoewel hulle nie klassifiseer as tradisionele vrywilligers nie, maar medewerkers. Spesialiste op hierdie gebied is nie altyd geredelik beskikbaar op die platteland nie en gespesialiseerde dienste is duur en onbekostigbaar. Die ACVV-tak is dikwels verplig om vir

dienste van sodanige persone te betaal ten einde doelwitte ten opsigte van die betrokke kliënt te bereik.

**Die Streekverteenwoordiger as Rolspeler binne die ACVV-Struktuur:**

Die streekverteenwoordiger is 'n amptenaar van die hoofbestuur en tree op as direkte skakel met die professionele personeel op plaaslike vlak. Tot 1974 is hierdie dienste grootliks gelewer deur die organiserende sekretaresse van die bestuur of afgevaardigdes van die hoofkantoor. Vir 'n tyd het 'n streekverteenwoordiger met standplaas Noupoort, 'n diens gelewer as raadgewer vir die tak op Cradock maar min van haar werksaamhede word deurgegee in notules van die tak wat daarop dui dat haar kontrak met die tak minimaal was en nie 'n groot impak gelaat het nie. Dit was egter met die aanstelling van mev. A. van Heerden dat die pos meer gestruktureerd was. Sy het die pos vir 20 jaar beklee voor die aanstelling van die huidige streekverteenwoordiger.

Die doel van die pos volgens die posbeskrywing van die ACVV-streekverteenwoordiger is tweedelig van aard naamlik:

- Om supervisie aan die maatskaplike werkers en leiding ten opsigte van tak-organisasie en inrigtingsorg in die aangewese streek te bied.
- Die streekverteenwoordiger beklee as supervisor 'n middelbestuurspos en moet derhalwe uitvoering aan al die funksies van bestuur gee.

Die posbeskrywing omskryf vyf verantwoordelikhede van die streekverteenwoordiger wat betrekking het op die volgende:

- Maatskaplike werkers wat supervisie of konsultasie insluit met die oog op gestandaardiseerde dienslewering en professionele ontwikkeling.
- Takke, hoofbestuursprojekte en welsynsinrigtings wat onder andere insluit hulp en leiding aan ampsdraers en ander vrywilligers sodat elkeen hul rol doeltreffend kan vervul.
- Spesifiek ten opsigte van takke wat direkte leiding insluit ten opsigte van die uitvoering van take.
- Spesifiek ten opsigte van hoofbestuursprojekte en welsynsinrigtings wat 'n leidende sowel as 'n kontroleringstaak insluit.
- Ten opsigte van die hoofbestuur wat grootliks ten doel het die skakeling en kommunikasie tussen hoofbestuur en ACVV-werksaamhede ten einde die vertikale- en horisontale vloei van inligting, veral dié rakende beplanning, beleid en prosedure te verseker.

Bogenoemde dui dus daarop, in teenstelling met streekverteenwoordigersdienste voor 1974 dat sodanige dienste uitgebrei het om benewens supervisie en konsultasie binne die toegewysde streek te koördineer, leiding te bied en 'n kontroleringsfunksie uit te voer ten einde gestandaardiseerde dienste binne die ACVV-opset te verseker.

**Personeel as Rolspelers binne die ACVV-Struktuur:**

Die ACVV het vanaf 1990 ontwikkel tot een van die groter werkgewers in Cradock soos ook in ander dorpe deur tehuise vir bejaardes en ander diensvertakkinge. Op Cradock kan die personeel verdeel word tussen professionele en ander betrokke by Maatskaplikewerkdienste asook dié werksaam by die Elizabeth Jordaan Tehuis en Erica Sentrum gekombineerd.

Twee voltydse gesubsidieerde maatskaplikewerkposte is beskikbaar vir die ACVV op Cradock. 'n Administratiewe pos is gekoppel aan hierdie twee poste. Toe die poste gesubsidieer is in die tydperk van verskillende staatsdepartemente vir afsonderlike rassegroepe, en klem grootliks geplaas is op die grootte van die gevallelading, is uitgereik na naburige dorpe soos Adelaide en Bedford omdat die blanke gevallelading nie voldoen het aan die kriteria wat gestel was vir twee gesubsidieerde poste nie. Met die aanstelling van mej. Esterhuizen in 1978 as tweede voltydse gesubsidieerde maatskaplike werker op Cradock, is dienste op hierdie dorpe vanaf Cradock gelewer tot Junie 1996 toe die uitbreiding van die werklading op plaaslike vlak dienste daar nie koste- of tydeffektief gelewer kon word nie en die rassegroep wat volgens ooreenkoms bedien is, se getalle afgeneem het.

Ten spyte van klemverskuiwing na ontwikkelingswerk en die uitbreiding na die totale gemeenskap van Cradock, het die hoeveelheid personeel betrokke by direkte maatskaplikewerkdienste op Cradock nie verander nie en moes die pligtestate daarvolgens aangepas word.

Lombard (1991: 295) se stelling dat alle dissiplines en organisasies in 'n multiprofessionele span moet saamwerk, realiseer op Cradock waar 'n samewerkingsverhouding ontwikkel het tussen verskillende rolspelers in die Maatskaplike werk sisteem. Dit sluit in die plaaslike kantoor van die Departement Maatskaplike Dienste, Polisiediens, Departement Korrektiewe Dienste en die plaaslike Kinder- en Gesinsorgvereniging.

'n Komitee, verteenwoordigend van alle rolspelers in diens van bogenoemde instansies, vergader maandeliks en het ten doel om deur middel van samewerking, optimale maatskaplikewerkontwikkeling in Cradock te verseker deur middel van identifisering van maatskaplikewerkbehoeftes en beplanning van aksies ten einde hierdie stremminge aan te spreek.

In die verlede is elke organisasie verplig om met 'n spesifieke rassegroep in 'n spesifieke area te werk. Dit het stremminge en kompetisie tussen organisasies en rolspelers tot gevolg gehad wat as gevolg van beter samewerking en skakeling, op Cradock heeltemal uitgeskakel is. Dit gaan nie meer soseer oor wie die dienste lewer nie, maar dat daar wel voorsien word in die welsynsbehoeftes van die gemeenskap.

Die ACVV op Cradock en op dorpe waar die organisasie gevestig is, het erkenning geniet deur die onderskeie tradisionele blanke gemeenskappe omdat dit al organisasie was wat

dienste in sodanige gemeenskappe gelewer het. Die ACVV geniet dus reeds lank erkenning as rolspeler op die gebied van welsyn. Vanaf 1990 is die rol van die ACVV dikwels bevraagteken deur gemeenskappe wat nie tradisioneel deur die organisasie bedien is nie asook die naam van die organisasie wat aan Afrikaanssprekende Christelike vroue gekoppel is. As gevolg van die ACVV se betrokkenheid op plaaslike en openbare vlak deur verteenwoordiging op verskeie gebiede soos onder andere die Gemeenskapspolisiërings-, Welsynsforum en Interim Distrik Oorgangsraad asook verskeie insette gelewer tydens werkgroepe ter bepaling van beleid, is 'n veranderde persepsie van die organisasie geskep. Uitgebreide dienste na die totale gemeenskap en veral Lingelihle, tradisioneel Xhosa-gemeenskap, het ook daardie bygedra.

'n Tweede groep personeellede as rolspelers binne die ACVV is dié in diens van die Elizabeth Jordaan Tehuis. Twintig jaar gelede het die personeel van die tehuis bestaan uit 'n matrone, assistent matrone (kombuis), 'n gekwalifiseerde verpleegster en 'n voltydse sekretaresse, wat ook 'n opgeleide maatskaplike werker was. Hulle is bygestaan deur vyf ander. Op daardie stadium is pogings aangewend om ook personeel aan te stel wat nagdiens sou doen (Van Heerden, 1976:35). Twintig jaar later is hierdie getal van 12 personeellede 'n onbeduidende getal in vergelyking met die huidige 49 op 'n groot vlak van dienslewering.

Die vermeerdering van personeel is sprekend van die ontwikkeling wat plaasgevind het gedurende die afgelope 20 jaar. Voorsiening is in 1976 gemaak vir 27 bejaardes terwyl 60 verswakte verouderde persone tans versorg word in 'n nuwe tehuis wat April 1995 betrek is. Daar is terselfdertyd vir 40 bejaardes wat nog onafhanklik buite die tehuis in wooneenhede op die perseel woon, voorsiening gemaak.

Die grootste uitgawes van die ACVV Cradock, is die ten opsigte van salarisse van professionele personeel. Indien aanpassings nie op plaaslike vlak en ten opsigte van die salarisse aangespreek word nie, kan die beroep en aansien van professionele personeel verlaag. Hierdie aspek sal aangespreek moet word. Uit die aantal aansoeke wat ontvang word vir vakante poste, blyk dit egter asof daar tans oorvoorsiening van opgeleide maatskaplike werkers voorkom. Dit bring mee dat die lae salaris nie 'n onmiddellike uitwerking het nie.

Loonpakette van die ACVV sluit wel pensioenvoordele en werkloosheidsversekering in. Mediesefondsvoordele is beskikbaar en verpligtend indien alternatiewe voorsiening nie gemaak is nie. Voordele sluit nie behuisingsubsidie in nie en dit blyk grootliks onwaarskynlik dat die ACVV dit binne afsienbare tyd, indien ooit, sal kan bekostig sonder staatsubsidie. Laasgenoemde blyk ook onwaarskynlik te wees, aangesien 'n groter wordende onrustigheid ontwikkel dat subsidie in die toekoms gesny gaan word. Dit kom voor as gevolg van die staat se besparingsbeleid.

Vakbondbedrywighede is steeds beperk op die platteland hoewel verteenwoordig in die tehuise vir bejaardes onder laer besoldigde personeel. Slegs sporadiese gevalle van

looneise kom voor terwyl werkplaasverteenwoordigers wel beskikbaar is. Op Cradock is minimum betrokkenheid huidiglik teenwoordig wat toegeskryf word aan die hoër lone wat betaal word in vergelyking met ander tehuise in die streek.

Tot 1978 het sekretarisse en tesourieres meeste van die administratiewe take en boekhouding van die ACVV-takke en diensvertakkinge behartig op 'n vrywillige basis. Hulle is nie finansieel vergoed vir hierdie dienste gelewer nie. Maatskaplike werkers het kantooradministrasie behartig en talle tikwerk self hanteer. Boekhouding ten opsigte van administrasie en pensioene en toelaes is deur die maatskaplike werker self gedoen wat 'n geweldige aanpassing was omdat hulle oor die algemeen nie in daardie rigting opgelei is nie.

Op 1 Desember 1978 is die eerste betalende administratiewe beampte van die ACVV-tak op Cradock aangestel. Haar pligte het boekhouding van beide die Elizabeth Jordaan Tehuis en ACVV-tak behels. Laasgenoemde het ook die pos beklee tot 30 April 1981. As gevolg van die swak finansiële aanbod, is geen aansoeke ontvang vir die vakante voltydse betrekking nie.

Op 'n ACVV-vergadering gehou op 8 April 1981 is besluit om twee ooggendposte te skep naamlik vir die tak en die Elizabeth Jordaan Tehuis afsonderlik. Die werksaamhede van die tehuis en tak is toe geheel geskei.

Vir die afgelope 18 jaar het minimale wisseling dus in kantoorpersoneel voorgekom aangesien net drie persone in dié tydperk aangestel is in administratiewe poste. Die skoonmaker en bode is tot die minimum beperk. Dit is duidelik dat die kantoorpersoneel by die takkantoor tot die minimum beperk word ten einde koste-effektief op te tree.

**DIENSVELDE:**

Dit is nie moontlik om op die platteland te spesialiseer nie omdat gesinsorgorganisasies in verhouding met dié in stede betreklik klein is en 'n klein hoeveelheid organisasies werksaam is in een dorp. Die ACVV as gesinsorgorganisasie lewer oor 'n wye spektrum dienste wat 'n groot aantal probleme insluit wat in die lewensloop van die totale menslike siklus voorkom vanaf geboorte tot wanneer veroudering intree.

Uit die welsynsprogramme is dit duidelik dat diensvelde die volgende insluit:

- Die huwelikslewe, gesins- en kindersorgdienste sluit dienste in aan multiprobleemgesinne ten einde in hul basiese en emosionele behoeftes te voorsien. Statutêre dienste word hierby ingesluit ten einde gesinne se gesinsfunksionering te verbeter.
- Die welsyn van bejaardes be-oog om die maatskaplike funksionering in stand te hou en te verbeter om hulle daardeur in staat te stel om so lank as moontlik onafhanklik in die gemeenskap aan te bly.
- Die voorkoming van alkoholisme of afhanklikheid van afhanklikheidsvormende middels of die behandeling van sulke persone deur middel van private reëling of statutêre ingryping ten einde gesinsfunksionering te verbeter.
- Die verskaffing van behuising aan behoeftiges of noodlydende persone sluit in hoë prioriteit aan behuising vir bejaardes. Die tak op Cradock het jare gelede enkele huise in Parkstraat besit wat aan behoeftige persone beskikbaar gestel is. Dit is later verkoop. Na die watervloed in 1974 was die ACVV gemoeid met 'n behoeftebepaling vir die oprigting van behuising vir bejaardes wat gerealiseer het in die oprigting van woonsteleenhede deur die plaaslike owerheid.
- Maatskaplike noodleniging en bestaansbeveiliging het ten doel om deur middel van primêre maatskaplike sorg aan gesinne se lewensstandaard te verhoog ten einde 'n sosiaal aanvaarbare lewensgehalte te handhaaf.
- Die voorkoming en behandeling van enige ander sosiaal patologiese toestand van die gemeenskap.

<u>Gesinsorg:</u>

Ten spyte daarvan dat nuwe poste nie maklik realiseer nie, sal maatskaplikewerkposte geskep moet word wat die totale gemeenskap van 'n dorp of kombinasie van dorpe sal bedien. 'n Voorbeeld van 'n voorloper van sodanige reëling is die aanstelling van kontrakwerkers in die plattelandse gebiede van die Noord Kaap (<u>Echo</u>, 1996, 14 Junie 1996). Dit is egter huidiglik 'n tydelike reëling vir drie maande vanaf 1 April 1996 maar sal hopelik verleng word aangesien dit in 'n groot behoefte voorsien omdat klein plattelandse takke nie oor die finansiële infrastruktuur beskik om 'n geregistreerde maatskaplike werker aan te stel nie.

Ten spyte van klem op ontwikkeling en gemeenskapsontwikkeling, sal gevallewerk nie verdwyn nie omdat individuele persone met probleme altyd daar sal wees. Selfs as die prognose vir herstel en aanpassing swak is, sal iemand en in hierdie geval die maatskaplike werker of ACVV-lid as vrywilliger werker, na hierdie persone moet omsien.

Die <u>Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk</u> (Vaktaalkomitee, 1984: 18) beskryf gevallewerk as 'n metode in die maatskaplike werk waarvolgens 'n verskeidenheid van vaardighede, tegnieke en ander hulpmiddels ingespan word om die maatskaplike funksionering van 'n kliënt te verbeter. Die wêreld oor soos ook in Suid-Afrika, is tot onlangs die meeste klem gelê op die gevallewerkmetode (Van Rooyen, 1980: 15). Die werksaamhede, soos ook tot enkele jare gelede op Cradock gebeur het, is gemeet aan die aantal gevalle wat op die maatskaplike werker se permanente lading was. Selfs subsidie vir maatskaplikewerkposte is volgens sodanige kriteria toegestaan. Daar word saamgestem Hollis (1981: 405) dat die term gevallewerk 'n verandering ondergaan het en dat meer omskrywende woorde soos kliniese maatskaplike werk, behandeling, behandelingsproses, intervensie, terapie en diens meer dikwels gebruik word.

Gedurende die tagtigerjare het daar 'n trots binne die ACVV ontwikkel omdat hoë standaarde gehandhaaf is. Dit is moontlik omdat 'n betreklik lae gevalleading hanteer is omdat dienste net aan blanke persone gelewer is in vergelyking met die huidige werkladings.

Die ACVV kon nou wegbeweeg van opheffingswerk na opvoedkundige insette wat veral voorkomend van aard was. Gevallewerk is opgevolg met ouerleidinggroepe, aannemings- en enkelouergroepe asook lewensvaardigheidskursusse in skole wat gesinsvoorligtingsprogramme by twee hoërskole in Cradock ingesluit het.

Gevallewerk is steeds gedoen, maar dit het weg beweeg van armoede. Meer gegoede persone is dus betrek by dienslewering. Maatskaplike werkers was gedurende hierdie tydperk baie ingestel op professionaliteit en was trots op die weg wat hierdie rigting ingeslaan het. Programme bring mee dat behoeftes in die gemeenskap gesoek is en daarvolgens opgetree was volgens behoeftes soos die maatskaplike werker dit gesien het.

Lambrechts en Theron het in 1959 (1959: 35) die stelling gemaak dat die dienste van die vereniging aan die individuele gesinslid ten doel het om hom te help om beter by sy gesin en gevolglik ook beter by die samelewing aan te pas. Hierdie uitspraak is steeds in 1996 van krag ten spyte daarvan dat baie veranderings en aanpassings gemaak is wat 'n invloed op hierdie dienste gehad het soos by die oopstelling van dienste aan die totale gemeenskap.

Vanaf 1990 het die algehele ommeswaai van klem begin posvat. Hoewel die ACVV reeds sover as 1979 besluit het om, ten spyte van die heersende politieke voorskrifte, sy dienste oop te stel aan mense van alle rasse en aan behoeftige gemeenskappe (ACVV 90 Jaar, 1994: 2), was dit nog 'n vreemde gedagte vir die konserwatiewe plattelandse gemeenskappe wat afhanklik is vir hul finansiële voortbestaan van hierdie gemeenskappe. Die oopstelling van die grondwette in 1992 het 'n groot aanpassing geverg. Klemverskuiwing het weer eens plaasgevind vanaf opvoedkundige- na opheffingswerk. Dit bring mee dat 'n klemverskuiwing plaasvind na derde wêreldstandaarde. Die klem wat nou geplaas word op gemeenskapsontwikkeling, gee minder tyd vir gevallewerk. Dienste het verander van voorkomend-opvoedkundige dienste na ontwikkeling. Die ACVV was al organisasie op baie dorpe waaronder Cradock wat voorkomende werk gedoen het op individuele, groep- en gemeenskapswerk gebied. Werk is op hoë vlak gelewer waarop die ACVV trots was soos weerspieël in die verskillende verslae wat in die loop van 'n maatskaplike werker se werksgebied opgestel is waarin verantwoording gedoen is van werksaamhede en wat ook metode van kontrolering was.

In samewerking met ander welsynsinstansies het die ACVV gevallewerk take oorgeneem ten einde die werklading meer regverdig te kon verdeel. Dit laat die ACVV maatskaplike werkers met baie groter gevalleladings as waaraan hulle in die verlede aan gewoond was. Individuele werk moes grootliks afgeskaal word en sametrekking in 'n groepsituasie maak dit moontlik om deur hierdie werkladings te kom. Statutêre dienste en veral pleegsorg handel grootliks oor die primêre behoeftes van huisvesting, kos en klere. Ontwikkeling is 'n langtermyn diens terwyl daar in onmiddellike behoeftes van die mens voorsien moet word. Die regstellende proses waaraan die ACVV hom ook verbind het, is steeds verwarrend omdat die staatsdiensstruktuur nog binne die proses van verandering verkeer.

<u>Groepwerk:</u>

In Hoofstuk 3 is 'n volledige uiteensetting gegee van groepwerk soos aangebied deur die maatskaplike werkers vanaf hul aanstelling tot 1990. Lambrechts en Theron het die nut en doel van sodanige groep reeds uiteengesit in 1959 (Lambrechts en Theron, 1959: 46). Volgens hulle was dit drieledig van aard naamlik ter bevordering van voorligting en onderrig, behandeling van persoonlikheidsprobleme en maatskaplike wanaanpassing en ontspanning.

Die maatskaplike werkers van die ACVV Cradock gebruik steeds groepwerk as een van die primêre metodes van die maatskaplike werk (Botha, 1978: 5, Du Preez en Steyn, 1978: 35, Vaktaalkomitee, 1984: 20). Dit word saam met ander metodes gebruik wat 'n geïntegreerde eenheid vorm ten einde geformuleerde doelwitte te bereik.

Drower (Mc Kendrick, 1988: 76-77) identifiseer belangrike eienskappe van maatskaplike groepwerk naamlik:

- Dit is 'n beplande, doelgerigte en professionele aktiwiteit. Dit word deur 'n maatskaplike werker gelei of gefasiliteer.
- Die klein groep word benut as metode om doelwitte te bereik omdat lede op 'n persoonlike vlak betrokke raak by mekaar, gesamentlike doelwitte nastreef en hulself as lede aanvaar.
- Die groep vind plaas onder beskerming van 'n organisasie wat in hierdie geval die ACVV is wat oor die nodige infrastruktuur en personeel beskik om die diens te lewer.
- Die fokus vir verandering mag binne die individu en/of die groep as geheel lê.
- Dit sluit in die gebruik van 'n verskeidenheid van taak- of terapeutiese groepe.

Gedurende die tydperk rondom 1990 is take wat nie as professioneel beskou is ~~nie~~, in groter mate oorgedra aan vrywilligers soos sosiale- en aktiwiteitsgroepe. Bejaardegroepe se doel was grootliks sosiaal van aard en die maatskaplike werker se rol het sentreer rondom beplanning in samewerking met die sub-komitee wat die organisasie behartig het.

Vanaf 1990 was die maatskaplike werker op Cradock wel betrokke by 'n behandelingsgroep (Drower in Mc Kendrick, 1988: 78 en Botha, 1978: 6) vir bejaardes gedurende 1992 ten opsigte van aanpassing en realiteitsoriëntering in die plaaslike tehuis vir bejaardes.

Vrouegroepe se naam het 'n verandering met die verloop van tyd ondergaan maar konsentreer steeds op handwerkvaardighede wat voorligting en onderrig insluit. ACVV-takke is gemotiveer om dienste uit te brei na die Xhosa-gemeenskap wat tot gevolg gehad het dat 'n tweede vrouegroep in Cradock in 1993 geïnisieer is wat apart van die tradisionele blanke vrouegroep vergader het ten spyte daarvan dat die doelwitte dieselfde is. In die tussentyd het gesindhede van die verskillende rolspelers verander en het die twee groepe suksesvol geamalgameer vanaf 1995 wat koste-, tyd- en arbeidseffektief blyk te wees.

Die maatskaplike werkers was betrokke by verskeie behandelingsgroepe wat 'n kleutergroep eenmaal per week ingesluit het en ook uitgebrei is na 'n ouerleidinggroep waarby ouers van kleuters betrek is. Die alkoholistegroep het ook in hierdie tydperk ontbind as gevolg van 'n kwynende belangstelling van die kant van verbruikers van die diens maar ook professionele medewerkers. Groter klem is egter vanaf 1990 geplaas op lewensvaardigheidgroepe met skoliere. 'n Groep is op Adelaide begin met kosgangers wat veral aanpassingsprobleme ondervind het aangesien hulle vanaf die stad na die platteland gekom het vir skoolopleiding. Dit was kinders wat onder andere individuele of gesinsprobleme ondervind het.

Dit het uitgebrei na suksesvolle groepbyeenkomste op Cradock in samewerking met die plaaslike hoërskool waarby dogters van standerd 6, 9 en 10 betrek is oor 'n tydperk van drie jaar. Die betrokke maatskaplike werker het vrywilligers opgelei om groepaanbieding te behartig.

Ter aansluiting by die HOP is die dienste aan die jeug en veral jeugdige oortreders uitgebrei.

Die ACVV-maatskaplike werker is betrokke by die jeugoortredergroep as organiseerder, koördineerder, fasiliteerder en waar nodig as aanbieder. Die behoefte aan sodanige groep is uit die gemeenskap geïdentifiseer in samewerking met die hoofmaatskaplike werker van Maatskaplike Dienste wat ook in gesprek was met die plaaslike aanklaer na aanleiding van Artikel 29 van Wet 8 van 1959 soos gewysig deur Artikel 1 van Wet 17 van 1994 (Wysigingswet op Korrektiewe Dienste) wat bepaal dat jeugdiges onder 18 jaar nie vir 'n tydperk van langer as 48 uur in selle aangehou mag word nie. Hierdie behoefte is gesamentlik bevestig deur 'n skakelkomitee bestaande uit maatskaplike werkers werksaam by verskillende instansies in Cradock. Hierdie span het 'n program geformuleer ten einde te verhoed dat die jeugdige oortreders 'n kriminele rekord opbou. Een van die doelwitte van die program is om kinders by 'n ses-weeklikse groepprogram te betrek ten einde hulle bewus te maak van die implikasie wat hulle oortredings mag inhou en ter voorkoming van 'n herhaling daarvan. Nog 'n voorbeeld hiervan is die inligting wat verkry of oorgedra word in groepverband ten opsigte van pleegsorgtoesigdienste. Die ontwikkeling ten opsigte van groepwerk binne die struktuur van die Cradock-tak dui daarop dat die maatskaplike werkers aanvanklik opgetree het as aanbieders van aktiwiteitsgroepe, later hul toegespits het op professionaliteit ten opsigte van groepwerk waarvan die behoefte deur hulself bepaal is. Huidiglik is die lede van die ACVV as vrywilligers op groter maat betrokke by aktiwiteitsgroepe en vervul die maatskaplike werker die rol van instaatsteller en mede-beplanner. Sy tree tydeffektief op deur die groepwerkmetode te benut om haar groter werklading te behartig.

**Gemeenskapswerk:**

'n Gemeenskap word deur die Vaktaalkomitee (1995:18) beskryf as 'n samestelling van mense wat binne 'n geografiese begrensde gebied woon, wisselwerking met mekaar is en wat 'n verbondenheid met mekaar en met die plek het waar hulle woon.
In die apartheidsera was dit maklik om die verskillende kultuurgroepe territoriaal af te baken omdat die groepering van bevolkingsgroepe binne afsonderlike woongebiede voorgekom het. Omdat die ACVV in die verlede dienste gelewer het aan die blanke bevolking, is die aandag gekonsentreer op die dorpsgebied waar slegs blankes gewoon het. Namate die ACVV bewus geword het van die behoeftes van ander gemeenskapsgroepe, het die vereniging betrokke geraak by die vestiging van en ondersteuning aan welsynsdienste in sodanige gemeenskappe.
'n Tweede tipe gemeenskap wat geïdentifiseer word, is die sogenaamde funksionele gemeenskap waaronder 'n spesifieke probleem, diensveld of groep soos bejaardes of gestremdes sorteer (Mc Kendrick, 1987: 107 en Dunham, 1958: 132). Uit die geskiedenis van die vereniging is dit duidelik dat laasgenoemde erkenning geniet het deur middel van dienste aan verskillende groepe soos persone wat geraak is deur gemengde huwelike, gesinsontbinding, werkloosheid en verstandelik afwykende meisies wat na die stad verhuis het om daar te werk, maar hulle skuldig gemaak het aan sedelike oortredings (Lambrechts en Theron, 1959: 65, 66, 68, 69). Huidiglik realiseer dit in jeugoortreders, straatkinders, neuraalgestremde persone en andere.
Die ACVV het deurlopend programme aangebied wat ingestel is om behoeftes aan te spreek byvoorbeeld deur middel van naweekkampe, huweliksverrykingskursusse en sluit ook opvoedkundige en voorkomingsprogramme in vir kinders.
Lombard (1991: 138) is van mening dat die maatskaplike beplanningsmodel in 'n groot mate die tradisionele visie van gemeenskapswerk verteenwoordig. Dit is moontlik die model waarvan die ACVV die meeste gebruik gemaak het omdat hulle uiters betrokke was by die daarstelling van tehuise en dienssentrums vir bejaardes, beskermde werkplekke soos op Graaff-Reinet vir neuraalgestremde persone, pre-primêre skole (De Aar), versorgingsoorde en speelgroepe (De Aar en Cradock) asook lees en skryfkursusse soos op De Aar en Somerset-Oos.
Vanaf die ontstaan van verskillende tehuise vir bejaardes, is verbeterings deurgaans aangebring soos fondse beskikbaar geword het om in bestaande behoeftes te voorsien. Geen voorsiening is aanvanklik gemaak vir verswakte bejaardes in tehuise nie. Hulle is vir lang tye opgeneem in hospitale wanneer hulle nie tuis meer versorg kon word nie. Die ACVV-takke het ingegryp en nie net verbeterings aangebring aan bestaande geboue nie, maar struktuurveranderings ten einde verswakte bejaardes te akkomodeer. Hoogs gekwalifiseerde personeel is na gelang van staatsbeleid aangestel om hierdie persone binne inrigtingverband te verpleeg.

Omdat die staat tans slegs verantwoordelikheid aanvaar vir die behoeftes van benadeelde, behoeftige en verswakte bejaardes wat 24 uur daagliks versorging nodig het (Departement Welsyn 1995: 90) sal klem binne die tehuis in die toekoms steeds nog meer verplaas moet word na die verswakte bejaarde wat groter druk sal plaas op die verpleegpersoneel terwyl subsidie beperk sal word wat sal verhoed dat die ACVV meer personeel kan aanstel.
Die ACVV Cradock het hom vanaf ongeveer 1990 verbind om gehoor te gee aan staatsbeleid wat klem plaas op die versorging van verouderde persone ten einde hulle so lank moontlik onafhanklik in die gemeenskap te hou (ACVV-Hoofbestuur, Omsendbrief 33 van 1995). Dit word gedoen deur middel van die uitbreiding van primêre maatskaplike dienste vanuit die tehuise vir bejaardes wat bereid is om fasiliteite meerdoelig aan te wend soos aanryetes, trimgim, arbeidsterapie, religieuse aktiwiteite en sosiale groepbyeenkomste.
Ten spyte van die gemeenskappe se positiewe gesindheid ten opsigte van die ACVV se diensvertakkinge en mildelike bydrae in die vorm van persoonlike betrokkenheid, goedere en finansiële bydraes sou hulle nie die diens kon voortsit sonder finansiële steun in die vorm van staatsubsidie nie. Klem word tans gelê op privatisering en rasionalisering omdat dit duidelik is dat subsidie binne afsienbare tyd drasties sal verminder in die Provinsie van die Oostelike Kaap soos reeds in geval in Noord Kaap. Hierdie toedrag van sake wat daarop gemik is dat dienste na agtergeblewene gemeenskappe en behoeftige verouderde persone uitgebrei word, sal vermoedelik die teenoorgestelde uitwerking hê omdat dit slegs die vermoënde persoon sal wees wat verblyf in inrigtings sal kan bekostig.

## SAMEVATTING:

Die tydperk 1990 tot die huidige is gekenmerk deur die volgende gebeurtenisse wat 'n groot invloed uitgeoefen het op die werksaamhede van die ACVV in geheel:

- Veranderde regeringsbeleid in opvolging van die verkiesing van 'n nuwe Regering van Nasionale Eenheid met die African National Congress as regerende party op 27 April 1994.
- Implementering van welsynsprogramme wat in 1987 geïnisieer is.
- Oopstelling van plaaslike ACVV-takke na alle kultuurgroepe.
- Plaaslik was die oprigting en betrekking van die Elizabeth Jordaan Tehuis en Erica Sentrum een van die mees uitstaande gebeurtenisse in die bestaan van die ACVV Cradock.

Die werkgebied van die ACVV-tak op Cradock het vanaf 1990 grootliks uitgebrei wat struktuurveranderinge tot gevolg gehad het. Uit die beskrywing is dit duidelik dat die ACVV veranderinge geredelik aanvaar sonder teenkanting, maar die proses van totale inskakeling veral op bestuursvlak, verkoop stadig, moontlik as gevolg van tradisionele gewoontes wat rasionalisering beperk.

Die afbakening van dienste vind gesamentlik plaas deur die skakeling van verskeie rolspelers wat verteenwoordigend is van welsynsinstansies in die totale gemeenskap. In die verlede was die ACVV beperk tot samewerking met die Departement Maatskaplike Dienste ten opsigte van slegs die blanke kultuurgroep. Die proses van rasionalisering van die verskillende staatsdepartemente het stadig plaasgevind en was verwarrend vir ACVV-takke wat afhanklik was vir samewerking omdat subsidie uit hierdie bron verkry is. Skeiding tussen werksaamhede van staatsdepartement op provinsiale vlak bemoeilik die werksaamhede van die ACVV wat dienste in die Kaap-provinsie as geheel lewer.

Verskeie rolspelers word binne die ACVV-struktuur en ten opsigte van werksaamhede gevind.

Die volgende is geïdentifiseer:

- Bestuur wat insluit die ACVV-Hoofbestuur, direktoraat/hoofkantoor en takbestuur.
- Die vrywilliger as rolspeler binne die ACVV-struktuur. Dit sluit die werwing, keuring, opleiding en plasing van vrywilligers in. Ten spyte van struikelblokke wat voorkom by die benutting van vrywilligers in die landelike gebiede van die Oos-Kaap, vorm hierdie vrywilligers die basis waarop die dienste van die ACVV van die begin van sy bestaan gevorm is. Hierdie vrywilligers is betrokke by beleidformulering en advisering, fondsinsameling, die opbou van openbare verhoudinge, behartiging van klerklike en administratiewe take asook die lewering van direkte dienste aan kliënte as hulpbron vir die professionele personeel.
- Streekverteenwoordiger in diens van die ACVV-Hoofbestuur.

- Personeel wat professionele sowel as leke-versorgers en administratiewe beamptes insluit.

Die ACVV is in 'n posisie om as werkgewer op te tree vir personeel in diens van die ACVV-bestuur maar ook diensvertakkinge waarvan tehuise vir bejaardes die meeste is en ook die grootste verantwoordelikheid dra.

Die ACVV op die platteland is nie in die vermoë om te spesialiseer nie, omdat gesinsorganisasies in verhouding met dié in stede betreklik klein is en 'n klein hoeveelheid organisasies werksaam is in een dorp. Die ACVV as gesinsorgorganisasie lewer oor 'n wye spektrum dienste wat 'n groot aantal probleme insluit wat in die lewensloop van die totale menslike siklus voorkom vanaf geboorte tot wanneer veroudering intree.

'n Verandering het plaasgevind in die samestelling van die kliëntesisteem met die uitbreiding van maatskaplikewerkdienste na die agtergeblewene gemeenskap rondom Cradock. Ten spyte daarvan dat die ACVV staatsbeleid ondersteun wat voorkeur gee aan ontwikkelingsdienste, is groot getalle statutêre toesigdienste oorgeneem in Lingelihle wat wel versorgingsdienste aanspreek veral ten opsigte van kinders.

Die ACVV in geheel maar ook plaaslik, lê klem op die lewering van primêre maatskaplike dienste en veral gemeenskapswerk wat volgens Lombard (1991: 134) in 4 modelle saamgevat kan word. Die maatskaplike beplanningsmodel is moontlik dié een waarop tot dusver die meeste klem gelê is en verwesentlik is in bejaardesorgdienste veral huisvesting en versorging vir bejaardes. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die Erica Sentrum op Cradock wat 'n tehuis vir bejaardes sowel as wooneenhede vir verouderde persone insluit. Ter voorbereiding hiervan word verskeie dienste soos uitryetes, 'n voete- en bloeddrukkliniek, gimtrim en sosiale byeenkomste onder andere alreeds aangebied.

**<u>Die lewering van maatskaplikewerkdiens deur die ACVV Cradock:</u>**

Hoewel die eerste stigterslede van die vereniging onbewus daarvan was aangesien geen professionele konnetasie nog daaraan geheg is nie, het hulle van die begin af gebruik gemaak van verskillende metodes in die Maatskaplike Werk wat veel later geïdentifiseer en beskryf sou word. Gesinsorgwerk het vanaf die ontstaan van die vereniging die kern gevorm van werksaamhede van die ACVV ten spyte daarvan dat lede vrywilligers was en geen opleiding vir hul taak gehad het nie en daar aanvanklik geen riglyn was waarvolgens hulle kon werk nie.

Hulle het ontstaan as gevolg van 'n behoefte aan primêre dienste soos voorsiening van noodhulp aan armes, siekes, bejaardes en slagoffers van die oorlog. Tot met die aanstelling van maatskaplike werkers moes ondersoeke na omstandighede deur die vrywilligers afgehandel word. Omdat hulle persoonlik betrokke was by direkte dienslewering, het die ACVV-lede die behoefte geïdentifiseer vir professionele hulp om die werksomstandighede suksesvol te kon voortsit.

Ten spyte daarvan dat die ACVV die oudste welsynsorganisasie in Cradock is, was hulle nie die eerste instansie wat die verantwoordelikheid geneem het vir die aanstelling van die eerste maatskaplike werker nie. Dit was eers later dat maatskaplike werkers professioneel opgelei en beskikbaar was. Ten tye van die eerste aanstelling, het die NG Kerk sterk leiding geneem in die gemeenskap en is ook as sodanig erken en geëer deur die ACVV. 'n Kerklike organisasie was dus aangewese om leiding te neem en die eerste aanstelling te maak. Die ACVV was egter van die begin af baie betrokke by haar aanstelling deur toesighoudende en instaatstellende take wat deurgaans gehandhaaf is tot die huidige era.

Ten spyte daarvan dat klemverskuiwings plaasgevind het vanaf gevallewerk na groep- en gemeenskapswerk en later gemeenskapsontwikkeling, het aandag aan gevallewerk, deurgaans belangrik blyk te wees en het dit die grondslag gevorm vir dienslewering. Gesubsidieerde maatskaplikewerkposte is daarvolgens toegeken en die takke op die platteland moes planne beraam om die gevallelading te hou soos die kriteria bepaal. Hierdie kriteria is daargestel deur die liggaam wat subsidie voorsien het. Omdat die ACVV afhanklik was van sodanige subsidietoekennings, het hulle hul neergelê by die opdragte van die relevante staatsdepartemente. Dit het tot gevolg gehad dat gevalle op die werklading gehou is wat in werklikheid nie professionele dienste nodig gehad het nie.

Aanvanklik is dienste net gelewer aan die blanke kultuurgroep maar het vanaf 1990 uitgebrei na die agtergeblewe gemeenskap sodat die gevallelading op Cradock tans grootliks verteenwoordigend is van die Xhosa-kultuurgroep. As gevolg van die groot gevalleladings en statutêre verpligtinge daaraan verbonde, kan net die nodigste dienste gelewer word en kan die ladings slegs hanteer word met die benutting van die groepwerkmetode. Die verwagting is dat dit voorkomende dienste sal beperk en dat noodgevalle hanteer sal moet word.

Groepwerk in die vorm van groepsorg het sy beslag gekry met die aanstelling van die eerste maatskaplike werker op Cradock wat klem gelê het op die aanbieding van groepe veral vrouewerkklasse wat uitgebrei het na moedersmiddae, kinderklubs wat aanvanklik begin is ter opheffing van die arm kind in die plaaslike koshuise wat deur die ACVV-bestuur is. Sosiale groepe het ontstaan vir bejaardes in die tehuis en gemeenskap.

In verhouding is egter min terapeutiese groepwerk gedoen en was die belangrikste die alkoholiste groep en later groepe met skoliere wat die ontwikkeling van lewensvaardighede as doel gehad het. Tans is die maatskaplike werkers betrokke by groepe wat deel uitmaak van die behandelingsprogram vir jeugdige oortreders.

Groepe was deurgaans ontwikkelend en voorkomend gerig en sal steeds in die toekoms benut moet word as aanvullend tot gevallewerk en as hulpmiddel vir die maatskaplike werkers van wie dit verwag word om 'n baie groot gevallelading te hanteer.

Die ACVV was intensief betrokke by gemeenskapswerk. Die vrywilligers was grootliks by hierdie aksies betrokke wat sy beslag op Cradock gekry het in die stigting en groei van die

organisasie en die reëlings wat getref is vir die doeltreffende organisering en uitbreiding van die werk.
Sonder dat die eerste lede dit geweet het, was hulle besig met gemeenskapswerk deur die stigting van 'n organisasie wat vir byna 'n eeu welsynsdienste sou lewer met die hulp van die gemeenskappe self deur middel van die vrywilligers wat direkte hulp verleen het deur middel van bestuursaksies of finansiële insette.
Die ACVV het deur middel van die maatskaplikewerk diens gelewer ten opsigte van die funksionele gemeenskap deur spesifieke probleme aan te spreek of as deel van voorkomingswerk. Dit het aanvanklik baie ineengeskakel met die leuse, vir taal, volk en kerk, vandaar die aanvanklike opvoedkundige insette soos die hulp wat verleen is aan die arm leeringe van die Wilson Skool aan wie hulle 'n instaatstellende diens gelewer het deur die lede en gemeenskap te aktiveer om kos en klere te verskaf. Die plaaslike tak was deurgaans betrokke by die uitbreiding van onderwysgeriewe en was in beheer van aandklasse wat die oprigting en beheer van 'n handelskool tot gevolg gehad het. As gevolg van hul ywer om voorskoolse sorg te vestig, het die pre-primêre skool tot stand gekom wat 'n bewys is tot welke mate die vereniging behoeftes in die gemeenskap geïdentifiseer het. Insette, direk of indirek, het dus ontwikkeling tot gevolg gehad, veral ten opsigte van die versorging en opvoeding van die kind wat onder armoede gebuk gegaan het. Residensiële sorg het beslag gekry in die twee skoolkoshuise vir armblanke skoliere. Later het 'n klemverskuiwing plaasgevind na die versorging van bejaardes. 'n Duidelike ontwikkeling op hierdie gebied word waargeneem. Die tweede tehuis onder ACVV se beheer is op Cradock opgerig en het aanvanklik slegs voorsiening gemaak vir verouderde vroue en later na aanleiding van behoefte vir egpare en mans. Geen voorsiening is voorheen gemaak vir verswakte bejaardes nie, maar bejaardesorgdienste het sodanig ontwikkel dat slegs verswakte bejaardes tans kwalifiseer vir opname in 'n nuwe tehuis wat voorsiening maak vir 60 bejaardes wat nie meer in die gemeenskap versorg kan word nie. Die tak het wel die behoefte geïdentifiseer van versorging van bejaardes wat nie kwalifiseer vir opname in die tehuis nie, maar wat beskermde inwoning wil benut. Weer eens het die ACVV in hierdie behoefte voorsien deur die oprigting van wooneenhede wat deel vorm van die Erica Sentrum wat die tehuis, wooneenhede en 'n dienssentrum insluit. Ook die residensiële sorg het deurgaans voorsien in die behoeftes van die tyd.
Ten spyte daarvan dat die gemeenskap baie betrokke is by die finansiering en selfs bestuur van die kompleks, was hulle deurgaans afhanklik van staatsubsidie en is die verwagting dat dit in die toekoms tot die minimum afgeskaal sal word. Hierdie bekommernis moes in die verlede dikwels voorgekom het, maar is in 96 jaar steeds suksesvol aangespreek en oefen tot dusver nog geen negatiwiteit uit ten opsigte van die bestuur van die inringting nie. Die weerhouding van voldoende subsidie kan tot gevolg hê dat voorsiening vir bejaardesorg in tehuise in die toekoms, slegs beskikbaar sal wees vir vermoënde bejaardes.

**Die werksgebied van die ACVV:**

Die werksgebied waarin die ACVV funksioneer het 90 jaar stabiel gebly terwyl klem gelê is op dienslewering aan die blanke kultuurgroep. Die ACVV het hom egter nie geheel gedistansieer van ander rassegroepe nie en het indirekte insette gelewer deur hulle uit te spreek oor die saamwoon van verskillende rassegroepe in een buurt, toesig oor ontvangs van moederspensioene en betrokkenheid by die plaaslike Verhoudingskomitee.
Subsidievereistes het die vereniging verhoed om buite beperkings van aparte dienste te werk. Namate die ACVV egter bewus geword het van die dringende behoeftes van ander gemeenskapsgroepe, het hulle betrokke geraak by die vestiging van en ondersteuning van welsynsdienste en fasiliteite van die ACVV aan alle behoeftiges, ongeag ras, kultuur of geloofsoortuiging. Die ACVV se praktiese ondervinding op die gebied van welsyn stel hom in staat om alle gemeenskappe voordeel uit dienste te laat trek.
Die breër gemeenskap is egter nog huiwerig om gebruik te maak van die dienste soos die tehuis vir bejaardes. Die rede mag wees dat dienste nie bekend genoeg is in die agtergeblewe gemeenskappe nie en ook as gevolg van kultuurgebruike. 'n Groter uitreikaksie na hierdie gebiede sal dus nodig wees. Die ACVV is wel bekend vir die omvattende gesinsorgdienste, wat die gesin in sy totale lewensloop behels en wat veral groot sukses op die platteland behaal het en steeds behaal. Die maatskaplike werkers se werkladings vergroot tans met klem op uitbreiding na die Xhosa-sprekende kultuurgroepe en die gevalleladings dui op regstellende aksie. Die samestelling van die personeelstruktuur veral in tehuise vir bejaardes, dui ook daarop hoewel die verbruikers nog grootliks uit die blanke gemeenskap kom.
Dit is dus duidelik dat die ACVV deur middel van vrywillige diens en later professionele dienste deur opgeleide maatskaplike werkers 'n belangrike rol gespeel het met betrekking

tot die opbou van die gesinstruktuur na 'n tydperk van ekonomiese insinking en grootskaalse armoede. Om dit te bereik, het die ACVV verskillende metodes in die maatskaplike werk benut en het klemverskuiwing tussen metodes plaasgevind ten einde in behoeftes van die tyd te voorsien. Die werksgebied is ook aangepas by die behoeftes van die agtergeblewe gemeenskappe maar ook as gevolg van druk van befondsers waarvan die staat die belangrikste is.

# HOOFSTUK 5

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### INLEIDING:

Uit die bestudering van die ontstaan van die vereniging onder bepaalde omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, het sekere optredes en werksaamhede tot gevolg gehad dat bepaalde welsynsbehoeftes in die gemeenskap deurlopend aangespreek is. Om hierdie probleme sinvol en suksesvol die hoof te bied, het spesifieke rolspelers op die voorgrond getree.

Die studie dui daarop dat die ACVV as welsynsorganisasie steeds 'n plek in die samelewing en maatskaplike werksgebied het om te vul ten einde spesifieke huidige en toekomstige behoeftes aan te spreek. Die klem word geplaas op maatskaplike dienslewering in die Middellandse plattelandse gebiede van die Oostelike Kaapprovinsie.

### GEVOLGTREKKINGS:

#### Die invloed wat die geskiedkundige ontwikkeling van die ACVV as basis vir primêre maatskaplike dienste uitgeoefen het:

Dit is uit die studie duidelik dat die ACVV gestig is as gevolg van die aard van die vrou om te beskerm wat haar eie is. Die visie wat die vroue toe gehad het is opgeneem in die leuse, vir taal, volk en kerk. Vanaf die ontstaan van die vereniging is die visie nagestreef en was dit deurgaans gerig op die verligting van fisiese en emosionele lyding wat mense en veral vroue en kinders deurmaak gedurende krisistye. Dit het die geleentheid geskep dat vroue gemeenskapsgerig opgetree het wanneer 'n krisis beleef is. Die basiese beginsels en etiese morele grondslag was tot dusver sodanig dat dit die toets van die tyd kon deurstaan. Die geskiedenis toon duidelik dat die vroue op Cradock intensief plaaslik en op provinsiale vlak betrokke was by die stigting van die organisasie en dat die vereniging wat op Cradock in 1900 gestig is, die voorloper was vir die ACVV soos amptelik in Kaapstad gestig in 1904. Vanaf die ontstaan en later as gevolg van die feit dat streekverteenwoordigers grootliks vanaf 1974 op Cradock gestasioneer was, het professionele leiding hiervandaan uitgegaan na ander takke in die Kaap Middellandse area. Die leiers op die plaaslike bestuur het vir lang tye ook op die hoofbestuur gedien. Cradock-tak kan beskou word as 'n rolmodel. Dit het meegebring dat daar steeds na Cradock uitgereik word vir leiding. Die voortbestaan van die ACVV is deurgaans beïnvloed deur gebeure wat in die land voorgekom het, soos die Tweede Vryheidsoorlog, Eerste en Tweede Wêreldoorloë, die armblankevraagstuk,

ekonomiese depressie en politieke veranderinge, maar dit het elke keer die doel van die voortbestaan beklemtoon.

Met die Vryheidsoorlog en daarna het 'n geweldige verdeeldheid voorgekom tussen die twee taalgroepe, Engels en Afrikaans wat 'n rebelle-aksie tot gevolg gehad het. Soos vandag was die land met die stigting van die ACVV polities verdeeld terwyl politiek deurgaans 'n groot rol gespeel het in die denke van die Suid-Afrikaanse volk. 'n Apartheidsregime het ontwikkel wat tot gevolg gehad het dat 'n kloof ontwikkel het tussen blank en nie-blanke kultuurgroepe. Die onreg wat die Afrikanervolk beleef het na die Tweede Vryheidsoorlog stem ooreen met die gevoel van onreg wat die nie-blanke tans teenoor die blanke voel.

Soos die armblankevraagstuk destyds aangespreek is deur 'n deurdagte ondersoek en doelgerigte program ter opheffing van die Afrikanervolk, word regstellende aksie sestig jaar later toegepas waardeur die swart kultuurgroepe bevoordeel word. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram stem ooreen met die program wat destyds uitgevoer is.

Die omstandighede waarin die land tans verkeer en waarin die ACVV dienste moet lewer, stem dus ooreen met die omstandighede wat in die verlede aangespreek is. Die verskil lê daarin dat die ACVV nou moet uitreik na ander kultuurgroepe as die waaraan hulle tradisioneel dienste gelewer het. Reeds in 1906 is bekommernis uitgespreek oor die sonde en misdaad wat onder die Afrikanervolk toegeneem het. Dieselfde probleme wat toé voorgekom het, kom tans weer voor met armoede en toenemende misdaad as prioriteit. Probleme is meer gesofistikeerd. Daar bestaan wel 'n finansiële nood wat nie as sodanig toegeskryf moet word aan swak ekonomie nie, maar wel aan werklooshied wat oor 'n groot spektrum voorkom. Dit lei tot groter syfers in misdaad en werk staatsafhanklikheid in die hand waar staatspensioene soms vir groot gesinne die enigste inkomste is. Dit het egter ook 'n positiewe sy naamlik dat dit mense kan dwing om as enterpreneurs op te tree. Die ACVV beskou dit ook as sy taak om veral vroue te bemagtig om by te dra tot die finansiële versorging van hul gesin en uitgebreide families. Hulle doen dit deur handvaardighede oor te dra, die aanbieding van opvoedkundige groepe maar ook in gesinsverband deur bejaarde pleegouers met die nodige kundigheid toe te rus ten einde die kinders wat in hul sorg is en staatsafhanklikes is, toe te rus om tot volwassenheid te ontwikkel.

Die ACVV het deurgaans op verskillende gebiede geleenthede gebied aan die vroue om leierskapeienskappe te ontwikkel en toe te pas. Die ACVV is dus in dié posisie om dieselfde vaardighede oor te dra aan die swart vrou wat tans opkomend ontwikkel.

Die verwagting is dat die toekoms nie makliker of moeiliker sal wees as wat dit in die verlede was nie, maar dit sal wel anders wees. Toe die land in 'n groeiproses was, was daar werk en kon daar werk geskep word. Die bevolkingsaanwas is onrusbarend hoog vir die drakrag wat die land bied ten opsigte van lewensbronne. Die ontwikkelde swart mense kom egter reeds tot die besef dat gesinsbeplanning toegepas moet word ten einde 'n redelike lewensstandaard te handhaaf.

Die huidige regering lê baie klem op gesondheidsdienste en onderwys terwyl die verwagting is dat welsynsdienste gebuk sal gaan onder inperking van subsidies wat veel van vrywilligers sal verwag ten einde toe te sien dat redelike standaarde in die dienslewering en versorgingsdienste gehandhaaf sal word. Dit word dus van die ACVV verwag om sy voortbestaan te vestig in 'n milieu van onsekerheid en verandering.

Met die uitbreiding na die breër gemeenskap, het baie vrae ontstaan as gevolg van die benaming van die organisasie. Dit blyk asof dit redelik positief aangespreek word deur die vereniging se benadering, wat gegrond is op 'n eerlike motivering om mense te help, om nooit met 'n tweederangse diens tevrede te wees nie, om eerlik en openlik sy identiteit uit te leef en sy verlede nie te ontken nie. 'n Tweede aspek wat aanleiding gee tot groter aanvaarding is die moontlikheid dat daar meer respek ontwikkel het vir mekaar se kultuur. Veral die Xhosa-gemeenskap is trots op sy taal en kultuur en 'n begrip mag ontwikkel vir vroue wat lojaliteit toon vir 'n organisasie wat sy ontstaan te danke het aan die vrou se houding teenoor haar volk, taal en kerk aangesien die swart vrou ook baie christelik georiënteer is. Dit blyk tans asof die ACVV op die platteland 'n groeiende aanvaarding beleef asook 'n redelike positiewe reaksie in die gemeenskappe waar die organisasie die eerste dienste vestig. Die organisasie is stewig gevestig as welsynsorganisasie en word as sodanig erken, ook deur ander bevolkingsgroepe wat aanvanklik skepties gestaan het maar positief gereageer het op inligting en deursigtigheid van die kant van die ACVV. Die groei wat die ACVV getoon het en die dienste wat gelewer word, is sigbaar in die breë gemeenskap deur middel van die werksaamhede van veral die diensvertakkinge waarvan die tehuise vir bejaardes die belangrikste is.

Die ACVV op Cradock het voortbestaan vir 96 jaar ten spyte van stremminge in die breë gemeenskap. Die vereniging se bestaan was nie stagnant nie en het eerder uitgebrei om in die behoeftes van die tyd te pas. Dit word toegeskryf aan die visie wat gehandhaaf is en as riglyn vir dienslewering gedien het. Die vereniging behoort dus as sulks in die toekoms erkenning te geniet en as sodanig voort te bestaan.

**<u>Die mate waarin die huidige struktuur die ACVV in staat stel om die primêre maatskaplike dienste te lewer</u>**

Ten spyte daarvan dat die omgewing waarin die ACVV funksioneer, nie staties is nie, het die bestuurstruktuur bestendigheid getoon met die hoogste gesag in die drie-jaarlikse kongres. In die beginjare van die vereniging is kongresse meer dikwels gehou en was dit grotendeels die enigste struktuur wat riglyne gebied het aan die takke en waardeur hulle terugvoering kon gee ten einde hul optrede te bevestig.
Die Hoofbestuur het mettertyd meer personeel aangestel waarvan die belangrikste in die begin die rondreisende sekretaris was. Hierdie pos het later ontwikkel in dié van die direkteur wat aan die hoof gestaan het van 'n span professionele of kundige werkers. Die streekverteenwoordigers het 'n belangrike skakel geword en vorm 'n direkte kontak tussen die ACVV-Hoofkantoor en takke op die plaaslike vlak. Tussen kongresse is werksaamhede op plaaslike vlak opgevolg met wykskonferensies en kursusse.
Die hoofbestuur het egter 'n behoefte geïdentifiseer om groter betrokkenheid van takke op provinsiale vlak in te stel, aangesien die Kaapprovinsie nou uit drie verskillende provinsies bestaan. Daar moet dus aangepas word by provinsiale wetgewing wat van mekaar verskil. Elke provinsie het sy eie provinsiale forum soos waar onder andere Cradock val en verteenwoordig word. Dit is 'n nuwe ontwikkeling binne die ACVV wat die volgende ten doel het:

(a) om 'n gesprekgeleentheid te skep om op provinsiale vlak oor die ACVV-dienslewering te besin en aanbevelings aan die Hoofbestuur te doen.
(b) om aangeleenthede soos gedelegeer deur die ACVV-Hoofbestuur te hanteer.
(c) om die vereniging te verteenwoordig op provinsiale vlak
(d) om namens die ACVV-Hoofbestuur te onderhandel op provinsiale vlak.
(e) om werksaamhede tussen die bestaande wyke in die provinsie te koördineer.

Dit word beskou as 'n ontwikkeling in die struktuur van die organisasie veral om insette vanaf grondvlak te verseker aangesien daar wel voorheen 'n gevoel by takke was dat alle besluit op hoofbestuursvlak geneem word.
Ten spyte daarvan dat die struktuur geen grootskaalse verandering ondergaan het nie, en dat die doelstellings gegrond was op dieselfde beginsels van hoogstaande Christelike en morele standaarde, het die verskillende rolspelers veranderinge ondergaan om aan te pas by veranderde behoeftes. Vrywilligers het egter deurlopend die basis gevorm van praktiese en basiese dienslewering tot besluitneming op uitvoerende vlak. Aanvanklik het vrywilligers persoonlik voorsien in die primêre behoeftes van diensverbruikers. Later het hulle professionele personeel bemagtig om dienste te lewer.
Op die platteland is die vrywilligers nog tradisioneel blanke, middeljarige vroue wat oor finansiële vermoëns beskik om insette te lewer. Met die uitbreiding van werksaamhede na die breër gemeenskap, blyk daar 'n behoefte aan die ontwikkeling van 'n nuwe groep

vrywilligers te wees wat hul tyd en talente beskikbaar kan stel maar nie oor finansiële vermoëns beskik nie. 'n Bemagtigingsproses is dus nodig ten einde hulle in staat te stel om tot diens te wees. Dit sal egter aanpassings van die tradisionele vrywilliger verg om hulle te akkomodeer. Dit is nie maklik vir die bestaande vrywilligers om aanpassings te maak nie omdat hulle gevestig is in hul tradisionele gewoontes en nie bereid is om veranderings aan te bring nie. Dit sluit in vergadertye en -lokale. Die opname van ander kultuurgroepe, word nog met onsekerheid bejeën en 'n suksesvolle paradigmaskuiwe het tot dusver nog nie realiseer op die platteland nie hoewel dit besig is om te ontwikkel. Dit is in die proses om toegepas te word.

Persone uit die agtergeblewe gebiede blyk nie ywerig te wees om vrywillige diens te lewer sonder vergoeding nie as gevolg van 'n agtergrond van 'n kultuur van armoede. 'n Vraag ontstaan dus oor die versoening van vraag en aanbod van hierdie vrywilligers.

Die maatskaplike werkers het aanvanklik saam met vrywilligers gewerk en veral deur middel van gesinsorgkomitees. Dit het ook gedien as 'n ondersteuningsisteem in belangrike besluitneming ten opsigte van kliënte. Vandat dienste meer professioneel van aard geword het, het die maatskaplike werker in haar professie onafhanklik opgetree.

Die maatskaplike werkers het wel met die Departement saamgewerk. Laasgenoemde het statutêre riglyne daargestel.

Hulle het ook kanalisering van statutêre verslae hanteer en ondersoeke wat betrekking gehad het op toekenning van subsidie. Ten spyte daarvan dat werkverdeling op 'n gelyke basis toegeken word, is die vergoedingspakket van die ACVV nie in lyn met staatsdepartemente nie. Dit het stremminge in professionele geledere tot gevolg. Nuwe salarisskale en subsidietoekennings is so pas deur die Minister van Welsyn en Gesondheid aangekondig. Daar bestaan egter nie pariteit op provinsiale vlak nie en dit dra by tot onsekerheid en ontevredenheid.

Die aanvraag na, in verhouding met beskikbare poste, is hoog omdat daar 'n oormaat gekwalifiseerde persone beskikbaar blyk te wees na aanleiding van aansoeke wat vir vakante poste ontvang word. Omdat die staat onder ekonomiese stremminge gepaard gaan, is die verwagting dat werkladings steeds gaan verhoog terwyl die vergoedingspakket in verhouding laag is.

By die tehuise vir bejaardes word 'n ooreenstemmende situasie ondervind aangesien staatsbeleid bepaal dat slegs algeheel verswakte bejaardes kwalifiseer vir opname. Meer personeel is in werklikheid nodig om die bykomende werklading wat dit meebring, te hanteer, terwyl subsidie nie daarvoor voorsiening maak nie. Die besture sal dus noodwendig verplig wees om minder hoogsgekwalifiseerde verpleegkundiges aan te stel terwyl gesondheidswerkers en lae gekwalifiseerde personeel indiensopleiding geniet ten einde in die behoefte van genoegsame arbeid te voorsien. Dit is in teenstelling met die behoeftes wat aanvanklik aangespreek is deur enkele personeellede omdat betreklik gesonde bejaardes in tehuise opgeneem is. Later is van organisasies verwag om

hoogsgekwalifiseerde persone aan te stel volgens kriteria soos neergelê deur die betrokke Departement. Dit het veral voorgekom by die aanstelling van gekwalifiseerde verpleegpersoneel in tehuise vir bejaardes. Die ACVV is egter nie bereid om hoogstaande standaarde wat deurgaans gemaak is te laat vaar om te voorsien in die verwagting van die wisselende kriteria soos neergelê deur die staat nie. 'n Deurlopende afhanklikheid van subsidie word dus as noodsaaklikheid beskou. Administratief slaag die ACVV tot 'n mate daarin om redelike tegnologiese standaarde te handhaaf ten spyte daarvan dat vrywilligers deurgaans fisiese insette moet lewer om fondse in te samel.

Ten spyte van ekonomiese beperkings slaag die plattelandse takke daarin om tot dusver in samewerking met die ontwikkelde gemeenskap die subsidie wat staties bly vir etlike jare aaneen, aan te vul. Daar word in geslaag om in die onmiddellike finansiële behoeftes te voorsien terwyl beleggings, wat in die jare op gebou is om in noodsituasies te voorsien wanneer dit nodig sou word, wel beskikbaar is. Dit dui op pro-aktiewe besluitneming en beplanning. Onsekerheid oor toekomstige subsidiëring deur die staat, lei tot die ontwikkeling van 'n vrees vir die toekomstige finansiering van welsynsprogramme wat maatskaplikewerkdienste sowel as diensvertakkinge insluit.

## AANBEVELINGS:

### Basis vir voortbestaan:

- Die ACVV Hoofbestuur het reeds die missie en visie van die ACVV in hersiening geneem en aan takke deurgegee. Die uitvoering daarvan sal nou dringende aandag moet geniet. Die hoofbestuur sal hierin 'n leidende rol moet speel en 'n voorbeeld stel vir optrede. Die organisasie as sodanig, die breër gemeenskap wat bedien word, die wetgewende stelsel waarbinne die organisasie funksioneer, nasionaal en internasionaal geldende denkrigtings moet in berekening gebring word. Dit moet steeds soos in die verlede, die basiese beginsels en etniese morele grondslag behou sodat dit steeds die toets van die tyd kan deurstaan.
- Omdat kritiek en wantroue gegrond is op 'n gebrek aan inligting, verkeerde persepsies en onkunde van mekaar se kultuur en verwagtings, is dit uiters belangrik dat die ACVV as welsynsorganisasie bemark sal word. Dit word aanbeveel dat bemarking deurlopend sal geskied maar het reeds 'n aanvang geneem op formele sowel as informele basis, plaaslik, provinsiaal, sowel as nasionaal.

**Die lewering van Maatskaplikewerkdienste:**

- Ten spyte van die klem wat huidiglik op ontwikkelingsdienste geplaas word, sal gevalle- en groepwerk steeds deel daarvan moet vorm ten einde steeds te voorsien in die behoeftes van die individu in die gemeenskap wat 'n gesonde gesinstruktuur as oogmerk het.
- Dit word aanbeveel dat die maatskaplike werkers die gemeenskapsleiers, veral in die ontwikkelende gemeenskappe, tot insig sal lei om die professionele taak te verstaan en begrip te hê vir die probleme waarmee hulle te doen het omdat hierdie persone dikwels 'n wanbegrip het van wat die maatskaplike werker se professionele rol behels en verwar dit dikwels met barmhartigheidsdiens wat die kerk as riglyn gebruik. Tot 'n mate is daar wel 'n terugkeer na basiese barmhartigheidsdienste, wat die lewering van behuising, klerasie en voedsel insluit. Dit is egter nodig dat hierdie dienste geïnisieer en gekontroleer word deur professionele personeel.
- Maatskaplike werkers en ander professionele personeel sal tot die besef gelei moet word dat die getalle van diensverbruikers in 'n groot mate sal verhoog. Dit sal meebring dat hulle take op groter skaal sal moet prioritiseer ten einde deur die verhoogde werklading te kom. Die struktuur van die ACVV, ook op plaaslike vlak, laat toe dat die personeel professionele leiding ontvang ten einde hulle in staat te stel om in hierdie doelwit te slaag.

**Werkgebied:**

- Dit sal in die toekoms nodig wees dat die ACVV tot 'n groter mate die kultuur en omstandighede sal moet bestudeer van die uitgebreide gemeenskap waarin hy diens lewer. Dit sal meehelp dat die gemeenskap homself sal bemagtig om in veranderde polities-, ekonomiese en maatskaplike omgewing dienste te kan lewer. Die totale gemeenskap is 'n gebied wat die ACVV, veral in die landelike gebiede redelik kort gelede betree het.
- Hoewel die ACVV dienste lewer aan die totale gemeenskap wat alle kultuurgroepe insluit, moet dringende pogings aangewend word om hierdie gemeenskappe te motiveer om groter persoonlike en finansiële insette te lewer afgesien van 'n kultuur van nie-betaling wat bestaan. Dit is nodig dat individue en gemeenskappe 'n groter verantwoordelikheid sal aanvaar vir sosiale ontwikkeling. Hierdie taak is 'n verantwoordelikheid wat deur verskillende rolspelers aanvaar sal moet word.

**Rolspelers:**

- Dit word aanbeveel dat die ACVV op alle vlakke interne bemarking sal doen. Dit sluit in al die lede, ondersteuners, personeel sowel as diensverbruikers omdat lojaliteit binne die organisasie baie stewig moet wees. Dit is nodig dat al die rolspelers moet glo aan dit wat die ACVV voor staan en doen. Die onsekerhede wat bestaan oor staatsbeleid veral ten opsigte van uitbetaling van subsidies bemoeilik die taak. Die ACVV-takke is besig om pro-aktief ondersoek te doen na besparingsmoontlikhede en toepassing van riglyne soos byvoorbeeld die Heropbou en Ontwikkelingsprogram en Witskrif vir Maatskaplike Dienste. Daar moet van die kant van die ACVV gepoog word om steeds 'n positiewe skakeling met die staat te vind ten spyte van veranderings wat plaasvind.
- Dit word ten sterkste aanbeveel dat die hoofbestuur voortgaan met die ontwikkeling van provinsiale forums wat groter betrokkenheid by beleidmaking sal bevorder van plaaslike ACVV-takke. 'n Opname wat die streekverteenwoordiger gedoen het, dui daarop dat die takke in die Kaap Middellandse gebied positief is ten opsigte van provinsiale forums wat geleentheid sal bied vir interne skakeling waar probleme gesamentlik geïdentifiseer kan word maar ook waar dit pro-aktief en aangespreek kan word.
- Dit word as uiters noodsaaklik beskou dat ACVV-takke en diensvertakkinge se besture tot 'n groter mate toegangklik gemaak sal word vir persone vanuit die totale gemeenskap en dat die besture verteenwoordigend sal wees. Dit sluit in die hoofbestuur sowel as plaaslike besture en diensvertakkinge. Die volgende aanpassings word aanbeveel ten einde persone vanuit die agtergeblewene gemeenskappe te akkomodeer:

(a) Vergadertye sal aangepas moet word aangesien die meeste leierfigure in voltydse beroepe staan.

(b) Vergaderplekke moet toeganklik wees ten einde bereikbaar te wees omdat vervoer nie in alle woongebiede beskikbaar is nie.

(c) Oorweging moet geskenk word dat vervoer gereël word waar nodig om bestuurslede betyds by vergaderings te kry.

(d) Bestuursopleiding is nodig en beskikbaar deur die streekverteenwoordigers. 'n Belangrike aspek wat aangeleer sal moet word is dat daar by vasgestelde vergadertye soos ooreengekom, gehou moet word.

(e) In die verlede het die ACVV-takke baie gesteun op die finansiële bydraes en insette van sy lede. Daar sal in die toekoms gelet moet word op die onkostes wat lede aangaan ten einde doelwitte te bereik. Lede wat nie kan bekostig om finansiële bydraes te maak nie, moet wel op bestuursvlak geakkomodeer kan word deur hulle te vergoed vir direkte onkostes aangegaan. Sodoende word persone in staat gestel om hul vaardighede en kundigheid tot beskikking van die ACVV te stel.

(f) Opleiding is deurgaans van belang ten einde die kultuur met mekaar te versoen en groter respek te kweek vir verskillende optredes en gebruike sodat gesamentlike besluite geneem kan word tot voordeel van die diensverbruiker.

(g) Interne en eksterne bemarking is nodig ten einde die ACVV en bestuurstruktuur bekend te stel en daardeur lede te werf, maar ook lede wat hulself bereid verklaar het om op bestuursvlak betrokke te raak om kontinuiteit te bevorder. Om sukses op hierdie gebied te behaal is dit nodig dat persone oor 'n tydperk opgelei word om bestuursposisies te beklee.

**Personeel:**

- Maatskaplike werkers se ingesteldheid ten opsigte van veranderde werkswyses van die beroep, sal aangespreek moet word. Dit moet reeds op keurings- en universiteitsvlak aandag geniet.
- Dit is nodig dat die personeelafdeling geheel op 'n besigheidsbasis bedryf word omdat die vakunies in baie groter mate betrokke sal wees en vereistes sal stel aan bestuursliggame. Dit sluit alle personeel in van die ACVV-tak asook diensvertakkinge.
- Dit is belangrik dat daar in groter mate met befondsers, waarvan die staat die grootste is, onderhandel moet word ten opsigte van subsidies sodat salarisse van personeel tred kan hou met dié van staatsdepartemente en die ope arbeidsmark. Dit sal verhoed dat 'n welsynstaat tot stand kom en standaard van personeel daal.
- Daar sal indringend met die staat as subsidieerder van maatskaplikewerkposte beding moet word om meer poste ten einde in die primêre- en maatskaplikeontwikkelingsbehoeftes van die agtergeblewe gemeenskappe te voorsien. Dit is egter belangrik dat 'n redelike standaard van dienslewering gehandhaaf word. Die huidige kriteria van een maatskaplike werker vir elke 5 000 van die bevolking moet hersien word omdat een persoon geen bevredigende diens aan soveel mense kan lewer veral as in aanmerking geneem word dat die grootste gedeelte van die bevolking uit die agterbelewe gemeenskap kom nie. Huidiglik word groter getalle bedien as wat die kriteria bepaal omdat daar 'n tekort van gesubsidieerde poste veral op die platteland bestaan.
- Die ACVV sal in dringende mate moet besin oor die toepassing van regstellende aksie in die aanstelling van personeel op hoofkantoor- sowel as op plaaslike vlak. Omdat die probleme huidiglik bestaan om genoegsame aktiewe vrywilligers te werf, sal dit nodig wees om meer personeel op sommige vlakke aan te stel ten einde in die behoeftes te voorsien. Die versorging van verswakte persone in tehuise verhoog die druk op verpleegpersoneel. In plaas van hoogopgeleide persone wat op 'n hoë finansiële skaal vergoed word, sal meer persone met laer kwalifikasies aangestel moet word. Dit sal

goedkoper wees hoewel 'n kerngroep van gekwalifiseerde persone in bestuursposte leiding sal moet gee ten einde steeds aanvaarbare standaarde te handhaaf.

- Doelgerigte interne indiensopleiding volgens voorgeskrewe standaard-riglyne word as 'n noodsaaklikheid beskou. Die ACVV-Hoofkantoor word as die aangewese liggaam beskou om dit te voorsien.
- Hulp sal voorsien moet word ten einde druk op die maatskaplike werkers te verlig. Vrywilligers is in 'n mindere mate betrokke by die direkte maatskaplikwerkdienste. ACVV-takke op die platteland sal met die finansiers van die diens moet onderhandel om meer hulpwerkers aan te stel. Weereens sal besondere klem gelê moet word op indiensopleiding na aanleiding van voorgeskrewe riglyne.

## SLOT:

Dit het die vroue wat die ACVV begin het, nie afgeskrik om voort te gaan met die doelwitte wat hulle gestel het na aanleiding van die heersende behoeftes ten spyte van herhaalde oorlogsomstandighede, armoede en finansiële depressie nie. Dit was juis hierdie negatiewe gebeurtenisse wat hulle positief geïnspireer het om op te tree en iets daaraan te doen. Die ondersoek dui daarop dat die ACVV voortdurend aanpassings gemaak het wat gelei het tot ontwikkeling en uitbreiding van dienste terwyl hoogstaande standaarde deurgaans nagestreef is.

Ten spyte van veranderinge wat plaasvind op politieke, maatskaplike, sosiale, ekonomiese en feitlik elke ander moontlike gebied, behoort dit dus vir die ACVV steeds moontlik te wees om hul program van innovasie en verbreding voort te sit.

Die deursettingsvermoë van die vrou was in die verlede bepalend vir die sukses wat die ACVV op die gebied van welsyn behaal het. Die vrou wat die taak in die huidige tydperk behartig, beskik steeds oor dieselfde koerasie en deursettingsvermoë, maar is moontlik toegerus met verhoogde vaardighede wat sy opgedoen het deur studie en opleiding. Die ervaringsveld van die vrou het vergroot wat haar in 'n beter posisie plaas vir die voortsetting van die welsynstaak wat die ACVV 96 jaar gelede onderneem het.

Dit is bewys dat die ACVV steeds 'n noodsaaklike rol het om te vul ten einde deel te hê aan die voortbestaan van 'n demokratiese welsynsbedeling. Individuele takke streef die gesamentlike doel na en word beskou as onmisbare deel van die totale sisteem.

## Bronnelys:


ACVV 1954 Ons Saamreis. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

ACVV Cradock 1981 A.C.V.V - Tak Cradock 80 Jaar. Cradock : White en Boughton

ACVV Cradock 1996 Profielstudie van vrywilligers. Ongepubliseerde interne navorsing

ACVV-Hoofbestuur 1939 Middellandse Handelskool, Cradock. Eendrag, dl. 12, no. 50, 78.

ACVV-Hoofbestuur 1943 Ons werkklasse. Eendrag A.C.V.V.-Kwartaalblad, dl. 15, no. 66, 21.

ACVV-Hoofbestuur 1946 Jaarverslag van gemeenskapverpleegsters. Eendrag A.C.V.V.-Kwartaalblad, dl. 18, no. 79, 94.

ACVV-Hoofbestuur 1946 Jaarverslag van Werkklasse onder Beheer van A.C.V.V.- Takke. Eendrag A.C.V.V.-Kwartaalblad, dl 19, no. 79, 92-95.

ACVV-Hoofbestuur 1947 Redaksionele aantekenings. Eendrag A.C.V.V.-Kwartaalblad, dl. 19, no. 82, 23.

ACVV-Hoofbestuur 1947 Jaarverslag van A.C.V.V.-werkklasse. Eendrag A.C.V.V- Kwartaalblad, dl. 19, no. 82, 63.

ACVV-Hoofbestuur 1951 Die Hoofbestuur gee verslag. Eendrag ACVV-kwartaalblad, dl. 23, no. 99, 48.

ACVV-Hoofbestuur 1952 Die Hoofbestuur gee verslag. Eendrag ACVV-Kwartaalblad, dl. 24, no. 103, 46.

ACVV-Hoofbestuur 1958 Die Hoofbestuur van die ACVV gee verslag. Eendrag ACVV-Kwartaalblad, dl. 34, no. 126, 1.

ACVV-Hoofbestuur 1994 ACVV 90 Jaar. Feesbrosjure.

Afrikaanse Christelike Vrouevereniging 1992 Konstitusie van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging. Parow: Nasionale Handesldrukkery.

Afrikaanse Christelike Vrouevereniging 1995 Veranderde beleid oor veroudering (bejaardesorg): ACVV-diensvertakkinge vir bejaardes. Omsendbrief, no. 33, Kaapstad, Julie.

Afrikaanse Christelike Vrouevereniging 1996 Vrywilligers. Spesiale omsendbrief, no. W, Kaapstad, April.

Afrikaanse Christelike Vrouevereniging 1996 Finansiële opleidingsessies. Omsendbrief, no. 17, Kaapstad, Junie.

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaanse Christelike Vrouevereniging Somerset-Oos | 1989 | ACVV Somerset-Oos. Ongepubliseerde bemarkingsbrosjure. |
| A N C | 1994 | Reconstruction and Development Programme. Johannesburg. Umanyana Publications. |
| Botha, D. Smit, S.J. | 1978 | Maatskaplike Groepwerk. Pretoria: J.L. Van Schaik Bpk. |
| Bouwer, A. | 1975 | Waar Vroue Voorvat. Gepubliseerde brosjure. |
| Bouwer, A. | 1979 | 75 Jaar se Saamreis. Gepubliseerde brosjure. |
| Bouwer, A. | 1984 | ACVV 80 - en "invloed van deze gebeurtenis" neem nie af. Vrouevolksdiens, jaargang 22, no. 5,1. |
| Brecher, F | 1949 | Maatskaplike Werk as beroep V. Die groepwerker. Eendrag ACVV-Kwartaalblad, dl. 21, no. 89,7. |
| Broomberg, L. Eales, J. Taback, T. | 1976 | A voluntary programme for a welfare organisation attached to a psychiatric hospital. Social Work, vol. 12, no. 3. |
| Brümmer, F. Versfeld, B.G. | 1937 | Verslag van die Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk. Pretoria: Staatsdrukker. |
| Conradie, B. | 1988 | Die Standard Bank van S.A. Bpk. Inligtingstuk, afdeling Openbare Groepbetrekkinge. |
| Cox, F. Ehrlich, F. Rothman, J. Tropman, P. | 1987 | Strategies of Community Organization. Third Edition. Itasca Ill: Peacock. |
| Departement Gesondheidsdienste en Welsyn, Administrasie Volksraad | 1991 | Die formulering, evaluering en finansiëring van maatskaplike welsyns-/ diensprogramme. Omsendbrief, no. 57, Pretoria, November |
| Department of Welfare | 1995 | Unpublished information document, White Paper for Social Welfare: Towards a new Social Welfare policy and strategy for South Africa, Ministry for Welfare and Population Development, August. |
| Dunham, A. | 1958 | Community Welfare Organization: Principles and Practice. New York: Thomas Y. Crowell Company. |
| Du Preez, M.S.E. Steyn, P.V. | 1978 | Die rol van die waarnemer in maatskaplike groepwerk. Volkswelsyn en Pensioene, vol. 13, no. 1, 35. |
| Du Preez, M.S.E. | 1981 | Maatskaplike Groepwerk. Johannesburg: Keartland Press (Edms) Bpk. |

| | | |
|---|---|---|
| Grobbelaar, S.W.P. | 1980 | Die Vrywilliger in Welsynswerk. Pretoria: Academica (Edms) Bpk. |
| Grosskopf, J.F.W. | 1932 | Die Armblanke -Vraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie-Kommissie. Deel I. Ekonomiese Verslag : Plattelandsverarming en Plaasverlating. Stellenbosch : Pro Ecclesia- Drukkery. |
| Hasenfeld, Y. | 1992 | Human Services as Complex Organizations. New Delhi: Sage Publications. |
| Hollis, F. | 1981 | Social Casework Psycho-Social Therapy. Second Edition. New York: Columbia University Press. |
| Hopkins, H.C. | 1968 | Die N.G. Kerk Cradock 1818 - 1968. Observatory: Pro Ecclesia Drukkery Beperk. |
| Ilsley, P.J.S.<br>Niemi, J.A. | 1981 | Recruiting and Training Volunteers. New York: Hill Book Company. |
| Kroon | 1990 | Algemene Bestuur. Pretoria: Haum Tersiêr. |
| Lambrechts, H.C.<br>Theron, E. | 1959 | Vrouvolksdiens. Kaapstad: HAUM. |
| Lauffer, A. | 1977 | Volunteers. London: Sage Publications. |
| Leedy, P.D. | 1993 | Practical Research. Fifth Edition. New York : Macmillan Publishing Company. |
| Lombard, A.<br>Weyers, M.L.<br>Schoeman, J.H. | 1991 | Gemeenskapswerk en Gemeenskapsontwikkeling. Pretoria: HAUM Tersiêr. |
| Malherbe, E.G. | 1932 | Die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika. Verslag van die Carnegie Kommissie. Deel III. Onderwysverslag. Stellenbosch : Pro Ecclesia -drukkery. |
| Mc Kendrick, B.W. | 1987 | Introduction to Social Work in South Africa. Pinetown: Owen Burgess Publishers. |
| Mitchell, W.A. | 1976 | Community Work with Reference to the Volunteer Worker. Social Work/Maatskaplike Werk, vol. 12, no. 3, 137 |
| Odendal, F.F.<br>Schonees, P.C.<br>Swanepoel, C.J.<br>Du Toit, S.J.<br>Booysen, C.M. | 1992 | Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Johannesburg: Perskor. |

| | | |
|---|---|---|
| Potgieter, M.C. | 1985 | The volunteer in direct services in a family welfare agency. Social Work/Maatskaplike Werk, vol. 21, no. 2, 94. |
| Rothman, M.E. | 1940 | Die geskiedenis van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (A.C.V.V.). Eendrag A.C.V.V.-Kwartaalblad, vol. 13, no. 54:38, 47-48. |
| Rust, J. | 1977 | Die inskakeling van die vrywilliger in die ACVV se werksaamhede. Ongepubliseerde handleiding. |
| Schoeman, K. | 1992 | Only an Anguish to live Here. Cape Town: Human and Rousseau. |
| Schoeman, R.M. | 1987 | Ongepubliseerde referaat, SANR vir Bejaardes Nasionale Konferensie, Pretoria. |
| Smith, D. | 1964 | Anderhalfeeufeesbrosjure. Cradock : White en Boughton (Pty) Ltd. |
| Theron, E.<br>Stulting, A.A. | 1961 | Maatskaplike Dienste in Suid-Afrika. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers. |
| Toseland, W.<br>Rivas, R.F. | 1984 | An Introduction to Group Work Practice. New York: Macmillan Publishing Company. |
| Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. | 1984 | Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Pretoria : Staatsdrukker. |
| Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. | 1995 | Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Parow : Cape Town Bookprinters. |
| Van Heerden, A. | 1976 | Leer om te waardeer. Vrouevolksdiens, jaargang 12, no. 4, 44. |
| Van Heerden, A. | 1976 | Feesbrosjure 75 ACVV Cradock. Cradock White en Boughton. |
| Van Heerden, A. | 1977 | Wolwekop huisves Middellandse kinders. Vroue Volksdiens, jaargang 3, 33. |
| Van Rensburg, S.W.J. | 1983 | From the Horse's Mouth. Pretoria: J.L. Van Schaik. |
| Van Rooyen, J.J. | 1980 | Gevallewerk - 'n Integrerende Benadering. Pretoria en Kaapstad: Academica. |
| Verster, J.R. | 1983 | Effektiewe selfbestuur vir verhoging van die doeltreffendheidsvlak van die maatskaplike werker. Social Work/Maatskaplike Werk, vol. 19, no. 3, 155. |

| | | |
|---|---|---|
| Winckler, A.T. | 1967 | Tendense in Suid-Afrikaanse Volkswelsynbeleid 1910 - 1966. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. |

KOERANTE:

| | | |
|---|---|---|
| | 1996 | Echo, De Aar. Uitgawe : 14 Junie 1996. |
| | 1903 | Daily Observer, De Aar. Uitgawe : 21 April 1903. |
| | 1900 | Midland News, Cradock. Uitgawe : 21 Junie 1900. |
| | 1981 | Nuwe Afrikaner, Cradock. Uitgawe : 25 Februarie 1981. |
| | 1975 | Oosterlig, Port Elizabeth. Uitgawe : 29 Oktober 1975. |
| | 1977 | Oosterlig, Port Elizabeth. Uitgawe : 30 September 1977. |

WETTE:

| | | |
|---|---|---|
| | 1994 | Wysigingswet op Korrektiewe Dienste. Wet 17 van 1994. |

BYLAE 1.

**BETROKKENHEID BY OF DIE AANSTELLING VAN MAATSKAPLIKE WERKERS DEUR DIE ACVV CRADOCK VANAF 1943-02-01 TOT EINDE MAART 1996**

| NAAM | AANVANGSDATUM | BEëINDIGINGSDATUM |
|---|---|---|
| Mej. M. Hattingh (Kerklike Werker) | 1943-02-01 | 1946-09-30 |
| Mej. H. Jurgens (Kerklike Werker) | 1948-05-01 | 1949-03-31 |
| (ACVV) | 1948-10-01 | 1949-03-31 |
| Mej. S.M. Sadie | 1949-06-01 | 1952-12-31 |
| Mej. N. Mulder | 1953-02-01 | 1954-04-30 |
| Mej. S. van Heerden | 1954-06-01 | 1958-09-30 |
| Mev. E. Loots | 1956-06-01 | 1958-05-20 |
| Mej. Nortier (Tydelik gereël deur ACVV-Hoofkantoor) | | |
| Mej. E. Geyer | 1959-01-12 | 1961-03-31 |
| Mej. Du Toit | 1960-02-01 | 1962-08-31 |
| Mev. A. Oberholzer | 1962-09-01 | 1964-08-31 |
| Mej. H. Human | 1965-02-01 | 1965-11-30 |
| Mev. G. Coetzee | 1966-03-03 | 1967-08-31 |
| Mev. A. van Heerden | 1967-08-15 | 1967-12-15 |
| Mej. M. Schneider | 1968-01-15 | 1969-03-28 |
| Mev. A. van Heerden | 1969-04-01 | 1973-01-31 |
| Mev. I. Oosthuizen | 1969-04-01 | Des. 1970 of Jan. 1971 |
| Mev. G. Coetzee | 1971-02-01 | 1971-12-31 |
| Mev. A. du Plessis | 1972-02-01 | 1984-04-31 |
| | (vanaf 1972-02-01 voltyds) | |
| Mev. G. Coetzee | 1974-04-01 | 1978-11-30 |
| (Elizabeht Jordaan Tehuis) | | |
| Mev. L. Ligthart | 1974-06-01 | 1975-06-20 |
| Mev. R. Carstens | 1975-07-01 | 1976-08-31 |
| Mev. E. Wiggett | 1976-09-01 | 1977-04-30 |
| Mev. I. Oosthuizen | 1976-08-01 | 1977-03-31 |
| (Bedford en Adelaide deeltyds) | | |
| Mev. R. Louw | 1977-06-01 | 1977-11-30 |
| (Bedford en Adelaide deeltyds) | | |
| Mev. E. Calitz (Deeltyds) | 1977-06-01 | 1977-11-30 |
| Mej. E. Esterhuizen | 1978-01-03 | 1980-01-31 |
| Mev. G. Coetzee (Deeltyds) | 1980-05-01 | 1981-12-31 |
| Mev. H. de Klerk | | |

| | | |
|---|---|---|
| (Bedford en Adelaide deeltyds) | | |
| Mej. S. Marais | 1980-05-01 | 1982-04-30 |
| Mev. G. Coetzee | 1981-05-01 | |
| (Bejaardesorg deeltyds) | | |
| Mev. S. Barnard | 1982-05-01 | 1983-02-28 |
| Mej. E. Nortjé | 1983-01-10 | 1984-10-31 |
| Mev. G. Coetzee (deeltyds) | 1983-04-17 | 1985-12-31 |
| Mev. Esterhuizen | 1985-06-01 | 1985-07-31 |
| (Bedford en Adelaide) | | |
| Mej. R. de Ridder | 1985-12-01 | 1990-04-30 |
| Mej. A. Terblanché | 1986-01-02 | 1995-08-31 |
| Mev. H. de Klerk (deeltyds) | | 1985-04-31 |
| Mej. M. Voster | 1990-05-14 | 1993-03-31 |
| Mej. S. Vermaak | 1993-06-01 | - |
| Mej. E. Pretorius | 1995-12-01 | 1996-10-31 |